Ds. Wouter ten Haaf

# DIE DOOD ONTBLOOT

Dagstukke
oor die
Christelike
Toekomsverwagting

Opbou
Publikasies
Posbus 178 Lydenburg 1120

1984

Ander boeke deur dieselfde skrywer:

Gewaarborgde oorwinning
Hulp by die bybelstudie van die boek Daniël
Sewentig maal sewe
Bybelstudie in dagstukke
Die Here is my Herder

Opgedra aan my kollega en broeder-in-Christus, Adam Willemse, wat my weer sterker laat besef het dat die kern van ons gemeenskaplike geloof baie wyer is as die kerklike mure wat ons as sondige mense gebou het en dikwels so angsvallig-kleinlik wil "bewaak".

© W. ten Haaf 1984

ISBN 0 620 07813 8

Omslagfoto: Chris Jansen

Gedruk deur Promedia Publikasies

Posbus 255, Silverton

# VOORWOORD

Ons leef in ŉ tyd waarin gedagtes aan en gesprekke oor die dood dikwels doelbewus vermy word. Wanneer daar wel oor gepraat en gedink word, is daar baie stryd oor allerlei botsende menings.

Besinning oor die dood behoort egter baie aktueel te wees. Dit is logies want dit is tog die enigste sekere feit in die lewe van elke mens wat leef vóór die Wederkoms van Jesus Christus.

In die behandeling van die boek Daniël wat onder die titel "Gewaarborgde Oorwinning" uitgegee is, is daar gepoog om te wys op die toekomsverwagting van die gelowige soos in die Skrif gestel. In die publikasie "Sewentig maal Sewe" is weer in die laaste deel daarvan probeer om die toekomsverwagting wat die lewe van die gelowige in die hemel betref, meer persoonlik te betrek.

Die doel van die versameling dagstukke wat in hierdie publikasie aangebied word, is om in die lig van die Skrif na die dood te kyk. Daaruit sal ons vind dat die Bybel ons die dood in ŉ positiewe lig laat sien, om die heerlike troos wat die Skrif ons gee te beklemtoon en om te wys op die léwende toekomsverwagting wat elke gelowige het.

Uit die titel moet nie afgelei word dat alle geheime nou eensklaps opgelos is nie. Die dood word ontbloot omdat sy verskrikkinge verdwyn in die lig wat die Skrif ons gee. Die duisternis word verjaag deur die Son van Geregtigheid, Jesus Christus.

Met groot ootmoed en beskeidenheid moet ons besin oor die geweldige geheime rondom sondeval en dood. Ons mag slegs in nederige eerbied praat oor die "geheime raadsbesluit van God" (Calvyn).

Omdat die Christelike toekomsverwagting so heerlik groot en groots is, word in hierdie boek slegs ŉ klein deeltjie daarvan behandel. In diepe besef van die brose bestaan en verganklikheid van die mens, stel die skrywer in vooruitsig om D.V. later die Skrif te laat spreek oor die Wederkoms van Christus, die Opstanding van die dooies, die Nuwe hemel en nuwe aarde én oor wat dit alles beteken vir die lewe van vandag.

Na ŉ aantal van die dagstukke is gevleuelde woorde uit die skat van die kerkgeskiedenis geplaas, die outeurs word agter in die boek vermeld.

My hartlike dank gaan aan mev. Hester Otto wat soos altyd getrou en netjies die tikwerk gedoen het, asook aan my skoonvader mnr. J.G. Erasmus vir taalkundige hulp.

'n Besondere woord van dank wil ek rig aan ds. A. Willemse. In sy ernstige beproewing en nadat hy weens kanker blind geword het, het hy geduldig geluister na die voorlees van hierdie dagstukke en my met sy opmerkings en gelowige dra van sy kruis, verryk.

Mag hierdie dagstukke u help om die kennis van die God en Vader van ons Here Jesus Christus te vermeerder. Mag u hierdeur getroos word en in die krag van die Heilige Gees u heerlik uitdagende roeping uitleef totdat u die wedloop voleindig en u stryd volstry het, sodat u

"eindelik hierdie lewe

> — wat onvermydelik op die dood uitloop — om God ontwil getroos verlaat en die laaste dag sonder vrees, voor die regterstoel van Christus, Sy Seun, verskyn"
>
> (Doopsformulier)

Mag u "dié dag met 'n groot verlange verwag, om ten volle te *geniet* die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here." (N.G.B. art. 37)

LYDENBURG Paasfees 1984.

*Die Christelike prediking verloor sy krag wanneer die dood op die een of ander manier verbloem word.*

**WAT IS *JOU* ENIGSTE TROOS IN LEWE EN IN STERWE?**

| | |
|---|---|
| Rom. 14:8<br>1 Kor. 6:19 | Dat ek met liggaam én siel, in lewe én in sterwe, nie aan myself nie, |
| 1 Kor. 3:23<br>Tit. 2:14 | maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, |
| 1 Pet. 1:18,19<br>1 Joh. 1:7, 2:2, 12 | wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal |
| Hebr. 2:14<br>1 Joh. 3:18<br>Joh. 8:34-36 | en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, |
| Joh. 6:39, 10:28<br>2 Tess. 3:3<br>1 Pet. 1:5 | en my só bewaar |
| Matt. 10:30<br>Luk. 21:18 | dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie |
| Rom. 8:28 | ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien; |
| 2 Kor. 1:22, 5:5<br>Ef. 1:14<br>Rom. 8:16 | daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe |
| Rom. 8:14 | en maak Hy my van harte gewillig en bereid |
| 1 Joh. 3:3 | om verder vir Hom te lewe. |

**Heidelbergse Kategismus Sondag 1**

## DIE DAG AS JY DAARVAN EET SAL JY SEKERLIK STERWE...

Gen. 2:17b

In die tweede hoofstuk van die eerste Bybelboek lees ons al oor die dood. In die lewe is daar niks so seker nie as die feit dat die dood vir elke mens wag nie, tenminste as die Here Jesus Christus nie voor my sterfdag in heerlikheid na die aarde terugkom nie. Wanneer die HERE God met die dood dreig bestaan daar nog nie iets soos die “dood” nie. Die dood is nie ŉ mag wat van die begin af was nie, dit is ŉ uitvinding van die duiwel wat in die Skrif dan ook die mensemoordenaar van die begin af genoem word. (Joh 8:44)

In absoluut elke opsig was die mens gelukkig. Sy liggaam én siel het die volle léwe geken. Hulle het in ŉ baie noue en vriendskaplike verhouding met hulle hemelse Vader gelewe. Hulle Skepper — God het selfs by hulle kom kuier en met hulle gepraat soos ŉ Vader met sy kinders. (Gen 3:8) Daar was geen gebrek aan die liggaam of siel van die mens nie. Alles wat God geskep het, was “baie goed” (Gen. 1:31) en die Skepper het plesier gehad in Sy werk.

Die HERE beproef nou die gehoorsaamheid van die mens. Die baie streng verbod het die vraag by die mens laat opkom of hy hom wou laat lei op die pad van kinderlike gehoorsaamheid en afhanklikheid. Wou hulle hulle kinderhande lê in die Vaderhand?

Die mens het nou twee keuses gehad. Eerstens: hulle kon gehoorsaam bly, om dan altyd te leef in die lewende gemeenskap met God. Deur van die verbode vrug af te bly en te volhard in die gehoorsame en lewende gemeenskap sou die mens groei in sy verhouding tot God.

Wanneer die mens van die boom van die lewe eet sou hulle gebring word na hulle eindbestemming wat die volgroeide lewe is. Wanneer die mens dus op die pad van gehoorsaamheid bly voortgaan het, sou die mens na die

deur-God-bepaalde groeityd gekom het in die rus van die ewige lewe. Die mense sou dus na die hemel verhuis het sonder om te sterf en sonder enige iets wat ons ken as hartseer, swaarkry en lyding.

In sy baie streng verbod eis God volkome gehoorsaamheid. Natuurlik weet die mense nog nie wat die “dood” beteken nie. Maar daar was niks om te weet of te verstaan nie. Al wat geweet en verstaan moes word was dat hulle gehoorsaam moes wees.

Deur hulle ervaring en veral deur dit wat God aan hulle geopenbaar het; in dit wat Hy aan hulle gesê en laat sien, en beleef het, het die mense geweet wat waaragtige lewe was. Hulle het dus geweet dat die dood die absolute teenstelling daarvan was.

Die tweede keuse wat die mens gehad het, was om ongehoorsaam te wees aan God se uitdruklike bevel. Dan sou die mens in die dood beland, wat die verbreking van die gemeenskap met God is.

*Die meeste mense dink dat dit die moeilikste in die lewe is om te sterf.*
*Dit is nie so moeilik nie, dit kom in elk geval.*
*Die moeilikste is om elke dag die oue mens, die ou Adam élke dag te kruisig en te laat sterf.*
*Daar is niks wat moeiliker is nie maar,*
*in die krag van die Gees,*
*ook niks mooiers nie.*
*Ek het lank genoeg geleef wanneer ek geleer het om goed te leef*
*en bereid is om in my Verlosser te ontslaap.*

## STOF IS JY EN TOT STOF SAL JY TERUGKEER ...

Gen. 3:19b

In die derde hoofstuk van God se Woord lees ons van die groot raaisel van die sondeval. Ons sondeval in Adam, met al die afgryslike gevolge kan ons nie waterdig met ons verstand uitredeneer nie. Vol eerbied en ootmoed kan ons slegs stamel oor die grootheid van die goddelike geheim, oor die geheime raadsbesluit van God.

Die diepte van hierdie goddelike geheim is kinderlik gelowig deur die groot digter en Skrifgeleerde Totius uitgedruk in sy gedig “Die Godsbesluit” waarvan die laaste deel soos volg lui:

Bo al u donker bome, o Heer,
groei my ŉ enk'le reusboom uit
dit is die wag-'n-bietjie-bos
van u besluit.
Van ver so skoon, so groen, so blink ...
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat ŉ sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.

Adam en Eva het gesondig. Wat kan ons daarvan sê? Hoe was dit moontlik? Die deur God so goed geskape mens was niks meer as MENS nie. Adam was geen God nie. Die mens was nie ŉ gebrekkige skepsel nie, maar omdat Adam as mens geen goddelike krag vir volharding besit het nie het hy in sonde geval. Verder pas dit ons nie om te redeneer nie.

Na die sondeval het Adam nog 800 jaar “geleef”. Is dit dan nie in stryd met God se dreigement dat die mens sekerlik sal sterf op die dag as hy van die verbode vrug eet nie?

Ons ken die “dood” in drie verskillende vorms. Die bekendste en duidelikste is die liggaamlike dood, daardie dood wat deur die mediese dokter bevestig word. Die ander dood wat ons in die algemeen nie met die blote oog kan sien nie is die geestelike dood. Eintlik kan ons die woord “geestelik” ook met ŉ hoofletter skryf. Die Heilige Gees het geen plek in die lewe van die Geestelik dooie mense nie. Die Geestelike dooie gaan oor na die “Ewige dood”. Dit is dan die derde vorm van die dood.

Die aankondiging van die straf in Gen. 2:17b wys dus op die geestelike of Geestelike dood. Hierdie dood het onmiddellik oor Adam en Eva gekom. Die vervloekte menselewe is niks anders nie as die onmiddellike begin van die dood.

Deur die sondeval het Adam van die HERE as Bron van die Lewe afgeval. Hy het sy geluk verloor en só ondervind dat die ongelukkige lewe sonder God in niks van die dood verskil nie. Die lewe na die sondeval is eintlik geen lewe meer nie en word “dood” genoem. Die Skrif noem “dooies” almal wat bestaan maar dan deur die slawerny van sonde en die Satan onderdruk word en so slegs vir hulle verderf leef. Adam was dus onmiddellik aan die dood oorgegee. Die dood het sy wrede heerskappy in hom begin totdat God se genade ŉ geneesmiddel gebring het.

*Die hemelse Geneesheer genees deur sy Woord.*
*Wat die boom van die lewe midde in die paradys was is Christus nou midde in Sy gemeente.*
*Hy is Geneesheer én Geneesmiddel,*
*Hy is Leidsman én Weg,*
*Hy is Prediker en Waarheid,*
*Hy is Priester én Offer,*
*Hy is alles!*

## IS DIE STERWE VIR DIE GELOWIGE ʼn STRAF? (I)

In die algemeen voel die gelowiges dat die liggaamlike sterwe die straf op die sonde is. Tog is dit nie waar nie. Deur die eeue het die vraag opgekom "As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dan dat ons ook moet sterwe?" Op hierdie vraag is al in die jaar 1563 deur die opstellers van die Heidelbergse Kategismus geantwoord: "Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen ʼn afsterwing van die sondes en ʼn deurgang tot die ewige lewe." Maar al is die tydelike liggaamlike dood vir die gelowiges nie ʼn straf nie, wat dan van die ongelowiges?

Ons moet allereers goed let op die kenmerkende van die dood. Die dood is: om van God as Lewende los te wees. Dus sonder geloof in Hom, sonder gehoorsaamheid aan Hom, sonder liefde vir Hom, sonder hoop op Hom. Paulus skryf: "Julle was dood — dus los van God en téén God — as gevolg van julle oortredinge en sondes". Die ongelowige wat in die oë van sy huisdokter springlewend en blakend gesond is, is in God se oë nie alleen dodelik siek nie maar selfs morsdood.

Ef. 2.12

Ef. 2:1

Die gevolg en vrug van Adam en Eva se sonde was die doodstraf wat onmiddellik voltrek is in die loswees van God. Sonde is allereers om jou van God los te maak, die rug op God te draai.

Weens die goedheid van God het Hy Adam en Eva nie onmiddellik in die hel gegooi nie. Hy wou verder gaan met Sy Goddelike plan vir ʼn wêreld vol skepsele. Die duiwel kon God se planne nie sommerso verongeluk nie. God se goedheid reik ook na die gevalle wêreld. Ons sien by die sondeval dus iets van God se goedheid.

Ps. 145:9
Hand. 14:17

Vóór die sondeval het die HERE slegs die straf aangekondig. Hy het nie gesê hoe die dood die menselewe sou verswelg nie. God het eers na die

sondeval die uitvoering van die straf gereël. Die voltrekking van die doodsvonnis oor die mens kom in drie fases: Eers die geestelike dood, daarna die tydelike liggaamlike dood, en laastens die ewige dood. As straf op die sonde bring die dood die sondige mens in die ewige pyn van die hel waar die mens vir ewig los van God is. So werk die dood in ons sondige lewe selfs deur tot in die definitiewe doodstoestand in die hel.

Na die sondeval wys God die mens op watter manier die dood werk en aanhou werk. God stel dan die tydelike dood in, as skeiding van liggaam en siel by die tydelike liggaamlike dood. Ons hoor dat ons in die sweet van ons aangesig ons brood sal eet. Dit is ’n gevolg van die sonde. Ook dat ons so sal leef totdat ons terugkeer na die aarde waaruit ons geneem is, want: “stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer”, wat dus op die begrafnis van ons liggaam wys en die instelling van die tydelike sterwe opvolg.

Adam en Eva moes op daardie onheilsdag in die paradys hoor dat die dood in hulle lewe langs die pad van die skeiding tussen liggaam en siel sou deurwerk tot die ewige skeiding tussen God en hulle. God spreek nog nie van die ewige dood in die hel nie maar wel oor die poort daarnatoe.

Dit is alles reeds ontsettend genoeg.

*Dit pas die vrome om uit te styg tot die hoë vlak waar Christus sy volgelinge roep as Hy sê dat elkeen sy eie kruis moet opneem. (Matt. 16:24) Want almal wat die Here uitverkies en ingesluit het in die gemeenskap van sy heiliges, moet hulle voorberei vir ’n lewe wat hard, moeitevol en vol ontelbare droefhede is.*

*Dit is die wil van die hemelse Vader om sy kinders op dié manier op die proef te stel.*

*Hy het met Christus, sy eersgebore Seun, begin en Hy doen dieselfde met al sy kinders.*

## IS DIE STERWE VIR DIE GELOWIGE ’n STRAF? (II)

Ons wat die volledige Woord van God het, kan baie verder kyk as Adam en Eva. Vir sover ons uit die Woord weet was die laaste woorde wat die HERE God vir ons eerste voorouers gesê het: “Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer”. Ontsettend!

In die lig van die hele Woord sien ons dat die dreigement van God werklikheid geword het. Adam en Eva het op die oomblik van die sondeval “sekerlik gesterf”. Hulle het bly bestaan maar was los van God. Dit is die dodelike skeiding tussen God en die mens. Die geestelike en Geestelike dood. Maar hierdie dood wil onstuitbaar verder werk. Dit wil definitief word, ewig word. Boonop wil dit so fel en skerp moontlik word in ondenkbare pyn en wroegende selfverwyt.

Langs die pad van die tydelike liggaamlike dood maak God die poort vir die ewige dood oop. Die smartvolle pad gaan deur die Geestelike dood na die tydelike liggaamlike dood om dood te loop in die ewige dood. Die pad van skeiding van God wat in die paradys begin het en doodloop in die ewige skeiding van Hom; die pad wat lei
Spr. 15:24 na die doderyk of hel daaronder, soos die Spreuke-digter dit noem.

In die lig van die volledige Woord van God weet ons dat die liggaamlike dood van die mens slegs tydelik is. Slegs vir ’n rukkie word die liggaam en die siel geskei. Op die laaste dag van ons wêreldbedeling sal alle mense wat gesterf het weer opstaan: Gelowiges én ongelowiges. Alle ongelowiges kry hulle liggame ook weer terug. Dan word die definitiewe doodsvonnis oor hulle liggame én siele voltrek. Dan belééf hulle die volle liggaamlike dood in die hel. Hulle sal vir altyd liggaamlik bly bestaan om te ervaar hoe afgryslik vreeslik dit is om ook met die liggaam los van God te moet wees.

Daarom mag ons op grond van God se Woord glo dat die tydelike liggaamlike dood, dus die sterwe, geen straf op die sonde is nie. Dit is "slégs" die middel om die goddelose mens van die begin van die loswees van God te bring na die definitiewe loswees van God in die hel.

Die liggaamlike sterwe is sekerlik 'n baie pynlike middel. Dit is verskriklik dat die mens met die sterwe uitmekaar geskeur word. Voordat die liggaamlike dood intree kan dit 'n ontsettende lyde wees. Maar dit mag ons tog troos om te weet dat dit nie 'n onderdeel van die straf op die sonde is nie. Alleen die Geestelike en ewige dood is die volledige straf op die sonde.

*Christus was dié Seun, die geliefde bo alle ander in wie die Vader Hom verheug het. Tog sien ons dat Hy nie sagkens verwen en met teerheid behandel is nie. Met reg kan gesê word dat Hy nie net voortdurend deur 'n kruis geteister was nie, maar dat sy hele lewe op aarde niks anders was nie as 'n voortdurende kruisdra.*

*Waarom sou ons onsself dan wil losmaak van so 'n lewe onder die kruis? Christus ons Hoof, moes dit immers aanvaar. Hy moes dit ter wille van óns aanvaar. Daarmee wou Hy persoonlik 'n voorbeeld van oorgawe en geduld aan ons stel.*

*Die apostel leer ons dat dit vir alle kinders van God as ideaalgestel is: om soos Christus te word (Rom. 8:29)*

*Dit gee ons ware troos, wanneer ons baie ellende, teenspoed en rampe moet verduur dan het ons deel aan Christus se lyde.*

*Hy het uit die doolhof van alle rampe, die hemelse heerlikheid ingegaan.*

*Net so word ons deur verskillende beproewinge heen, dieselfde heerlikheid ingelei.*

*Hoe meer ons deur teenspoed beproef word, hoe hegter word ons gemeenskap met Christus (vgl. Fil. 3:10)*

*Watter krag gee dit tog om alle swaarkry onder die kruis draagliker te maak!*

*Deur ons gemeenskap met Christus word die lyding nie net vir ons 'n seën nie, maar dit help ook baie om ons saligheid te bevorder.*

## IS DIE STERWE VIR DIE GELOWIGE ʼn STRAF? (III)

Die tydelike liggaamlike dood van die mens is ʼn middel om óf in die ewige lewe óf die ewige dood te kom. Maar dit geld ook die opstanding van die vlees.

Alle mense kry hulle liggame weer op die dag van die wederkoms van Jesus Christus. Die gelowige moet ʼn liggaam hê om daarmee en daarin die Drie-enige God te dien en te loof. Ons moet ʼn mond en ʼn tong hê om lofliedere te sing tot eer van die Heilige God. Ons moet hande hê om tot volkome eer van Hom te kan werk.

Die goddeloses moet tande hê om op te kners, oë waaruit trane van pyn en selfverwyt kan vloei, monde en tonge om te skreeu van ellende en pyn.

Daarom is die opwekking en opstanding van die dode geen vrug van die genade van Christus nie. Dit is alleen ʼn middel om alle mense as wérklike ménse met liggaam en siel voor die regterstoel van Christus te laat staan.

By die wederkoms van Christus sal almal wat dan nog leef in ʼn oogwink verander word. Ook dit is nie ʼn genadegeskenk van Christus nie. Om op te staan is geen seën nie, slegs om *salig* op te staan. Netso is verandering geen seën nie, maar slegs om *in heerlikheid* verander te word.

Gelowiges én ongelowiges wat leef op die dag van Christus se wederkoms word as ménse met liggaam en siel voor die regterstoel geplaas sonder om die tydelike liggaamlike dood te ondergaan. Hieruit is dit duidelik dat die tydelike liggaamlike dood nie ʼn onderdeel van die straf op die sonde is nie. Anders sou die goddeloses op die dag van die wederkoms ʼn deel van die straf vryspring. Die goddeloses én die afgryslike Dier én die valse profeet
Openb. 19:20 sal sonder om te sterf dus léwend in die "vuurpoel gegooi word wat met swael brand". Dit is die hel.

God het ons dit alles in sy Woord geopenbaar sodat ons baie banger moet wees vir die geestelike en ewige dood as vir die liggaamlike sterwe.

Ons moet die liggaamlike sterwe nie net sien as iets verskrikliks nie; as die onherroeplike afskeid neem van al die goeie en mooie op die aarde nie. Dit is slegs die negatiewe kant van die liggaamlike sterwe. Daarteenoor is daar ŉ baie groter positiewe kant. Daarop wil ons hierna ons aandag veral toespits. Die sterwe het vir ons verander na die deurgang, die deur na die ewige lewe en *nie* na die ewige dood nie.

*Ons Here Jesus moes sy kruis opneem en dra slegs om daardeur aan die Vader sy gehoorsaamheid te betoon. Maar vir ons is dit vir baie redes nodig om voortdurend onder ŉ kruis te leef.*

*Ons is juis van nature te veel geneig om alle voortreflikhede aan onsself toe te skryf. As ons swakhede nie voor ons oopgevlek word nie, kry ons maklik ŉ oordrewe opinie van ons eie krag en dink ons te veel van onsself. Ons neem dit as vanselfsprekend aan dat ons, wat ook al mag gebeur, onoorwinlik sal bly ondanks alle moeilikhede.*

*So kom ons tot ŉ dwase en sinlose vertroue op onsself. God kan hierdie verwaandheid op geen beter manier onderdruk nie as om ons deur die ervaring ons dwaasheid én geweldige broosheid te bewys. Daarom beproef Hy ons met vernedering of armoede, sterfgevalle, siekte of ander rampe.*

*Ons kan hierdie onheile glad nie dra nie en stort spoedig daaronder ineen.*

*Waar ons dan só verneder en verootmoedig word, leer ons te vertrou op Sy krag wat ons staande hou te midde van soveel beproewinge.*

## DIE EVANGELIE IN BEELDE

Die gelykenis van die Here Jesus oor die ryk man en Lasarus is baie bekend en tog so onbekend. Dit is ŉ gelykenis wat blykbaar moeiliker verstaanbaar is as die meeste ander gelykenisse wat ons Saligmaker vertel het.

Wat is ŉ gelykenis? Ons kan dit vergelyk met ŉ geskenk wat in ŉ geskenkpapier toegedraai is. Die papier was as verpakkingsomslag dien is mooi, maar al wat werklik belangrik is, is die geskenk self. Om die inhoud te kan sien, moet die verpakkingsomslag afgehaal word.

Die verhaal van die gelykenis self moet ook losgemaak en afgehaal word om die inhoud, die boodskap van die gelykenis te kan verstaan. Soos met alle beelde wat ons as mense gebruik is ook hierdie beeld van verpakking en inhoud nie volkome reg nie. Om die Woord van God reg te verstaan moet ons elke teks, woord vir woord behandel. By hierdie gelykenis moet daar ook aan die verpakkingsmateriaal aandag gegee word, want dit is onlosmaaklik deel van die gelykenis. Wat dit betref sou ons moontlik eerder aan ŉ lemoen kon dink. Die skil is die verpakkingsomslag maar is onlosmaaklik deel van die hele lemoen al is die eetbare deel van die lemoen die belangrikste.

'n Gelykenis is die Evangelie in beeld. Dit is dus nie ŉ tekening of illustrasie by die Woord nie maar *is* die Woord Self. ŉ Gelykenis is ook nie ŉ sprokie wat deur een of ander woordkunstenaar uitgedink is nie. Elke gelykenis van die Here Jesus hou verband met die werklikheid én *is* die waarheid. Ons wat *glo* dat Jesus Christus die Seun van God is, gló ook dat Hy slegs die waarheid vertel.

In hierdie betekenis van die gelykenisse van ons Here Jesus moet ons die gelykenis van Lasarus en die ryk man sien. Dan val dit ons onmiddellik op dat in óns tyd van sogenaamde medemenslikheid en leë geskree oor

sogenaamde menseregte, die boodskap van hierdie gelykenis ontsettend beperk en vereng word. Oor die algemeen word alle aandag toegespits op die sonde van die rykman teenoor die arme Lasarus wat deur die ryke in sy skreiende ellende gelos is. Die ander en ewe belangrike boodskap van die gelykenis handel oor die lewe ná hierdie dood en die gesag van die Woord van God.

Slegs deur al die verskillende aspekte of boodskappe van die gelykenis na waarde te skat, kan die Woord van God wat ons in hierdie Skrifgedeelte gegee word, reg verstaan word.

Laat ons God gedurig bid dat Hy ons deur Sy Heilige Gees die wysheid gee om alles wat Hy ons in Sy Woord skenk te verstaan én toe te pas. Laat ons bid dat ons nie alleen dit aanvaar wat volgens die "algemene" mening vandag aanvaarbaar is nie, maar ook dit wat die ewige Woord ons as waarheid en werklikheid meedeel, hoewel dit sogenaamd nie meer in die moderne tyd sou pas nie. Mag God ons die gelowige gehoorsaamheid gee om voor Sy volledige geopenbaarde Woord te buig en dit in die daaglikse praktyk toe te pas.

*Selfs Dawid moes in Ps. 30:7 erken dat toe dit met hom voorspoedig gegaan het, sy sinne en insigte deur sorgeloosheid afgestomp is. Hy het die genade van God, waarop hy moes vertrou het, eenkant toe geskuif. So het hy op homself vertrou en hom verbeel dat hy nie kan val nie.*

*As dit met só 'n groot profeet gebeur het, wie van ons behoort dan nie versigtig te wees nie?*

## KLERE MAAK NIE DIE MAN NIE

"Daar was 'n ryk man wat duur en deftige klere gedra en elke dag feestelik en weelderig geleef het."

Luk 16:9

In hierdie eerste vers van die gelykenis word die ryk man vir ons geteken. 'n Tekening, wat deur al die eeue heen in sy wese maar dieselfde bly. Al wat weens die vordering op tegniese gebied en die wisselende modes verander, is die materiaal waarvan die klere en onderklere destyds en vandag gemaak is.

Die ryk man se klere was van purper gemaak. Dit was die duurste beskikbare materiaal, dieprooi gekleur met kleurstof wat gemaak is uit die seldsame purper-slak wat gevind is aan die Palestyns-Siriese kus. In die tabernakel en die tempel is purperkleurige materiaal gebruik en ook die klere van die priesters en die hoë-priesters was daarvan gemaak. Om purper klere te dra was 'n teken van koninklike waardigheid of van baie groot rykdom. Die Romeinse soldate het die lydende Jesus in die paleis van Pilatus 'n rooi soldatemantel omgegooi om Hom te bespot. Die soldatemantel moes die koninklike purper voorstel want hierdie Jesus het Hom mos verbeel dat Hy die Koning van die Jode was ...

Die ryk man het purper gedra as boklere. Selfs sy onderklere het uit die allerduurste materiaal bestaan. Fyn Egiptiese linne is deur die mense in daardie tyd beskryf as "geweefde lug". Moontlik kom vandag se onderklere en hemde van egte sy die naaste daarby. In elk geval was die kombinasie van purper en fyn linne die toppunt van luuksheid.

Goed, die ryk man kon dit bekostig, waarom sou hy dit dan nie dra as dit hom nou lekker gemaklik laat voel het nie? Die Woord van God verbied ons nêrens dat ryk mense nie mooi mag aantrek nie.

Die Here Jesus sê verder dat die ryk man elke dag

feestelik en weelderig geleef het. Daar word niks meer van hom gesê nie. Aan die een kant ŉ baie goeie teken. Hy het hom dus nie aan allerlei uitspattighede oorgegee nie, iets waar veral die rykes berug voor is. Hy het ook geen growwe openbare sondes gepleeg waardeur hy voor God en mense eerloos sou raak nie. Die man was nou eenmaal ryk en kon dit bekostig om lekker te leef.

Aan die ander kant is die kort tekening wat Jesus van die ryk man gee, één groot tekening van sy armoede, juis omdat hy ELKE DAG feesgevier het. Ook hy moes ses dae werk en op die Dag van die HERE rus. Die rykes moet mos ook hulle roeping uitleef en vervul, hulle taak volbring. Dit is nogal heel iets anders as om net elke dag fees te vier. Weens sy armoede aan lewenswysheid het hy nie geweet wat om met sy geld te doen nie en dit toe maar opgeëet en uitgedrink.

Sy maag was vol, sy hoof en hart dolleeg. Ons hoef vandag nie skatryk te wees om dieselfde dodelike siekte as daardie rykman te hê nie. Werklike armoede is vandag maar seldsaam. In ons land is daar immers amper geen mense wat weens honger sterf nie — die kerke of die owerheid kan help of versorg. Ons mae is vol maar wat van ons harte?

Omdat ons geen werklike gebrek ken nie is ons ryk, maar word daar onder baie van ons mense nie juis ŉ geweldige geestelike armoede gevind nie?

*'n Bedoeling van die Here met die beproewing van Sy kinders is dat Hy hulle geduld wil toets en hulle gehoorsaamheid wil leer.*

*Natuurlik kan hulle geen ander gehoorsaamheid teenoor Hom toon as wat Hy hulle gegee het nie. Maar dit behaag Hom om so die genadegawes wat Hy aan die heiliges gegee het, daadwerklik bekend te stel en te verduidelik.*

*So bly dié gawes nie weggesteek en passief in hulle binneste nie. (vgl. 1 Petr. 1:7)*

## 'N GOEIE NAAM IS MEER WERD AS GROOT RYKDOM

En daar was ŉ arm man met die naam Lasarus wat by die deur van die ryk man gelê het in die hoop dat hy van die oorskiet van die ryk man se tafel te ete sou kry. Hy was oortrek van die swere en selfs die honde het daaraan kom lek.

Op die stoep van die ryk man se paleis het ŉ bedelaar gelê. Hy kon blykbaar weens swakheid en siekte nie meer loop nie en is deur mense, wat nog ŉ hart gehad het, daar neergelê. ŉ Goeie en logiese keuse, want by ŉ paleisagtige huis waar elke dag feesgevier is was daar tog ŉ oorvloed van oorskietkos.

Ag, die vuil, verflenterde bedelaar het nie eers gehoop om van die ryke se oorskietkos te kry nie. Hy sou tevrede wees as hy maar net die krummels kon kry wat onder die ryk man se tafel gegooi is. In daardie tyd was daar nog nie iets soos servette nie. Die feesgangers het eenvoudig hulle vetterige vingers aan stukke brood afgevee en daardie brood dan op die grond gegooi. Op hierdie besmeerde stukke brood het die bedelaar gehoop.

Opvallend is dat die Here Jesus vir die bedelaar ŉ naam gee. Dit is die enigste keer wat ons Saligmaker in ŉ gelykenis iemand ŉ naam gee. En watter mooi naam gee Hy hierdie man: Lasarus, dit beteken “God het gehelp”! Met hierdie naam teken Jesus die hele lewenshouding van hierdie arm man. Dit wys op die ellende van die man en op die hoop dat die HERE sal ingryp om te help.

Lasarus is die voorbeeld van die armes wat verdruk word en wat sug onder die mag van die onreg deur diegene wat alleen rekening hou met hulle eie selfsug, oordeel en invloed. Hy is ŉ tipiese voorbeeld van hulle wat nie kwaad met kwaad vergeld of onreg met onreg beantwoord nie. Ondanks al die ellende waar die rykes en

magtiges hulle aan onderwerp, bly daardie armes aan God vashou en verwag hulle alles van Hom. Daarom vorm hulle die ware volk van God, te midde van die goddeloosheid en liefde vir die wêreld van dié mense wat hulleself as die elite en uitverkore kinders van God beskou.

In hierdie gelykenis is die ryk man ŉ beeld van die verdrukkers van die sagmoedige arme volk van God. Lasarus is baie persoonlik ŉ beeld van die armes en veragtes wat alles van God verwag. Deur die ellende van Lasarus word ons vandag gewaarsku om die armoede van die "armes van gees" nie maar net geestelik te verstaan nie. Hulle ontsettende ellende is werklik en goed waar te neem. Ons mag ons oë nie daarvoor toeknyp nie, ons neus daarvoor nie toedruk of optrek nie.

Die bedelaar-broeder was vir die ryke ook ŉ gevaarlike man. Die ryk man het dit nie ingesien nie. Hy het Lasarus nooit werklik gesien nie. As hy by hom verbygekom het, het hy sy kop weggedraai, want so ŉ ellende wou hy nie sien nie. Vir hom was dit ŉ "naamlose" bedelaar al herinner hy hom later in die "hel" sy naam tog nog goed.

Onder sy tydgenote het die ryk man ŉ groot naam gehad, ŉ naam waaroor met eerbied en ontsag gepraat is. Maar die Here neem sy beroemde naam tydens sy lewe
Jes. 41:12 al weg omdat hy met sy naam en al sal vergaan.

Tydens die lewe hier op aarde word reeds bepaal wat op die "Dag van Regspraak" sal gebeur. Staan my naam in die boek van die lewe, of nie?

*As u hier op aarde by u naaste verbygaan,*
*dan sal hy later so in u pad lê*
*dat u by die hemelpoort verby sal moet gaan.*

## HOE SIT ONS IN DIE KERK?

En daar was ŉ arm man met die naam Lasarus wat by die deur van die ryk man gelê het in die hoop dat hy van die oorskiet van die ryk man se tafel te ete sou kry. Hy was oortrek van die swere en selfs die honde het daaraan kom lek.

Luk 16:21

Tussen die ryk man en Lasarus was ŉ ontsettende teëstelling. Dit is baie erg, maar kan altyd reggemaak word solank dit slegs ŉ uiterlike verskil bly. Dit was egter baie erger, want die oppervlakkige teëstelling het verdiep tot ŉ onoorbrugbare kloof.

Dit was die sonde van die naamlose ryk man dat hy die verskil tussen hom en Lasarus verander het in ŉ kloof en daardie kloof onoorbrugbaar gemaak het.

Lasarus het geen klere gehad nie. Die paar voddes wat hy gedra het, was net om te voorkom dat hy heeltemal naak was. Dit was veels te min om die swere waarvan hy oortrek was te bedek. Soos hy daar op die voorstoep van die ryk mede-broeder gelê het, het die straathonde gekom om die etter van die swere af te lek. Self was hy te swak om daardie onrein honde weg te ja en het self so ook onrein geword. Watter marteling vir die gelowige Lasarus. Die onrein honde lek sy bloed en wou hom lewend al opeet. Tog gee die duur- en deftig-geklede ryk man hom nie eers ŉ ou kleed nie, selfs geen kos nie ...

Hierdie ryk man was brandarm aan *barmhartigheid.* Hy was so dwaas om te dink dat dit wat jy in jou hand kan hê jou ryk maak. Maar, dis juis alléén dit wat in die HART is wat werklik ryk maak. Hier is die arm rykman teenoor die ryk armman met sy kosbare naam: Lasarus — God help.

Sosiaal en maatskaplik maar óók godsdienstig of geestelik was daar ŉ onoorbrugbare kloof. Daardie kloof was op die terrein van die Kerk! Die arm ryke en die ryk

arme was altwee lidmate van die Israelitiese Kerk. Elke Sabbat het die arm rykman na die sinagoge gegaan. Daar het hy gehoor dat uit Moses en die profete gelees is en uit die Bybel van daardie tyd verklaring en toepassing gegee is. Hy het daar gehoor dat die HERE gesê het dat daar geen arme in Israel moet wees nie; as daar wel is, moet
Deut. 15 "jy jou hand wyd oopmaak".

Die rykman het in die kerk gesit sonder om te luister en sonder om een letter van God se Woord en Wet in die gewone lewe toe te pas. Hy het niks daarvan verstaan dat hy die arm broeder Lasarus nodig gehad het nie. Nie omgekeerd nie! Die rykman wat as kerklidmaat, as verbondskind so baie geld en goed gekry het, het juis die armes nodig gehad. Hy moes sy besittings vir arm broeders en susters gebruik! Op daardie manier kon hy die kerk bewaar en bou, en God so verheerlik!

Deur net aan homself te dink het die ryk man van sy arm broeders en susters gestéél. Erger nog, hy het elke dag van God gesteel! Weens hierdie openbare en growwe sonde teen die agste gebod is hy nie deur die kerk onder tug geplaas nie. Waarskynlik het hy selfs ŉ vooraanstaande plek in die kerk gehad. Vandag gebeur dit ook nog. Mense steel elke dag van God. Kerkmense wat geld en goed net vir eie gewin en plesier gebruik en weier om die HERE Sy deel vir die kerk en die koninkryk te gee. Boonop dink hulle dan dikwels nog dat hulle geregtig is op ŉ goeie plek in die kerk. Hulle is mos nie ŉ arme verflenterde, vuil Lasarus nie?

Maar die lewende God handhaaf die reg van die armes en verdruktes teenoor Lasarus én goddelose rykes.

*Hy wat Christus se broeder en mede-erfgenaam wil wees, moet ook ŉ martelaar en mede-lyer wees.*

# WAARNA KYK GOD?

Toe die arm man te sterwe kom, is hy deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham. Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe.

Luk 16:22

Die bedelaar het eerste gesterf. Dit is ook geen wonder nie. Die arm man kon dit in daardie “onmenslike” omstandighede nie lank uithou nie. Ons sou sê dat dit ŉ genade van die Here was dat hy uit sy lyde verlos is.

Op aarde was daar vir Lasarus geen plek in die gemeenskap van die heiliges van daardie dae nie. Die farisese Jodedom het die armes aan hulle lot oorgelaat. Vir Lasarus was daar slegs “goedgunstiglik” ŉ plekkie buitekant die poort toegelaat, uitgesny en uitgestoot uit die gemeenskap. Dieselfde Jesus wat hierdie gelykenis vertel is kort daarna ook buitekant die poort gebring om Sy bloed te stort vir elkeen van Sy kinders. Hebr. 13:12

Toe die lyk van Lasarus gevind is, is dit gou-gou deur die bediendes van die rykman verwyder. ŉ Lyk is op sigself al onrein vir ŉ Jood. Die lyk van hierdie vieslike bedelaar wat deur die straathonde gedurig gelek is, was seker dubbeld onrein. Met lang houtgrawe is die onrein lyk seker opgetel en sonder meer êrens buitekant die stad weggegooi. Van ŉ begrafnis hoor ons nie ŉ woord nie. Wie bekommer hom nou oor ŉ begrafnis vir ŉ onbekende vuil bedelaar wat ŉ aanstoot was vir ŉ luukse elite-omgewing?

Tog gebeur daar baie meer as wat ons met die blote oog kan sien. Ons Here Jesus sê dat die engele Lasarus weggedra het na die skoot van Abraham. Die engele het hom van sy plek tussen die straathonde weggedra na die veiligheid van Abraham se skoot om daar soos ŉ geliefde kind vertroetel te word. Hy ontvang daar alle troos in die gemeenskap van die heiliges. Die loon van die saligheid na hierdie lewe is slegs en alleen ŉ volkome *genade*loon.

In Sy seën is God hoegenaamd nie gebind aan enige teken van welstand in ons aardse lewe nie. Selfs as daar absoluut niks is om vir Hom te gee nie as net en alleen die hart van ŉ verstote en veragte weggooikind, dan vertroos Hy nog oorvloediglik. God kyk na die harte van hulle wat self niks is en niks het en niks anders kan doen nie as om te bid: "God is my Helper en daarom loof ek Hom."

In Abraham se skoot beleef Lasarus die allerintiemste nabyheid en gemeenskap: die liefdevolste vertroeteling, om later wanneer die Heiland opgevaar het deur Hom ontvang en vertroos te word. Dit wag vandag vir elkeen wat glo!

*Ons moet só onder die besef van ons eie swakhede kom,*
*dat ons leer om onsself te wantrou.*

*Ons moet onsself só wantrou*
*dat ons ons vertroue op God stel.*

*Ons moet só grensloos op God vertrou en só volledig op sy hulp steun,*
*sodat ons oorwinnend tot die einde kan volhard.*

*Ons moet op sy genade vertrou,*
*sodat ons kan insien dat Hy sy beloftes hou.*

*Ons moet die sekerheid van sy beloftes goed leer ken,*
*sodat dit ons hoop kan versterk.*

*Om salig te word moet u van die Woord van God só seker wees dat, al sê alle mense en selfs die engele dat u verkeerd is, u alléén op grond van die Woord kan sê: ek wéét dat die Woord waar is.*

*Laat die hele wêreld maar onreg doen en alles van u afneem, u sal genoeg hê en nie van honger omkom, voordat hulle die God wat vir u sorg van u afgeneem het nie.*

## WIE KOM IN DIE HEL?

Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lasarus langs hom en hy roep:

Luk 16:23

Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. Dit is nou eenmaal die lot van alle mense, ryk en arm, almal moet vroeër of later sterf. In teenstelling met Lasarus staan in die Skrif dat hy begrawe is.

Natuurlik was dit ŉ swierige begrafnis. In ons tyd sou dit ŉ pragtige kis wees, hoe duurder hoe beter. En ŉ besonder groot stuk grond in die begraafplaas sodat daar ŉ reusagtige groot grafsteen op kon kom. Op die grafsteen sou moet staan "Hier rus in vrede ..." Dit behoort tog te staan op die grafsteen van ŉ kerklidmaat? En onderaan ook nog ŉ gepaste teks uit Moses en die Profete. Bowendien was die belangstelling oorweldigend. Dit was nie maar ŉ "hier-jy" se begrafnis nie, maar ŉ gesiene kerklidmaat s'n. Vir die familie was dit ŉ aangename dag, so tussen die trane deur, want dis tog so gesellig en vertroostend om al die familie en vriende weer te ontmoet. By die graf kon nou wel nie baie gesê word nie, maar die feesvriende kon tog wel ŉ paar mooiklinkende woorde uitdink ...

En dan? Die Here Jesus vertel ... dat die ryk man as verbondskind en kind van Abraham ŉ plekkie in die hemel gekry het? Glad nie! Ons lees: "Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op ..." Dit is die enigste keer wat die Here Jesus en ook die Skrif ŉ mens in die plek van pyniging teken.

Waarom het die rykman in die plek van pyniging beland? Hy het hom tog nie besondig deur eerloos en ongebonde te leef nie? Hy was nie eers onder die kerklike tug geplaas nie. Hy het wel ŉ lekker lewe gelei, maar dit

is geen sonde nie.

Hy het hom nie gesteur aan die bedelaar nie. Die mense het moontlik gesê dat hy ʼn harde man was en vrekkerig omdat hy vir sy medemens niks wou gee nie. Maar wie sou nou dink dat hy vir ewig verlore sou gaan? Ons as kerkmense oordeel dat iemand "natuurlik" weens bv. hoerery verlore sal gaan en so is daar nog wel ander "doodsondes". Maar wie dink nou aan gierigheid? Wie dink daaraan dat iemand verlore kan gaan omdat hy ʼn arme nie wil help nie? Of omdat die kerklike bydraes lewenslank veels te min was?

Ons dink gewoonlik dat iemand verlore gaan weens die verkeerde dinge wat hy *doen.* Ons vergeet skoon dat iemand verlore kan gaan oor dit wat hy juis *nie doen nie.* Dit was die geval by die ryk man. Hy het vir ewig verlore gegaan omdat hy geen liefde gehad het nie. Liefde waarin die geloof moet werk was volkome afwesig. Hy was ʼn absoluut ongelowige egoïs.

Daarom het die Here Jesus in hierdie gelykenis die hemeldeur vir hom toegesluit. Dit is ontsettend om daaraan te dink dat *moontlik meer mense in die hel kom wat nie onder kerklike tug is nie* as mense wat onder kerklike sensuur is.

Die ryk man het geen barmhartigheid geken nie, daarom het die HERE hom ook geen barmhartigheid betoon nie. Die ryk man het geen geloof gehad nie maar sonder geloof kom niemand in die ewige saligheid nie.

Hoe is dit met ons? Hoe gebruik ons ons geld en besittings? Wat doen ons vir ons broeder en suster wat voor ons deur kom in hulle armoede?

*Gelowiges vind baat by beproewings deur vordering te maak op die pad van nederigheid. Hulle neem hulle toevlug tot die genade van God, nadat hulle opgehou het met die verkeerde vertroue op hulself. Wanneer hulle dit gedoen het, ondervind hulle God se nabye teenwoordigheid. In God se krag lê meer as genoeg hulp en beskerming.*

## WAT DIE WAARDE VAN ’n LEWE IN GOD SE OË IS

Luk. 16:1-18

Omdat die Skrif een is, moet ons die gelykenis van Lasarus en die ryk man ook in die regte verband probeer plaas. In vers 1-14 van hierdie hoofstuk word ons deur die Here Jesus daarop gewys dat ons God moet dien én die broederskap moet dien en altwee deur middel van die aardse besittings. Wanneer die aardse rykdom verstandig gebruik word, sal daar in die hiernamaals ook vriende wees.

Die Fariseërs wat baie lief vir geld was, het die Here Jesus beledigend uitgelag. In antwoord op hierdie belediging trek ons Saligmaker die lyn deur van die gelykenis van die oneerlike bestuurder met die uitspraak “julle kan nie God én Mammon dien nie” tot die gelykenis van die ryk man en Lasarus.

Luk. 16:14

Die Here Jesus het die Fariseërs reeds op hulle tone getrap in vs. 1-13 en daarom tree hulle so beledigend op. Jesus bly nie stil nie. Allereers kap hy hulle regstreeks weens hulle hoogmoed, selfregverdiging en hulle slinkse manier om die wet te ontduik. Daarna gee die Here Jesus hulle in die gelykenis van die ryk man en Lasarus ’n spesiale antwoord op hulle geldgierigheid. Hy wys hulle wat die eindgevolg gaan wees van hulle liefde vir geld wat barmhartigheid laat vergeet en die hart so hard en koud soos klip laat word.

Luk. 16:15-18

Die Fariseërs was veral weens godsdienstige redes so lief vir geld. Rykdom was natuurlik gemak-vol en lekker gerieflik maar die belangrikste was dat hulle rykdom gesien het as ’n bewys van God se guns en liefde aan die ryke. Daarteenoor is armoede, siekte en teëspoed gesien as bewys van God se verkeerde houding teenoor daardie mense. Deur na iemand se welstand te kyk kon jy op jou vingers aftel hoe groot God se guns teenoor hom of haar

was. Mens kon daardie kredietbalans in God se boeke nog groter maak deur presies alles stiptelik te doen soos die Wet dit voorgeskryf het. Daarom het die Fariseërs ook wel aalmoese gegee maar sonder liefde, sonder naasteliefde of geloofsliefde — dit was slegs om te sorg dat God tevrede gestel sou word en ŉ paar ekstra bonuspunte in Sy boek sou aanteken agter die naam van hierdie wetsgetroue Fariseër.

Hierteen gaan Jesus nou regstreeks in. Die skatryk man wat deur sy tydgenote beskou is as ŉ uiters geseënde van die Allerhoogste, het voor sy stoep ŉ weersinwekkende bedelaar wat ŉ duidelike voorbeeld is van God se tugtiging en straf oor die uitgeworpene.

Plotseling verander die toneel. In die hiernamaals is die geweldige teenstelling net mooi omgekeerd. Die ryke kerm in die voorportaal van die hel terwyl die veragte arme in die paradys as voorportaal van die hemel vertroos word.

Geen wetswerke of geld nie maar alleen liefdevolle gelowige gehoorsaamheid aan die héle wet van God lei tot die ewige saligheid.

Hierdie teenstelling vind sy grond in die Woord van Jesus: "wat deur die mense as belangrik beskou word, is ŉ gruwel voor God". God meet die waarde van ŉ lewe met ander mate as waarmee die mense meet.

Laat óns meet met die mate wat die volledige Skrif ons gee.

*Mag God ons die genade gee*
*om vroom sondaars te word*
*en nie heilige lasteraars nie.*

## WERKLIKE BESTAAN IN DIE HEL

"en hy roep: 'Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur.'"

Luk 16:24

Die Here Jesus leer ons in hierdie gelykenis dat die liggaamlike dood van elke mens onmiddellik ŉ ramp óf ŉ seën is. Vir die ryk man was sy dood onmiddellik al ŉ daartoe veroordeelde ramp. Vir Lasarus onmiddellik ŉ toebedeelde seën. Die Regter staan onmiddellik gereed!

Ons Heiland verkondig ons dat die dood juis nie vir almal dieselfde is nie. Vir die een beteken dit dat God hom red uit die ellende en benoudheid wat goddelose broeders hom aandoen. Vir die ander beteken dit dat God hom stuur na die plek van pyniging, wat die voorportaal van die hel is. Eers met die Wederkoms van Christus word die definitiewe oordeel gevel. Maar in die tyd tussen die liggaamlike sterwe en die laaste "Oordeel" is elkeen baie goed bewus van die staat waarin hulle verkeer.

Die ryk man is afgryslik goed bewus van die toestand waarin hy is. Hy ly verskriklike pyne in die vuur. Maar sien van ver af die veragte Lasarus wat uit die "hel" van sy aardse lewe deur die engele na vader Abraham gedra is. By die sien van Abraham val dit die ryke by dat hy as verbondskind ŉ baie noue band met Abraham het. Hy roep dan ook so hard moontlik na die verweg aartsvader: *"Vader* Abraham, ontferm u oor my ..." Op aarde was hy trots daarop dat hy as besnede Israeliet vir Abraham sy vader kon noem en daardeur seker was van die guns van die HERE.

Nou gebruik hy dieselfde uitdrukking blykbaar in die hoop om die hart en gevoel van Abraham te raak. Boonop vra hy ŉ uiters klein verligting van sy bittere lyding. Vir

ons gevoel sou dit skaars die moeite werd wees. Wat is nou ŉ paar druppels water in daardie verterende vuur werd? Tog beklemtoon dit juis die geweldige grootheid en felheid van die helse smarte.

Christus sê ons hier duidelik dat daar in die hiernamaals, en hier spesifiek dan in die voorportaal van die hel, ŉ werklike lewensgevoel is, gepaardgaande met die pyn en wroeging wat die ondervinding van God se toorn ŉ ewe groot werklikheid maak. In die voorportaal van die hel dink en praat die bewoners. Hulle voel pyn en het selfs te make met vuur en water en afgronde. Dit is daar alles netso werklik soos hier op die aarde.

Dit is opvallend dat die ryk man vra vir versagting van sy lyde maar nie om verlos te word nie. Christus wys ons daarmee dat in die hel erken word dat die straf regverdig is. Dit is seker een van die verskriklikste aspekte van die hel dat daar *erken word dat dit slegs as gevolg van eie skuld is.* Hierdie brandende selfverwyt wat knaend bly vreet, is deel van die helse vuur.

Raak ons benoud wanneer ons die erns van God se regverdige vergelding besef?

*Geduld is ŉ uitnemende en voortreflike gawe wat die gelowige van sy God ontvang. Sonder die beproewing van die heiliges sou hulle geduld nie beoefen en aan die lig kom nie.*

*Deur die kruis word die gelowiges gehoorsaamheid geleer. Daardeur word hulle geleer om nie na hul eie verlange te leef nie, maar volgens die wil van God.*

*Dit is ongetwyfeld reg en billik dat ons in alles ons gehoorsaamheid aan die hemelse Vader bewys. Maar dan mag ons Hom sekerlik nie die reg ontsê om ons op enige manier daaraan gewoond te maak om gehoorsaamheid aan Hom te bewys nie.*

## FLITSE OOR DIE LEWE BUITEKANT DIE VLEESLIKE LIGGAAM

Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur.

Luk 16:24b

Jesus Christus vertel ons dat die ryk man praat van die vinger van Lasarus en van sy eie tong. Ons het hier dus ŉ liggaamlike voorstelling van dooies wie se liggame tog in die aarde begrawe lê. Hoe is dit moontlik?

Allereers moet ons dit wat in die Skrif staan eenvoudig uit eerbied vir die Heilige Gees aanvaar. Ons kan onmoontlik self bepaal wat die dooies kan doen en nie kan doen nie. Al wat ons kan en mag doen, is om die Skrif te lees soos dit vir ons gegee is. Wanneer daar dan vrae by ons opkom, moet ons die een Skrifgedeelte vergelyk met ŉ ander Skrifgedeelte wat daarmee in verband staan.

In die lig van die hele Skrif sien ons dat die oorledenes buitekant die vleeslike liggaam baie dinge doen wat ons hier op aarde met ons vleeslike liggaam doen. Die Skrif gee ŉ sobere tekening daarvan. Dit is dan ook nie die taak van ŉ mens om ŉ volledige portret te skilder van die veelkleurige en tipies menslike dade van die oorledenes nie. Tog moet ons daardeur nie afgeskrik word om te kyk na dit wat die Skrif ons duidelik sê nie.

Paulus verwag om Christus te *sien* buitekant sy liggaam (2 Kor. 5:7, 8 ons kom later by die bespreking hiervan). In Openb. 20:4 word aan ons geopenbaar dat die siele van hulle wat onthoof is weens hulle getuienis vir Jesus, as konings met Christus *regeer*. Die geeste het in die gevangenis die boodskap van Christus se hemelvaart *ontvang*.

1 Petr. 3:19
Deut. 34:6
Judas vers 9
Matt. 17:1-13
Mark. 9:2-13
Luk. 9:28-36

Dit is ŉ vasstaande feit dat Moses se aardse liggaam begrawe is tog word hy openbaar as ŉ menslike

gestalte. Die persoonlike mens Moses is uit sy menslike spreke deur die dissipels uitgeken as Moses. Ook uit Fil. 1:23 en die genoemde tekste is dit duidelik dat die Skrif mense teken wat buitekant hulle menslike liggame leef en tog mense is met tipies menslike gedrag.

In die lig van wat die opgestane Jesus Christus vir Sy dissipels gesê het in Luk. 24:39 lê die verskil tussen die bestaanswyse van die dooies en die lewendes daarin dat ons wat leef ʼn liggaam van vleis en bene het, die gedaante van die dooies het dit nie.

Die Skrif leer ons dus dat die dooies wel eie gedaantes het waaraan hulle herkenbaar is. Hulle praat, dink en voel pyn of blydskap. Dit is dus ʼn aktiewe menslike figuur of gedaante. Hoe daardie gees of gedaante opgebou is en waaruit dit ontstaan is nie aan ons geopenbaar nie. Daardie bouplan van God is vir ons verberg. Geen menslike wetenskap kan dit vir ons duidelik maak nie. Ook hier moet ons eerbiedig stilstaan by die grense wat God ons in Sy Woord gee.

*Die Skrif leer ons dat ons in teëspoed "deur die Here getugtig word, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie" (1 Kor. 11:32).*

*Ons moet dus ook te midde van die bitterheid van beproewings, die Vader se barmhartigheid en goedheid teenoor ons erken. Selfs dan hou Hy nie op om ons saligheid te bevorder nie.*

*Want Hy tugtig ons nie om ons te gronde te rig of te vernietig nie, maar baie eerder om ons te bevry van die veroordeling van die wêreld.*

*Van al die rampe in die wêreld is die dood self uiteindelik die ergste ramp. Maar wanneer God se guns ons deel word, is daar niks van dié dinge wat nie vir ons in geluk verander nie.*

# DIE WONDER VAN DIE WOORD

... As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan."

Luk. 16:25-31

Die ryk man besef wel dat dit sy eie skuld is dat hy in die voorportaal van die hel beland het. Tog verstaan hy nog nie volkome dat die aardse of wêreldse waardes in die hiernamaals nie meer geld nie.

Al praat hy nie meer so uit die hoogte soos die Fariseërs nie, is daar tog in sy houding teenoor Lasarus nog iets te hoor van sy houding op aarde. Vader Abraham moet maar vir Lasarus stuur om hom ʼn guns te bewys. Lasarus is vir hom nog ʼn dienskneg wat moet doen wat hom opgedra word.

Tydens sy aardse lewe het die ryke Lasarus verwerp, dit word nou beantwoord deur die verwerping van die ryke. Hy wóú nie saam met Lasarus wees nie en nou sal hy nie saam met hom wees nie. Die ryk man wou Lasarus geen broodkrummel gee nie. Na sy dood mag die arm man wat nou die ware gemeenskap van die heiliges geniet, geen waterdruppel aan die man in die vuur gee nie.

Die onoorbrugbare kloof wat in hierdie lewe geskep is, word na hierdie lewe weerspieël in die verskriklike spieël van God se werklike en absoluut regverdige oordeel.

Die afstand tussen die voorportaal van die hel en die paradys is nie só groot dat die een plek nie vanuit die ander plek gesien kan word nie maar die kloof is onoorbrugbaar wyd en diep.

Die ryke kom met ʼn volgende versoek: hy smeek Abraham om Lasarus ʼn ander opdrag te gee. Hy moet daardie plek van heerlikheid maar ʼn bietjie verlaat om

terug te gaan na dié aarde waar hy al die ellende beleef het. Die dooie moet opstaan om die ryk man se vyf broers te waarsku. Weer sien ons die egoïsme van die ryk man. Hy dink slegs aan sy eie familie en aan niemand anders nie. In die hel is geen geleentheid vir bekering nie, dit kan slegs tydens die lewe op aarde gebeur.

Abraham antwoord dat daardie broers die woorde van Moses en die profete het. Laat hulle daarna luister. Hierdie antwoord is finaal; hulle het die Bybel van daardie tyd. Die Woord van God is heeltemal genoeg en dit moet slegs gelowig gehoorsaam en uitgeleef word.

Die ryk man dring egter nog verder aan deur te sê dat ŉ opstanding uit die dode hulle tot bekering sal bring. Met nog groter nadruk sê Abraham dat as hulle nie na die Woord wil luister nie dan sal selfs iemand wat uit die dood opstaan hulle nie oortuig nie.

1 Kor. 1:22

Die Fariseërs wou gedurig tekens hê maar selfs die tekens van die opstanding uit die dode, soos later by Lasarus van Betanië en Christus self, is deur hulle verwerp. Abraham het dit besef en daarom geweier.

Vandag word deur baie mense ook gesoek na ŉ wonderteken by die Woord. Alleen dan sou daar sekerheid van saligheid wees. God laat ons geen wonders sien wat ons sprakeloos verstom laat staan nie. Hy gee geen skokkende wonders wat ons senuwees op hol laat gaan nie. Hy wil nie ons senuwees nie, maar ons *harte* hê. Ons het die Vleesgeworde en gekruisigde Woord wat na ons gekom het in dié Christus wat netso arm en verag was soos Sy broeder Lasarus. Die groot wonder is egter dat God elke dag deur en met Sy Woord tot ons spreek.

Laat ons daarna luister en self die wonder van barmhartigheid teenoor ons naaste beoefen. Laat ons onthou dat ons lewende God "Moses en die profete" nou nog volledig handhaaf tot in die hemel én tot in die hel toe.

## GEBEDSGROND EN GEBEDSVERHORING

'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria en haar suster Marta gewoon het. Maria was die vrou wat met reukolie die Here gesalf en sy voete met haar hare afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus wat siek was. Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: “Here, hy vir wie U lief is, is siek.” Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie maar op die openbaring van die mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.” Jesus het vir Marta en haar suster en Lasarus liefgehad.

Joh. 11:1-5

In die Evangelie volgens die beskrywing van Johannes lees ons oor baie wonders wat die Here Jesus gedoen het. Die doel van daardie wonders is om die dissipels en ook ons vandag te versterk in die geloof. Veral die geweldige wonder van die opstanding van Lasarus uit die dood, wys ons op die lewendmakende krag van die lewende Christus wat die ewige lewe gee vir elkeen wat in Hom glo.

In hierdie Goddelike werk wil Jesus ons vandag ook nog troos en ons al hoe nader na Hom toe trek. Daarom moet ons met gespanne aandag luister na die gesprek wat Jesus eers met Marta gehou het voordat Hy die wonder laat gebeur.

Daar was ŉ baie besonderse band tussen Jesus en die twee susters wat saam met hulle broer gebly het. Blykbaar was nie een van hulle getroud nie. Die liefde wat Jesus vir hulle gehad het, was dié van warme vriendskap vir Lasarus (vs. 3) maar ook vir hulle as gesin (vs. 5).

Toe Lasarus siek geword het en sy toestand vererger het, het die twee susters ŉ boodskapper na Jesus gestuur. Die boodskap is net ŉ dringende versoek, maar tog word

nie vir Jesus gesê wat om te doen nie. Watter eerbied hoor ons ook daarin. In ons gebede mag ons meer woorde gebruik. Die allerbelangrikste is egter dat ons al ons bekommernisse voor God moet neerlê, sodat Hy ons kan help.

Wat was die grond vir hulle gebed? Hulle het vrymoedigheid om die Here Jesus van hulle ellende te laat weet omdat Hy as vriend hulle broer so onmeetlik liefgehad het. Ook ons gebed mag vol vertroue rus op die liefde van Christus vir Sy kinders. Hy sal hulle wat Hy liefhet tog nooit in die steek laat nie.

Tog beteken God se liefde-weens-Christus, vir sy kinders glad nie dat op die gebed van die gelowige ŉ onmiddellike pasklaar verhoring volg nie. God verhoor altyd elke gebed op Sy Goddelike manier en dit beteken dat die antwoord vir ons altyd een van drie is: "ja" of "nee" of "wag". Wanneer die antwoord nie onmiddellik duidelik vir ons is nie, dan is die tyd in God se oë nog nie ryp nie. Hy weet tog baie beter as ons wat vir ons goed is en wat in Sy plan pas.

Nou lyk dit asof Jesus se liefde vir Lasarus en sy susters nie só groot is soos verwag was nie. Altans so het party van die Jode gedink (vs. 37). Maar dit lyk maar net so omdat Hy nog twéé dae versuim om na Lasarus te gaan. Ons is geneig om te sê dat liefde moet saamgaan met die daad van besorgdheid. In die optrede van die volmaakte Christus sien ons egter dat ons God se liefde nie moet afweeg teen die soms so moeilike omstandighede van ŉ bepaalde oomblik nie.

Ook in hierdie doelbewuste vertraging om na Lasarus te gaan moet ons die wérk van God sien. Jesus het reeds geantwoord op die susters se gebedsversoek en voorlopig moet hulle daarmee tevrede wees en daarmee wérk; die Woord van God bepeins, oordink en daarmee besig wees. Vir ons geld dieselfde.

# ROEPINGSVERVULLING GEE ONSEKERHEID IN DIE LEWE MAAR ABSOLUTE SEKERHEID OOR DIE EINDDOEL

Joh. 11:1-10

In die verhaal oor die opstanding van Lasarus kry ons ŉ paar keer iets van ŉ raaiselspreuk. Ons Here Jesus het dieselfde gedoen as wat in daardie tyd deur baie mense gedoen is. Dit was ŉ baie geliefde en bekende manier van praat. In die Ou Testament hoor ons dit dikwels by die profete en in die wysheidsboeke. In dieselfde lyn lê ook Pilatus se woorde en handewas. (Matt. 27:24) Vir ons "nugtere" moderne Westerse gevoel is in die Bybelse tyd geweldig baie in beeldspraak gepraat. Tog het ons voorouers dieselfde gedoen en is daar ŉ skat van spreekwoorde bewaar. Tot vandag toe praat die nie-Westerse swartmense nog baie in beeldspraak.

Die eerste keer wat Jesus in hierdie hoofstuk beeldspraak gebruik was toe Hy gesê het "hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie ..." Hy het nie bedoel dat Lasarus nie liggaamlik sou sterf nie, maar dat die mag van die dood nie die laaste woord sou hê nie. Die dood of die mense sal nie alle aandag kry nie. Die volle aandag sal op die mag van God val. Hierdie siekte is in belang van die heerlikheid van God. God Self sal daarin en daardeur grootgemaak word en as gevolg daarvan sal die Seun van God grootgemaak word. Twee dae later het Jesus vir sy dissipels gesê dat hulle nou na Judea moet gaan. Die dissipels het onmiddellik op die groot gevaar van daardie reis gewys. Dit was dan nog so baie onlangs dat die Jode in daardie streek Hom wou stenig. (Joh. 10:31, 10:39)

Die antwoord wat Jesus gee is weer in die vorm van ŉ raaiselspreuk wat ŉ dieper betekenis het. Letterlik beteken dit dat die dag twaalf ure het. Op daardie tydstip kan mens in die lig van die son maklik sien watter

gevaarlike struikelblokke in die pad lê. Maar wanneer dit donker is, kan 'n mens oor enige iets wat in die pad lê val, want daar is nou eenmaal geen lig in onsself nie. Die Here Jesus het nie bedoel dat hulle dus in die dag moes reis en snags êrens moes oornag nie. Hy leer sy dissipels en ons daarmee dat die roeping waarmee die Vader vir Hom en elke mens roep, net soos die daglig is wat ons nie laat dwaal of struikel nie. Elkeen wat hom onderwerp aan God se wil soos dit in Sy Woord vir ons gegee is, het sy Leidsman in die hemel. Ons almagtige God lei en rig ons hele lewe.

Net soos die dag presies twaalf uur duur so is die tyd wat aan Jesus gegee is om op aarde te werk, ook presies deur die hemelse Vader vasgestel. Die tyd van Sy aardse bediening kan nie verleng word deur veiligheidsmaatreëls wat die dissipels sou wou tref nie en ook nie verkort word deur enige sameswerings van die vyande nie. Jesus moet die Vader gehoorsaam en Homself doelbewus onderwerp aan die wil van die Vader wat ook Sy eie wil is.

Heid. Kat. Sondag 10 en al die tekste daarby.
Ps. 91:11

Boonop gaan Jesus ook in die sekere wete dat God met Hom sal gaan op die pad wat God vir Hom verlig soos die son daagliks die aarde verlig. Ons leer saam met die dissipels hieruit dat alles wat oor ons kom uit God se hand kom en vir ons beswil is. Verder ook dat ons in al ons planne eers na die geopenbaarde wil van God moet vra soos Hy dit aan ons in Sy Woord gegee het. As ons ons Goddelike roeping reg besef, dan weet ons dat God mét ons sal gaan. Dan is ons daarvan seker dat Hy ons sal versterk en vertroos op dié pad wat vir ons menslike gevoel so ontsettend moeilik en lewensgevaarlik blyk te wees. Dan weet ons dat al daardie swaarkry juis met volhardende geduld gedra moet word terwille van ons saligheid. Al sou ons lewenspad vir ons ook hoe onseker lyk, die einddoel is absoluut seker.

## LYDING AS LEERSKOOL

Hierna het Hy vir hulle gesê: "Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak." Die dissipels sê toe vir Hom: "Here as hy slaap, sal hy gesond word." Jesus het van Lasarus se dood gepraat, maar hulle het gedink Hy praat van die gewone slaap. Toe sê Jesus vir hulle reguit: "Lasarus is dood, en om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe." Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe."

Joh 11:11-16

Nadat Jesus gewys het op sy roeping en dié van elke gelowige om gehoorsaam te wees aan die Goddelike roeping wys Hy ons om onsself in kinderlike vertroue aan ons hemelse Vader oor te gee. Hy sê wat die doel van die reis na Judea is: "Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om Hom wakker te maak."

Weer verstaan die dissipels nie Jesus se beeldspraak nie. Maar kan ons hulle verkwalik? Eintlik kon hulle minstens gedink het dat Jesus nie ŉ lewensgevaarlike reis sou wou onderneem om die sieke net wakker te maak nie. Hulle onmiddellike reaksie was egter een van mense wat gerusgestel voel: As ŉ man wat só siek is slaap, dan sal hy gouer gesond word.

Die dissipels het gedoen wat so baie mense vandag van ons verwag, dat ons naamlik alles letterlik moet opneem. Hierdie houding het die dissipels dikwels op ŉ dwaalspoor laat beland. Vandag beland baie mense ook daardeur op ŉ dwaalspoor en is daar die onnodige en hartseer verdeeldheid by die Christendom oor die Sabbat, die doop en so baie ander sake. Gewoonlik word een of ander saak absoluut letterlik opgeneem en in die lig daarvan word die volledige Woord van God in daardie beperkte siening ingeforseer.

Gen. 47:30
2 Sam. 7:12
Matt. 27:52
Hand. 7:60
l Tess. 4:13

Jesus sê nou reguit dat Lasarus dood is. In die Skrif word dikwels oor die dood as slaap gespreek. Dit is ook ŉ baie mooi en troosvolle vergelyking, want die gelowiges verwag en verlang na die wakker-word en die opstanding in heerlikheid.

Jesus sê voorts: "Om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo." Dit klink alweer na ŉ raaiselspreuk. Maar die dissipels kan daardeur verstaan dat Lasarus nie sommerso sonder rede gesterf het nie.

As Jesus tydens Lasarus se siekte in Betanië sou gewees het, was dit logies dat van Hom verwag sou word om Sy vriend gesond te maak. Dit sou dan wel ŉ wonder gewees het, maar tog nie so ŉ verstommende wonder soos die opwekking uit die dood nie.

Wat was die bedoeling van die wonders wat Jesus gedoen het? Een bedoeling daarvan was die versterking van geloof. Ons Here Jesus Christus sê dit uitdruklik Self.

Die dood en die opstanding van Lasarus was in God se raadsplan opgeneem as deel van die leerproses wat die dissipels en al die gelowiges in daardie dae moes ondergaan. Al het dit dae van roue hartseer vir Lasarus se geliefdes gebring, moes dit dien tot eer van God en was daardie hartseer van minder belang as die verheerliking van die Here. Lasarus en sy geliefdes was dus "martelare" terwille van die saak van die HERE. God wou hierdie mense verder bring op die pad van geloof. Hieruit leer ons dat in daardie dae waarin ons bitter swaarkry God juis met ons besig is. Ons sug en steun soms bang en benoud, gebroke na liggaam en gees. Tog mag ons weet dat God Sy doel met ons het en dat Hy nie alleen ons sondes vergewe nie maar ook saam met ons verder op ons lewenspad wil gaan.

## 'N BELYDENIS WAT IN TEORIE HEERLIK OMVANGRYK IS MAAR IN DIE PRAKTYK BEPERK

Toe Jesus daar kom, het Hy gevind dat Lasarus al vier dae in die graf was. Betanië was naby Jerusalem, omtrent drie kilometer ver; en baie van die Jode het na Marta en Maria toe gekom om hulle oor hulle broer te troos. Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in die huis bly sit. Marta sê toe vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.” Jesus sê vir haar: “Jou broer sal uit die dood opstaan.”

Joh. 11:17-23

Na ŉ reis van ongeveer twee dae het Jesus en die dissipels in Betanië gekom. Lasarus was toe al vier dae vantevore begrawe. Lasarus en sy susters was nie alleen baie goeie vriende van Jesus nie, maar hulle het ook in die harte van baie Jode ingekruip. Omdat Betanië slegs drie kilometer van Jerusalem af was, het baie Jode uit Jerusalem gekom om ook hulle meegevoel met die susters te betuig en hulle te troos. Hier sien ons weer die warme liefde van die gemeenskap van die heiliges wat in praktyk gebring is. Dieselfde roeping het ons vandag nog.

Soos dit in ŉ dorpie maar gaan, het die nuus vinnig versprei dat Jesus op pad was. Lasarus se suster Marta het dit gou gehoor, Hom tegemoet gegaan en buitekant die dorpie ontmoet. Haar bedroefde groetwoorde is terselfdertyd reeds ŉ geloofsbelydenis: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.”

Marta het blykbaar ŉ onbeperkte geloofsvertroue gehad dat die Seun alles van Sy Vader mag vra én sal kry. Ons sou kon dink dat die Here Jesus in antwoord op hierdie belydenis nou maar die pad na die graf kan vra

om op Sy koninklike bevel Lasarus te laat opstaan. Tog praat Hy verder om so vir Marta én ons die belangrike betekenis van die wonder dieper te laat besef.

Jesus antwoord: "Jou broer sal uit die dood opstaan." Dit lyk na die logiese volgende stap in hierdie gesprek. Marta het tog gesê *"alles* wat U sal vra" en nou gaan Hy as Koning van die lewe dit werklikheid laat word. Tog is daar in Jesus se antwoord ŉ geheimsinnige diepte wat die hart van Marta wil oopvlek. Weer kry ons hier iets van die raaiselspreuk wat die diepste bedoelings van die hart duidelik laat word. Jesus se antwoord kan tog nog twee dinge beteken: Lasarus sal nou, vandag, opstaan óf Lasarus sal ééndag opstaan.

Die Here het nooit iets sonder ŉ bepaalde bedoeling gesê nie. Teenoor Marta het Hy opsetlik so dubbelsinnig gepraat. Jesus wil die heerlike belydenis van Marta *toets*. Verwag Marta werklik só baie van Jesus? Glo sy werklik dat Hy die mag het om léwe uit die dood te skep?

Marta se antwoord is teleurstellend beperk.

*Daar word nie van ons só ŉ blymoedigheid verwag dat dit alle gevoel van bitterheid en smart wegneem nie. Want dan sou daar geen geduld onder die kruis wees as die heiliges nie smart beleef en onaangenaamheid ervaar nie. In armoede is daar bitterheid, in siekte is daar pyn en in die dood is daar ŉ siddering. As dit nie so was nie, watter moed en selfbeheersing sou dit inhou om hierdie dinge te verdra?*

## BYGELOOF IN DIE KERK VERSWAK DIE GELOOF

Marta sê vir Hom: "Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan."

Joh. 11:24.

Dit is opvallend dat in ons tyd van geweldige, ongekende vooruitgang op die gebied van wetenskap en tegniek so baie mense terugval na die primitiefste bygelowigheid. Dit is natuurlik al ŉ stokou verskynsel wat deel is van heidense ongeloof. Juis weens die feit dat die ongeloof in ons tyd so toeneem, groei die heidense bygeloof ook.

In die tyd van Jesus was daar ook baie bygeloof, selfs in die amptelike kerk van daardie dae. Omdat die Woord van God nie meer suiwer geken en aanvaar is as die enigste wat nodig is nie, het die bygeloof wortel geskiet. Die tradisie wat losgemaak is van die Woord het ook oor die dood sy eie bygelowe opgelewer. Die rabbyne, wat die Skrifverklaarders was, het die bygeloof verkondig dat die siel van ŉ oorledene nie onmiddellik na sy ewige bestemming vertrek nie. Die siel sou dan eers nog vir drie dae lank bo die oorledene sweef met die hoop om weer met die liggaam verenig te word. Eers wanneer die liggaam na drie dae duidelik in ŉ staat van ontbinding raak sou die siel finaal na sy ewige bestemming vertrek.

Die Heilige Skrif leer ons nêrens so iets nie. Daarin word tog duidelik vir ons verkondig dat die siel van die gelowige onmiddellik na sy Verlosser Jesus Christus gaan.

Nou is dit moontlik dat hierdie bygeloof van die Skrifverklaarders ook deur die gewone mense aanvaar is. Dan was dit op die oomblik toe Jesus in Betanië gekom het, dus absoluut duidelik vir al die Jode dat Lasarus morsdood was. Sy siel sou die vorige dag volgens die bygeloof vertrek het na sy ewige blyplek.

In antwoord op Jesus se woorde dat haar broer sal opstaan, sê Marta dat sy weet dat hy met die opstanding op die laaste dag uit die dood sal opstaan. As gelowige en dissipelin van Jesus bely sy haar onwankelbare geloof in die opstanding uit die dood. Dit is ŉ goeie belydenis. Tog is dit onder die bepaalde omstandighede ŉ té beperkte belydenis. Haar eerste belydenis in vers 22, naamlik dat sy gelowig weet dat God vir Jesus alles sal gee wat Hy Hom biddend sal vra, word deur die tweede belydenis begrens en beperk. Sy bely nie dat sy wérklik glo dat Jesus in hierdie geval van Lasarus se dood van die Vader ŉ wonder sou kan vra nie. Sou die grens van die mag van Jesus en Sy Vader dan die dood wees?

*Die beproewinge van die lewe het elkeen sy eie bitterheid wat ons natuurlik almal grief. Maar die gelowige toon sy ware krag om, wanneer die bitterheid hom wil oorweldig, onverskrokke weerstand te bied en hom daaraan te ontworstel, hoe bitter swaar hy ook al ly.*

*Daaruit blyk sy geduld: as hy ondanks swaar beproewinge, deur die vrees van God in toom gehou word en nie onbeheers optree nie.*

*Daarin skitter sy blymoedigheid: as hy, gebreek deur droefheid en smart, in die geestelike vertroosting van God rus vind.*

*Soos ŉ vader sy kinders saans na die dag se werk aan sy tafel saam laat wees en hulle op daardie manier koester in sy skoot, so ontmoet God se kinders, nadat hulle hulle aardse lewe voltooi en die geloof behou het, mekaar in die salige rus van die ewige Vaderhuis.*

## DIE LEWE HET ALLEEN ’n BEGIN EN GEEN EINDE NIE

Jesus sê vir haar: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook;

Joh. 11:25

Jesus antwoord op Marta se tweede belydenis met ’n indrukwekkende koninklike uitspraak: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?”

Daar is geen moontlikheid van enige lewensperspektief as alleen in en déúr Jesus Christus nie. Hy is die bron van alle opstanding en lewe. Hy alleen géé opstanding en die waaragtige lewe. Deur myself kan ek dit nooit verdien nie.

Ons Koning noem Homself “DIE opstanding en DIE lewe” sonder enige beperking. Daaruit volg ook dat die Here baie meer bedoel as net die opwekking van Lasarus wat pas daarna sou gebeur. Wanneer ons kyk na wat met lewe in die Evangelie volgens Johannes bedoel word dan is dit duidelik dat Jesus Homself die bron van die ewige lewe noem. Die ewige lewe wat nou al vóór die liggaamlike sterwe begin en bly bestaan om in die opstanding heerlik te oorwin.

Joh. 1:4; 3:15,16 3:36; 5:24, 28, 29 6:40, 51, 54

In die woorde “wie in My glo sal lewe, al sterwe hy ook” verklaar Jesus verder dat Hy die bron van die ewige lewe is wat hiér en nóú reeds deur die geloof begin. Die lewe van vandag is dus nie maar ’n vaal-roetinebestaan nie, maar is ’n heerlike belewing van die gemeenskap met God en volkome bevryding van die oordeel van God. Hierdie noue band tussen geloof en lewe word deur Jesus toegepas op die liggaamlike sterwe. Die gelowige sal lééf ondanks die sigbare feit dat hy ontslaap het. Die léwe as volle en ryke gemeenskap met God sal nie voor die poorte van die dood magteloos wegkrimp, of tot die

opstandingsdag toe op geskort word nie, maar oorwinnend dwarsdeur die dood heenbreek.

Christus gee in die geskenk van die ewige lewe vir elke gelowige ŉ eie onsterflikheid. Daardie lewe is só permanent dat dit deur geen dood of graf gestuit kan word nie. Die mens het nie vanself die onsterflikheid in hom nie, maar Christus géé dit net en alleen uit genade, want Hy is dié Lewe. Lewe staan hier dus teenoor sterwe as die standhoudende geskenk van God se gemeenskap wat ondervind word in die voortbestaan na die dood.

Die lewe van die gelowige het dus wel ŉ duidelike begin van sy ontvangenis af, maar nooit ŉ einde of opskorting nie. Ook en selfs wanneer die gelowige duidelik sigbaar ontslaap, is daar die wonder van die ewige lewe.

*Die gelowiges veg teen die natuurlike gevoel van smart wanneer hulle hul op die beoefening van geduld en matigheid toelê. Soos Paulus dit sprankelend in 2 Kor. 4:8 uitgedruk het.*

*Om die kruis geduldig te dra beteken nie om geheel en al ongevoelig te word en om vir alle gevoel van smart afgestomp te raak nie.*

*Daar is vandag ŉ nuwe gesindheid onder Christene wat dink dat dit nie net sonde is om te sug en te huil nie, maar ook om bedroef en bekommerd te wees. Maar met hierdie ysterharde wysbegeerte wil ons niks te doen hê nie.*

*Ons Meester en Here het dit deur sy woord en voorbeeld veroordeel. Hy het gesug en gehuil oor die rampe wat Hom en ander getref het. Hy het sy dissipels ook nie anders geleer nie (Joh. 16:20; Mat. 5:4). En geen wonder nie. Want as alle trane afgekeur word, wat moet ons dan van die Here self sê? Uit sy liggaam het trane soos bloeddruppels gevloei (Luk. 22:44).*

## DIE DOOD IN PERSPEKTIEF GEPLAAS

Jesus sê vir haar: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?”

Joh. 11:26

In die tweede gedeelte van vs. 25 het Jesus letterlik gesê dat elkeen wat besig is om in Hom te glo die ewige lewe besit al sterf hy ook liggaamlik. Die geloof as lewende standvastige band kan nie deur die dood verbreek word nie. Selfs na die liggaamlike, sigbare sterwe, is daar vir altyd nog lewe.

In vers 26 gaan Jesus verder “elkeen wat leef en besig is om in My te glo” (letterlik) sal in alle ewigheid nooit-nooit die ewige dood smaak nie.

Die geloof-én-lewe begin hier en nou op hierdie aarde al en is gewaarborg ook na die sterwe. Wat die oorwinnende ononderbroke ewige lewe betref, val die dood heeltemal weg. Hier op aarde breek die dood alles af sodat daar voor ons oë niks meer van die lewe oorbly nie. Maar die ewige lewe word glad nie deur die dood stukkend gebreek nie. Dit is ŉ onvoorstelbaar groot geskenk van God deur Jesus Christus ons Lewende Koning.

Die dood moet padgee vir die gelowige wat die ewige lewe ontvang het. Die dood kan nooit daardie ewige lewe van die gelowige afneem nie want die gelowige sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Die skrik van die dood verbleek voor die onsterflike glans van die lewe wat die Here gee. Die dood word nou teruggedwing tot sy werklike omvang. Dit word nou net ŉ insident of gebeurtenis wat die ononderbroke oorwinningspad van Jesus Christus in Sy kinders nie eers kan vertraag nie. Die lewe wat God in ons gewerk het deur die werk van die Heilige Gees terwille van Jesus Christus, is onverwoesbaar.

Die liggaam sterf, maar die gelowige sterf nooit nie. Sy geloof is voluit lewe. Christus leef altyd in hom. Paulus jubel tog ook daaroor dat die dood ons nooit kan skei van die liefde van God in Jesus Christus nie, Hy gee die lewe en dit kan niemand en niks van ons afneem nie.

Pragtig en kernagtig is dan ook die eeue-oue uitspraak van Jan van Nassau:

Rom. 7:4

hy wat sterf
voordat hy sterf
sterf nie
wanneer hy sterf nie.

Op. 20:6

Elkeen wat nou al sterf beleef in sy dood ŉ wedergeboorte en daarom is daardie nuwe lewe tog sekerlik geen dood nie.

*As elke vrees ongeloof genoem word, hoe moet ons dan oordeel oor die sidderende angs wat Jesus Christus terneergedruk en ontstel het?*

*As alle droefheid onaanvaarbaar is, hoe kan ons sy belydenis verstaan en aanvaar dat sy siel "diep bedroef was tot die dood toe (N.V.: doodsbenoud)?" (Mt. 26:38)*

*Ek sê dit sodat vroom mense nie wanhopig word nie en nie meteens moed verloor omdat hulle nie die natuurlike gevoel van smart kan onderdruk nie.*

*Wanhoop kom net oor hulle wat van geduld ongevoeligheid wil maak en van ŉ sterk en standvastige man ŉ stuk hout.*

*Die Skrif prys die heiliges vir hulle verdraagsaamheid. Al word hulle deur ontberings beproef word hulle nie gebreek en beswyk hulle nie.*

*Al ly hulle bitter swaar, word geestelike blydskap terselfdertyd in ŉ ruim mate aan hulle gegee. Al is hulle in die greep van angs, skep hulle asem terwyl God se vertroosting hulle opbeur.*

## DIE WONDER IN PERSPEKTIEF GEPLAAS

Jesus sê vir haar: “Jou broer sal uit die dood opstaan” ... en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?”

Joh. 11:23 en 26

In óns tyd hou ons daarvan dat iets kort en kernagtig gesê moet word. Daar is dan so ŉ gebrek aan tyd in hierdie eeu van gejaagdheid. Ons het nie tyd vir ŉ omhaal van woorde nie, dit irriteer ons. Iemand moet gou-gou by sy punt uitkom.

In die lig daarvan vra ons ons af of Jesus na Marta se eerste belydenis dan nie maar kort en saaklik by die punt kon gekom het en die droefheid kon wegneem deur Lasarus op te wek nie? Tog was die uitrek van die gesprek met Marta geen gewone oosterse omslagtigheid nie. Die Kenner van ons menslike hart het daar ŉ Goddelike bedoeling mee gehad.

Dit was alles noodsaaklik as voorbereiding op Sy wonder. In Sy wonder wil Jesus ŉ duidelike en voelbare teken gee dat Hy in die wêreld gekom het as die Sterke wat die doodsmag dodelik deurboor; as die Lewende wat vir al Sy kinders die ewige lewe wil gee. Sy lewens-wonder is die onbetwisbare stempel en handtekening op Sy brief waarin Hy ons meedeel dat in Hom die ewige lewe is.

Indien Lasarus se familie en die dissipels van destyds én vandag dit nie leer verstaan nie dan sou daar ŉ ontsettende skok en ontnugtering gaan kom. Want die dag sou kom dat Lasarus na sy opwekking wéér sou sterf, wéér in die graf sou lê om dan werklik tot stof te vergaan. Wat dan? Waar bly die wonders van vroeër dan? Dan kan dit wel in ŉ mate nageaap word soos in verskillende “godsdienstige” bewegings maar dit bly tog maar ŉ armsalige gesukkel. Die opstandingswonder kan selfs

met die grootste dosis positiewe denke en massahisterie nie herhaal word nie.

Vóór die asemberowende wonder verklaar die Here Jesus die beloftes van die ewige lewe. Hy gee ons eers die beloftebrief om daarna die wonder as seël en waarborgstempel daarop te plaas. Ons het hierdie beloftebrief van dié ewige lewe in en deur Christus. Dit verklaar aan ons daardie léwe wat bly voortgaan midde-in die besige daaglikse lewe en wat bly bestaan al sak ons ook plotseling of stadig inmekaar.

As ons dit duidelik sien dan het ons vrede daarmee dat die wonderlike seël-stempel "Lasarus-as-gesonde-opgewekte-dooie" nou al eeue lank tot stof vergaan het en sy plek nie meer gevind kan word nie. Dan het ons méér as genoeg aan die boodskap van die Lewende Koning van die waaragtige ewige lewe.

*As siekte ons tref, sal ons sug en verontrus word en na gesondheid verlang.*

*As ons deur armoede besoek word of deur minagting en onreg gestriem word, sal ons deur die angels van besorgdheid en droefheid gesteek word.*

*As van ons dierbares heengaan sal ons die trane stort wat ons van nature verskuldig is. Maar die slotsom sal altyd wees: die Here het dit so gewil. Laat ons dus sy wil volg.*

*Selfs te midde van die wonde van smart, van gesug en trane, moet hierdie gedagte die botoon voer.*

*Dit sal ons hart juis daartoe neig om alles waardeur ons so beproef word, blymoedig te dra.*

# DIE DOODSSLAAP EN GRAF IN PERSPEKTIEF GEPLAAS

Joh. 11:11-44

Vir die laaste keer wil ons by hierdie gedeelte uit die Skrif stilstaan om die hele verband nog ŉ keer saam te vat en om te let op wat dit ons leer oor die uitdrukking dat dié wat gesterf het "slaap".

Ons Here Jesus het met Marta bly praat om haar én ons daarop te wys dat ons Hom *altyd* as "Koning-van-die-Lewe" moet erken. Dus nie net vir daardie ééndag-in-die-mistige-toekoms nie. Met nadruk stel Hy dit dat as daar in die toekoms ŉ opstanding sal wees, dan is dit alleen uit en deur Hom. Maar dit is dan nie iets wat los staan van die tyd wat die gelowige in hierdie lewe op hierdie aarde beleef nie. Juis omdat Hy die Lewensbron is wat vandag die lewe gee, daarom vloei uit Hom voort die voortdurende deurbraak van die lewe. Vir elkeen wat glo lê alle tye waarin die gelowige bestaan onder die gesag van die deur-Hom-oorwinnende lewe. Die opstanding van die gelowige is dus ŉ onderdeel van die een ononderbroke lewensproses wat deur Christus begin en voortgesit word. Hy gee ons die ewige lewe wat in ons lewe hier op aarde in ons sterflike liggaam begin en nóóit end kry nie.

Ons ewige Verlosser het in hierdie hoofstuk van Lasarus se dood gesê dat hy slaap (vs. 11). In verse 25 en 26 verklaar ons Saligmaker dit nog verder. Eers sê die Here dat elke gelowige sal leef, al het hy ook gesterwe. Die doodsslaap as volstrekte leweloosheid van die gelowige wat ontslaap het en in die graf gelê word, word deur die Here dus nie ontken nie. Hy praat tog van "gesterwe". Dit word egter deur die Here in die regte beperkte verhoudings geplaas. Die doodsslaap geld alleen in ŉ bepaalde en beperkte opsig, daarlangs én tegelyk daarby is daar die ewige lewe wat nie deur die dood onderbreek word nie.

Hierdie blye boodskap word deur Christus nog verder uitgebou: elkeen wat weens die geloofsgemeenskap met My lééf sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Omdat die lewe déúr Christus, selfs nie voor die poorte van die dood, ónder gaan nie, verander die sterwe van die gelowige radikaal van karakter. Die liggaamlike sterwe word nou vir die gelowige nie eers meer ŉ hindernis nie, want die waaragtige léwe, die ewige lewe in Christus se gemeenskap, bly eenvoudig en ongesteurd voortbestaan. Dit verdiep selfs en word dus baie ryker en heerliker.

So word die dood verrassend ontbloot. Die Skrif gee dus perspektief aan die doodsslaap; dit raak wonderlike vergesigte vir ons oop. Die waaragtige lewe oorwin die verskrikking van die sterwensuur. Die ware lewe bly en triomfeer oor die mag van die graf.

Dat die graf vir ons wag bly ŉ feit, maar dit is nie die einde nie, dit is selfs nie eers ŉ onderbreking van die ware lewe nie. Die gelowiges wat weggeruk is uit alle lewensverbande op hierdie aarde, wie se liggame in die graf ontbind, wat in die stof van die aarde slaap en self tot stof vergaan ... daardie selfde gelowiges is terselfdertyd vol van die lewe wat Christus hulle eendag reeds gegee het! By hulle is daar op dieselfde tydstip die dood in die graf én die volle lewe in die hemel!

Die Here Jesus het uitdruklik vir Marta gevra of sy daardie geloof in die ewige lewe in Hom, besit? Marta het dit verstaan deur juis met haar antwoord hierdie Jesus van Nasaret te erken as die Christus, dus die Messias, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom!

Vir ons wat dit vandag mag lees word onontwykbaar dieselfde gevra: "Gló jy dit?"

*Vol blydskap sal siel en liggaam mekaar later begroet. Die graf is ŉ smeltkroes waarin skuim agterbly.*

## SADDUSEËRS AS LES VIR ONS

Luk 20:27.

Gedurig het die vyande van ons Here Jesus probeer om Hom vas te vra of vas te trek sodat Hy Homself belaglik sou maak voor die volk. Maar hierdie duiwelse pogings het nie geslaag nie. Nadat die Fariseërs op hulle neus gekyk het met die strikvraag oor die belasting wil die Sadduseërs probeer.

Luk. 20:20-26

Die Sadduseërs was ŉ groep Jode wat allereers partypolitiese belangstelling gehad het. Toe die Here Jesus op aarde was, was die hoogtepunt van die mag van die Sadduseërs al lankal verby. Tog het hulle die Joodse lewe nog oorheers. In teenstelling met die Fariseërs het hulle min belanggestel in prinsipiële sake. Hulle was teen Jesus gekant omdat Hy ŉ gevaar vir hulle wankelmoedige politieke magsposisie was. Hy was ŉ onrussaaier en daarom moes Hy van die toneel verdwyn.

Eers nadat die Sadduseërs wakkergeskud is deur die "verhoor" van Jesus en daardeur besef het dat hierdie Jesus gevaarlik is vir hulle geld en posisie, het hulle ŉ groot rol begin speel. Die hoëpriesters wat Sadduseërs was, het onbeskaamd-gewetenloos opgetree en dit was hulle wat in alle felheid die Kerk wou uitwis.

Matt. 26:59, 62,67,68
Hand. 4:1, 5:21, 33, 40

Omdat alle aandag van die Sadduseërs toegespits was op die verkryging van winsgewende en belangrike posisies kon hulle die godsdiens nie goed gebruik nie. Netso was godsdiens ook slegs ŉ lastigheid vir politiek. Geloof en lewe is deur hulle dus vanmekaar losgemaak. Wat die geloof betref het die Sadduseërs veral die skriftelike Wet (die Tora of vyf boeke van Moses) aanvaar en al die verklarings daarvan en uitbreidings daarop deur die Fariseërs summier verwerp. Vir die bewering dat hulle die Profete ook verwerp het, bestaan hoegenaamd geen bewys nie en dit klink minstens onwaarskynlik. In elk geval was die Bybel vir hulle slegs

van belang sodat hulle tog nog godsdienstig genoem kon word èn solank die Bybel geen belemmering sou wees vir hulle selfhandhawing nie.

In die tyd van Lukas het die Sadduseërs nog uit priesters bestaan maar hulle invloed was al oorskadu deur dié lede wat grootgrondbesitters en besigheidsmense was. Die Joodse elite het uit die Sadduseërs bestaan. Dit was dan ook dié mense wat op alle gebiede van die daaglikse lewe die meeste kon verloor. Hulle hele lewensuitgangspunt was om deur diplomasie of politieke gekonkel en onderhandelings te sorg dat hulle beursies geen skade sou ly nie. Die godsdiens moes aan Mammon onderwerp wees. Die gevolg was dat op die ou end geen diplomatiese goue middeweg meer gevind kon word nie. Daarom is die Sadduseërs, in die tyd toe die Romeine Jerusalem beleër het, deur hulle mede-Jode op groot skaal vermoor as Romeinsgesindes. Nadat die Romeine Jerusalem verwoes het, het hulle op hulle beurt die Sadduseërs ook uitgewis omdat hulle belangstelling in die politiek gehad het en dus ʼn gevaar was. So het die “slim” Saddusese politici roemloos met hulle party ondergegaan.

Ons leer daaruit dat alleen die volledige handhawing én uitlewing van die volledige Woord van God vir alle aspekte van die lewe werklik léwe waarborg.

*Die Christelike aansporing tot geduld is die volgende:*
*of dit nou armoede of ballingskap,*
*gevangenskap of mishandeling,*
*siekte of die verlies van dierbares,*
*of iets dergeliks is wat ons beproef*
*moet ons weet dat niks van dié dinge ons oorkom sonder die wil en voorsienigheid van God nie en verder, dat Hy niks doen wat nie volledig regverdig is nie.*

## DIE OPSTANDING UIT DIE DOOD IS NIE IETS BELAGLIKS NIE

Omdat die Sadduseërs baie meer belangstelling gehad het in die aardse lewe en belangrike betalende posisies as vir godsdiens, het hulle slegs eenkeer in ŉ debat met Jesus betrokke geraak. Godsdiens was glad nie hulle sterk punt nie. Jare vantevore was daar onder hulle ŉ skeuring waarna die godsdienstigste priesters en sekere ander lede in die woestyn gaan bly het. Slegs wat hulle groot kennis van die Wet betref, het hulle gedink dat niemand by hulle kon kersvashou nie. Daarom het hulle Jesus op ŉ punt uit die Wet probeer uitoorlê.

Die Sadduseërs het die opstanding uit die dood verwerp en probeer nou op ŉ spottende, uitdagende en hooghartige manier daardie geloofsonderdeel van die Fariseërs en die veragte volk belaglik te maak.

Met hulle kennis van die vyf boeke van Moses wou die Sadduseërs op grond van Deut. 25:5, Jesus in ŉ hoek dryf: In Deut. staan “Wanneer broers saamwoon, en een van hulle sterf sonder ŉ seun, mag sy weduwee nie met ŉ buitestaander trou nie. Haar man se broer moet met haar trou en so sy verantwoordelikheid nakom teenoor sy broer. Haar eerste seun moet die naam van die afgestorwe broer dra sodat sy naam nie uit Israel uitsterf nie.” Op grond hiervan kom die Sadduseërs met die verhaaltjie van so ŉ kinderlose weduwee wat met die een na die ander van sewe broers getrou het. Daarna sterf sy ook. Die vraag is nou wie van die sewe broers is haar man op die opstandingsdag? Dit was nie net ŉ strikvraag nie, dit was ook ŉ poging om die geloof in die opstanding belaglik te maak. Dit sou mos onmoontlik wees om ŉ duidelike antwoord te gee en die onmoontlikheid van ŉ bevredigende antwoord sou dus ŉ bewys wees vir die onmoontlikheid van die opstanding na die dood.

Jesus antwoord twee dinge. Allereers wys Hy daarop

dat die toekomstige lewe na die opstanding volkome verskil van hierdie lewe. Al die Jode het gedink dat die lewe na die opstanding presies so sou wees soos die aardse lewe sonder die gevolge van die sonde. Dit sou daarvolgens dus ʼn aardse lewe met ʼn hemelse geluk wees. Veral die huwelik sou dan ʼn ewige genot wees. Daar sou letterlik kinders-by-dosyne gebore word wat almal regverdiges sou wees! Indien dit waar sou wees dan was die Sadduseërs reg deur daarop te wys dat die wet van Deut. 25 onoplosbare probleme op die opstandingsdag sou gee.

Jesus wys nou op die bedoeling van hierdie wet wat die huwelik sien as teëvoeter van die dood. Deur die huwelik met die broer van die oorledene bly die naam en erfdeel tog in Israel voortbestaan. Maar die hemelse lewe is nie vergelykbaar met die aardse lewe nie. Omdat die dood dan verslaan is en nie meer bestaan nie, is die huwelik nie meer nodig nie. Almal wat in saligheid opstaan ontvang ʼn ewige naam en ʼn ewige erfdeel. Die huwelik is trouens nie alleen onnodig nie maar ook onmoontlik. Want hulle wat opgestaan het, is aan die engele gelyk.

Dit beteken nie dat ons engele word nie. Ons bly mense wat as *kinders* van God ʼn groter heerlikheid het as die engele wat “slegs” God se diensknegte is. Maar ons sal soos die engele geslagloos wees wat daarin uitkom dat geen voortplanting van ʼn mens uit ʼn ander mens kan plaasvind nie. Hier op aarde is ons kinders van mense
Rom. 8:23 maar na die opstanding is ons alleen en volkome kinders
Eseg. 37:1-14 van God. Elkeen het sy verheerlikte liggaam ontvang deur die krag van God. Niemand anders is ons Vader nie behalwe God.

Wat ʼn ondenkbaar heerlike vooruitsig!

## DIE TROU VAN GOD IS ONSTERFLIK

Dat die dooies opgewek word, het Moses ook aangedui waar hy in die gedeelte oor die doringbos praat van 'die Here, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob'.

Luk. 20:13.

Ons Here Jesus het in Sy antwoord al oor die engele gespreek en daarmee die valse leer van die Sadduseërs aangeval. Hierdie sekte het die bestaan van engele en geeste ontken. (Hand. 23:8) Nou gaan Hy nog verder teen die dwaalleer van die hooghartige Sadduseërs in, deur hulle verwerping van die opstanding ook verkeerd te bewys. Dit is opvallend dat Christus Hom nie beroep op duidelike uitsprake in die Ou Testament wat oor die opstanding handel nie. Hy kon by die profete verskillende regstreekse uitsprake aanhaal soos uit Jes. 26:19-22, Dan. 12:2 of Hos. 13:14. Maar Jesus, wat selfs die hart van die mens deurgrond, het geweet dat die Sadduseërs veral aan die vyf boeke van Moses onbeperkte gesag geheg het. Of dit so is dat die Sadduseërs die res van die Ou Testamentiese Bybel verwerp het, soos baie geleerdes beweer, is nie bewysbaar nie en nogal onwaarskynlik. Dat hulle die boeke van Moses egter as werklik gesagvol beskou het, weet ons met sekerheid.

In al die eeuelange gestry met die Sadduseërs kon die Farisese Skrifgeleerdes nog nooit uit die boeke van Moses die opstanding van die vlees bewys nie. Daarom was die Sadduseërs ook so seker van hulle saak dat hulle met ŉ beroep op Moses daardie Jesus van Nasaret belaglik wou maak, of minstens skaakmat wou plaas.

Jesus neem op ŉ koninklike manier die handskoen op wat die Sadduseërs hooghartig meerderwaardig na Hom gegooi het. Hy laat Moses praat, daardie Moses wat deur hulle so gruwelik misbruik is en elke keer voor hulle karretjie van selfbelang en selfhandhawing gespan is.

”Dat die dooies opgewek word” het Moses ook aange-dui waar hy in die gedeelte oor die doringbos praat van “die Here, die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob”

Eks. 3:6

Gen. 17

Baie eeue gelede het God die HERE met Abraham ŉ verbond gesluit en beloof “Ek sal vir jou ŉ God wees en vir jou nageslag na jou ...” Wanneer Jesus nou op hierdie God van die drie aartsvaders wys dan wys Hy ook op al die beloftes wat die HERE aan hulle gegee het. Hy lê alle nadruk op die ewige lewende verbondsgemeenskap. Hierdie gemeenskap bly werklik en onverbreekbaar sterk al is die aartsvaders al eeue lank oorlede. Selfs na hulle dood bly die HERE God hulle God en lééf hulle weens die trou van die Here God.

Die mense het die heidense wysgere nou al eeuelank nagepraat oor die sogenaamde onsterflike siel van die mens. Maar in teenstelling met hierdie uitvinding van mense, leer die Skrif ons om te praat van die onsterflikheid van die band wat God met ons gesluit het. Ons sekerheid oor die opstanding en die ewige lewe lê in dit wat Gód doen en in Sy liefdevolle genade wat ewig bly.

*Vir ons is slegs lieflik wat volgens óns insig tot ons saligheid strek en vir ons goed is.*

*Maar ons baie goeie Vader troos ons in beproewing: Hy gee ons die versekering dat Hy juis deur die oplê van die kruis vir ons saligheid sorg.*

*As dit vasstaan dat beproewings vir ons heilsaam is, waarom sal ons hulle dan nie met ŉ dankbare en kalme gemoed dra nie?*

*Wanneer ons dan die beproewings geduldig dra, swig ons nie voor wat noodsaaklik is nie, maar berus ons in wat vir ons goed is.*

## "VIR HOM LEEF HULLE ALMAL"

Hy is nie ŉ God van dooies nie maar lewendes, want by Hom leef hulle almal.

Luk. 20:38.

Met die allergrootste duidelikheid leer die Here Jesus ons in hierdie teksvers dat die sterwe wat ons met ons menslike oë sien slégs één kant van die werklikheid is. Die ander en belangrikste werklikheid wat ons nie sien nie is dat hulle wat sterf bly lééf.

God *IS ŉ* God van ... lewendes. Hy sal dit nie, in die toekoms by die opstanding van die dooies eers wórd nie, nee! Hy *IS* dit nou vandag alreeds! "Want vir Hom leef hulle almal."

Die lewendes is die aartsvaders wat voor die vleeslike oë van die mense al eeuelank dood is en wie se bene al eeue gelede tot stof vergaan het. Weens die lewende band met die God-van-die-verbond lééf hulle nog altyd weens die krag van God se trou en Sy beloftes. "Vir God" lééf
vs. 37a nou alle dooies wat opgewek sal word.

Die woorde "vir Hom" wys op die heerlike band van die oorlede lewendes. Hierdie woorde leer ons ook waaruit daardie lewe bestaan. Vir die mense leef hulle nie meer sigbaar nie, vir God is hulle springlewendig. Dit kan ook nie anders nie want Hy het as God-van-die-lewendes die léwe gegee vir hulle wat op aarde gesterf het en as dooies in die graf lê.

Hierdie God *van* die lewendes laat hulle wat Sy eiendom is, en die werk is van Sy trou, *vir* Hom leef. Hulle staan reg vir Hom om te doen wat Hy beveel, om Hom léwend te eer en te prys.

Ps. 73:24 Ja, Hy het hulle van hierdie aarde weggeneem, uit die lewe met al sy verbande en sigbare aardse kontakte weggeruk, sodat Hy oor hulle kan beskik. Al kan óns geen vreugde en plesier meer hê van en met Abraham en

al ons geliefdes wat ons vooruitgegaan het nie, gebruik die HERE hulle om vir Hom ŉ plesier te wees.[1]

Hy is tog ons Koning wat die reg het om Sy onderdane op te roep. Hy stuur op Sy tyd die oproepinstruksies wat mense van hulle aardse werkterrein wegroep sodat ons Koning en Vader Hom kan verlustig in hulle wat Hy tot aansyn geroep het.

Deur Christus is ons na God gebring en tot kinders van God gemaak. Dit bly so, ondanks sonde en dood. Daar is absoluut niks wat ons van die liefde van God in
Rom. 8:38, 39 Christus kan skei nie. Die verhouding tot God kan en sal nooit vergaan nie. Die woorde: "Vir Hom leef hulle almal" wys op die egte lewe van hierdie egte mense in ŉ heerlike verhouding tot God. Is daar groter troos denkbaar?

*Daar is geen gesegde wat meer gebruik word as "dat die menslike lewe soos rook of ŉ skaduwee is nie".*

*Tog is daar byna niks wat ons méér verontagsaam en waaraan ons minder dink as die kortstondigheid van die lewe nie. Want ons beplan alles asof ons onsterflikheid op aarde ons deel is.*

*Deur watter soort van verdrukking ons ook al beproef word, moet ons altyd op die doel daarvan let: Ons moet geoefen word en gewoond daaraan raak om die teenwoordige lewe te verafsku. Daardeur moet ons aangespoor word om te streef na die toekomende ... In kort: die hele siel (dus die hele mens) soek sy geluk op aarde. Om hierdie kwaad teë te gaan, leer die Here Sy kinders deur hulle gedurig te wys op die ellendes van hierdie nietige lewe.*

---

[1] Die Nuwe Vertaling het "*vir* Hom" verander na "*by* Hom". Dit is nie die oorspronklike nie maar ŉ verklaring wat die sin makliker laat lees maar die betekenis verander.

## SIGBARE TRIOMF

Luk. 20:38
Hand. 23:8

Die Here Jesus het regstreeks teen daardie Sadduseërs ingegaan wat beweer "dat daar geen opstanding is nie en ook geen engel of gees nie."

Opvallend is dat ons Saligmaker volgens Lukas die teks uit Eks. 3:6 nie heeltemal letterlik aanhaal nie. Hy gee daar ŉ Goddelike verklaring van. In Eks. 3:6 lees ons nie woorde van Moses nie, maar word die regstreekse en letterlike woorde van God vir ons gegee: "Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob". In Lukas 20:37 het die woorde *"Ek is"* uitgeval. Maar tog word dit nie vergeet nie. In vers 38 kom dit duidelik uit in die verklaring wat Jesus van Eks. 3:6 gee: *"Hy is* nie ŉ God van dooies nie maar van lewendes". Die HERE God *is nóú*, vandag en tot die opstandingsdag toe, die God van al die verbondskinders wat lééf al het hulle al eeue gelede gesterf.

Dat daar wérklik opstanding van die dooies is, is iets wat al deur Moses vir ons bekendgemaak is. Dit was voor Moses nog nie duidelik geopenbaar nie, maar deur Moses is dit, wat verberg was, bekendgemaak.

Toe die Here Jesus dit gesê het, was daar selfs van die skrifgeleerdes sommige wat volkome saamgestem het. Hulle spreek Jesus eerbiedig aan as ŉ professionele geleerde met die leraarstitel "Meester!, U het goed geantwoord!"

As die skrifgeleerdes — van alle mense! — dit erken het dan kan van ons minstens dieselfde verwag word!

Ons volmaakte Leraar leer ons dus dat daar ŉ baie noue verband bestaan tussen die sogenaamde "tussentoestand" waarin die ontslapenes nou is én die "opwekking of opstanding." Christus sê dat die léwe van ons ontslape geliefdes, wat hulle ontvang as geskenk weens

die verbondstrou van die HERE, ’n werklike *waarborg* is vir die opstanding van die vlees.

Ons Heiland verbind die léwe buitekant die aardse liggaam vandag mét die sigbare lewensherstel in die verheerlikte liggaam op die Dag van die Wederkoms.

Altwee hierdie geloofsfeite is deur die Sadduseërs ontken. Lukas sê, dat hulle sê dat daar geen opstanding is nie, nóg engel, nóg gees (letterlik vertaal). Hulle aanvaar slégs dit wat met die menslike oog duidelik gesien kan word. Alles moet bewysbaar wees met sigbare, voelbare, meetbare bewyse. Onder “engel” verstaan Lukas die hemelse diensknegte van God. Met “gees” bedoel hy die *ménse* wat na hulle sterwe lewend bly voortbestaan sonder dat hulle die opstanding van die vlees al beleef het.

Dit is opvallend dat Lukas so baie belangstelling het vir die verkondiging van die léwe wat onmiddellik met die sterwe bly voortgaan. As ons daaraan dink dat hy aan Teofilus sy evangelie gerig het en hierdie belangstellende heiden seker nog nie gedoop was nie, dan is dit verstaanbaar. Teofilus het geweet dat die heidene die voortbestaan na die dood verwerp het, net soos die moderne heidendom. Daarom kom Lukas met die heerlike tróós van die ewige lewe, van die lewe wat nie deur die dood onderbreek word nie. Daarvan sal die opstanding later die sigbare triomf wees.

Laat ons aan hierdie geloofsfeit vashou, maar ook besef dat Christus ons daarteen waarsku, dat ons van die lewe van die ontslape gelowiges geen menslike voorstelling moet maak nie. Hulle werklike aktiewe lewe in heerlikheid bly vir ons nog verborge onder die onsigbare bewaring deur God.

*Deur die dood word ons uit die ballingskap teruggeroep om in ons vaderland — en dit nogal ons hemelse vaderland — te kom woon. Sal dit nie vir ons troos inhou nie?*

## WERKSAME STILTE VAN DIE LAM

Jesus antwoord hom: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

Luk. 23:35-43

Op ons ontdekkingsreis deur die Woord van God met die doel om te ontdek watter onuitputlike troos God ons gee in verband met die dood, kom ons nou by ’n klein onderdeeltjie van ’n verhaal wat sonder weerga is: Die sterwensure van ons Saligmaker Jesus Christus, die Lam van God, wat Homself offer vir die volkome betaling van al óns sondes.

Daar hang Hy tussen twee misdadigers.

Hy wat sonder enige sonde is.

Hy hang daar as ’n vervloekte aan die vloekhout tussen hemel en aarde. Die aarde verwerp Hom, die hemel weier om Hom te ontvang ... want *dit* is die betekenis van die kruisdood!

Hy wat as Sondelose nie nodig gehad het om klere te dra nie maar dit gedra het omdat Hy ook daarmee die mense in alles gelyk geword het en die teken van die sondeval wou dra, Hy is van Sy eer ontroof. Sy dissipels het reeds verdwyn. Sy lewe was besig om te vergaan. Sy klere as enigste aardse besittings is van Hom afgeneem en deur die lot onder die soldate verdeel.

Ondertussen word hierdie Ongelukkige wat so duidelik onskuldig tot die vloekdood veroordeel is, deur die “elite”, die Joodse leiers bespot. Nie maar net so met allerlei vuil of kwetsende opmerkings nie. Daar klink geen vloeke uit die kele van krotbuurtgespuis nie. Inteendeel, die spot is op die Skrif gebaseer. Die Jode hét die Skrif gekén! Al hulle gespot was ’n duiwelse verklaring van Psalm 22. As daar iemand is wat die Bybel ken en dit juis vir sy verderflike werk inspan, dan is dit die duiwel! Niemand het trouens ooit so baie eeue die tyd gehad om dit te leer ken nie.

Dit word die warmste tyd van die dag. Die sonwyser

gooi geen skaduwee nie. Loodreg brand die son op die aarde neer maar ook op die drie gekruisigdes.

Soos die son ongenadig op hulle brand, brand die pyn in die rou wonde en brand die verterende koors in die uitgestrekte oopgespalkte kaal liggame. Sonbesies en muggies pla en maak die magteloosheid nog duideliker. Vlieë en brommers wemel oor die warm bloed teen die liggaam af en vererger die brandende pyn deur die gekriewel van hulle insektepootjies.

Om gekruisig te word beteken om in die hel ingestoot te word. Daardie drie is nou al reeds in die hel: Verwerp van die aarde, geweier deur die hemel, gedoem tot die hel omdat die kruisdood deur God vervloek is.

Bokant die kruis in die middel staan geskryf die aanspraak van die Gekruisigde wat Homself Koning genoem het. Pilatus het dit daarop laat skryf om die Jode te terg deur hulle te wys op hulle magteloosheid onder die Romeinse heerskappy. Met ŉ duiwelse beroep op Psalm 22, wat heeltemal verdraai word, spot die Jode met ŉ Koning wat magteloos is.

Volgens Matteus en Markus het die twee misdadigers wat weerskante van Jesus Christus gehang het, nie soos die Joodse geestelikes Jesus gelaster en gevloek nie, maar Hom beledig. Die woord beledig beteken dat hulle Hom op spottende en verwytende manier gevra het waarom Jesus dan tog nie iets doen om uit hierdie ellende te kom nie?

Hierdie sonde verword by die een misdadiger egter tot growwe Godslastering: Hy help Homself en ons nie, omdat Hy dit nie kan doen nie. Hy is ŉ Bedrieër ...

Die lydende Jesus bly stil. Maar hierdie stilte is ŉ werksame stilte ... Hy werk in hierdie stilte in en met die hart van die een misdadiger.

Die stilte van God kan ons so dikwels moedverlore maak om later te laat sien dat Hy juis in die stilte met ons gewerk het en ons vasgehou het.

# 'N EENVOUDIGE ARMSALIGE GEBED WAT ... AANVAAR IS

Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Luk 23:42,43.

Jesus hang aan die vloekhout en bly doodstil ondanks al die goddelose laster wat toegedraai is in Skrifwoorde. Hy antwoord die "geestelikes" nie en ook nie sy kruis-kollegas nie. Soos Petrus later sou sê: "Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat

1 Pet. 2:23 regverdig oordeel ..."

Die smartvolle lyding van Jesus bring ŉ verandering in die hart van die een misdadiger. Christus swyg maar hy praat met sy kameraad: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man!"

As dit dan so sou wees dat God teen Jésus gedraai het, hoe baie erger sou God dan nie teen húlle twee misdadigers wees nie. Jesus het niks teen God se wil gedoen nie maar hulle het teen God én die mense gruwelik gesondig.

Allereers kom die misdadiger tot skuldbesef.

Daarna kom hy tot ŉ verrassende gebed.

Die Heilige Gees werk in hom.

Die misdadiger kan slegs begin bid omdat hy sy sonde besef. Vóór ons lê dieselfde pad: Alleen deur eers ons sondes te erken en te bely kan ons tot die gebed kom.

Ons leef in ŉ wêreld wat God op die verskriklikste manier laster. Gedurig word gevra: Wat beteken die kruis nou eintlik vir ons wêreld? Kyk net hoe onnoembaar baie ellende is daar.

Maar allereers moet ons vra: Wat beteken óns nou eintlik vir God? Dan moet ons bely: Ons is skuldig.

God het alles so mooi en goed gemaak maar ons bederf dit gedurig. Gód het rasse gemaak maar óns is die rasseprobleem. Gód het die mens gemaak en óns die sondige egoïsme. Die magdom wêreldprobleme waarmee ons God opsaal is ons eie onbetaalde rekenings. As daar iets is waarvoor ons moet bid dan is dit dat ons bid dat onsself ons skuldbesef van die Here mag ontvang.

Ons sal nie eerder tot die gebed kan kom nie: “Jesus, dink aan my ...” Die vervloekte misdadiger het daartoe gekom. Ag, dit was maar ŉ onvolmaakte gebed, maar aanvaarbaar. En dit kan van baie van ons roetine-gebede wat ons met netjies-gevoude hande en ŉ groot omhaal van plegtige woorde bid ... nie gesê word nie.

Die misdadiger kon nie eers sy hande vou nie, hy kon maar net ŉ paar woorde prewel en het dit te midde van folterende pyn moontlik meer uitgekerm as plegtig gebid: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.” ŉ Gebed waarop daar teologies genoeg kritiek uitgebring kan word, asof dit saak sou maak. Die lydende misdadiger vra dat Jesus later, êrens in die vae toekoms, wanneer Hy Koning is, tog sal dink aan hom wat in hierdie benarde toestand na die hel verwys is.

Christus het self hierdie gebed in daardie man laat kom. Dit was ŉ vrug van sy lyde. Al amper twintig eeue lank het daardie kruislyde wêreldwyd harde en verwytende harte saggemaak en hulle laat bid.

Ken ons daardie vrug van die kruislyde self al? Bid ons persoonlik met dringende hartstog: Jesus dink ook aan my!? Ons moet saam met die misdadiger in die tou gaan staan en sê: “Here, wees my ellendige sondaar genadig wanneer U met u heilige engele kom ...”

So ŉ gebed is maar eenvoudig-armsalig, so min ...

Tog is dit alles.

Dit was voldoende vir die skurk langs sy Heiland op Golgota.

Dit is voldoende vir u in lewe en in sterwe.

## GEEN KERKHOF NIE MAAR ’n LUSHOF

Luk. 23:43

Ons Verlosser preek vir die misdadiger aan die kruis en vir al die hooggeagtes daar op die Kopbeenhoogte, ’n verstommende kort preek. Nou ja, om in daardie omstandighede ’n preek van ’n uur af te steek was vir die Verkondiger en die luisteraar onmoontlik en onnodig. In ’n paar woorde sê Jesus alles wat nodig is.

Jesus red die misdadiger deur te preek. ’n Baie groter wonder as die wonder wat die mense wou sien. Hulle wou die toorkunsie sien dat die gekruisigdes sommer so van die kruise los sou kom, sigbaar verlos sou word — om dan natuurlik weer deur die Romeinse soldate nog stewiger aan die kruis vasgeslaan te word. ’n Kortstondige verlossing! Maar Jesus verkondig en skenk aan hom die ewige verlossing. Hy laat daardie man die werklike betekenis van Sy lyde sien.

Teenoor al die laster en beledigings het Jesus stilgebly maar nóú verkondig Hy openlik dat Hy hierdie man verlos en óns as sondaar-misdadigers ook kan verlos. Almal mag dit hoor: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met my in die paradys wees!"

Jesus het aan die ellendig-geplaagde gekruisigde nie nou ’n raaiseltjie opgegee om die lydenstyd korter te laat voel nie. Hy spreek nie in geheime taal nie. Die gekruisigde misdadigers en die Joodse toeskouers het presies geweet wat Jesus bedoel het.

Neh. 2:8
Hoogl. 4:13
Pred. 2:5

Die woord "paradys" was vir elke gelowige Jood ’n baie bekende woord. In die Ou Testament word dit drie keer genoem. Neh. 2:8; Hoogl. 4:13 en Pred. 2:5. Die woord beteken ’n lushof, ’n park wat met bome, struike en plante begroei is en volop

water het. Toe die Ou Testament in Grieks vertaal is, het die vertalers die tuin van Eden dan ook met "paradys" vertaal. Dit was tog ŉ lushof vir die mens wat nog nie in sonde geval het nie, die koningsmens. Die Here het "allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit" en ŉ rivier gegee "om die tuin nat te
Gen. 2:9, 10 maak".

In daardie wonderlike omgewing kon die mens die guns en liefde van die HERE ondervind.

Tog kon God se kinders hierdie paradys nie behou nie. Omdat hulle in opstand gekom het teen God, is hulle daaruit weggestuur. Die gerubs het as wagte verhinder dat die mense terug kon kom.

Maar nou hoor die vloekende godsdienstige Jode en die biddende misdadiger dat die paradys weer terugkom. Christus Self maak die paradys weer oop en die eerste wat daar inkom is hierdie vervloekte moordenaar wat daar tussen hemel en aarde leer bid het.

Deur Sy genade in Christus, skenk God weer die volle lewensweelde. Christus se betaling is die sleutel wat die deur van die paradys as lushof en plek van volkome lewensbloei, wawyd oopmaak.

Vir die misdadiger dus geen kerkhof nie maar ŉ lushof.

*Die Here laat toe dat sy kinders dikwels deur oorloë, opstande en allerlei onregverdige behandelings verontrus en geteister word. Die doel daarvan is dat hulle hulself geen groot blywende vrede in die aardse lewe belowe nie. Om te voorkom dat hulle alte veel sou smag na verganklike en onbestendige rykdom, of in alle gemoedsrus sou vertrou op dit wat hulle besit, beproef die Here sy kinders. Hy doen dit byvoorbeeld deur die onvrugbaarheid van die aarde of deur ŉ verwoestende brand, en laat hulle dan weer op ander maniere arm word of Hy gee hulle net hul beskeie deel.*

*Laat dit vir ons vasstaan dat niemand goeie vordering in die leerskool van Christus gemaak het nie, behalwe hy wat beide die dag van sy dood én van die laaste opstanding blymoedig verwag (vgl. Titus 2:13)*

## WAT DIE PARADYS VIR ONS BETEKEN

Luk. 23:43

In die tyd van Jesus het die Jode drie dinge onder die "paradys" verstaan. Allereers die paradys van die begin, soos die tuin van Eden genoem is. Verder die paradys van die toekoms, dus die nuwe aarde. Maar tussen die twee paradyse het hulle ŉ derde paradys aanvaar. Dit wat ons dikwels die "tussentoestand" noem. Die plek waar die gelowiges wat reeds ontslaap het voorlopig bly. Die plek dus wat nog vir óns oë verberg is, maar waar die siele van die geregverdigdes voortleef.

Die Here Jesus het daar aan die kruis op hierdie laaste betekenis gewys. Met dié algemeen-bekende siening deur die Jode het hy die misdadiger getroos. Vandag het ons nog dieselfde drie verklarings van die paradys. Die enigste verskil is dat ons die plek waar die ontslape regverdiges nou leef eerder die hemel noem. Ons praat selfs maklik van die "tussentoestand". Dit is nie verkeerd nie want dit wys daarop dat daar iets groots is wat ons verwag nl. die opstanding van die vlees. Tog moet ons onthou dat Jesus die "tussentoestand" só heerlik vind dat Hy dit die paradys noem waarin reeds herstel van die ou ellende aanwesig is.

Hierdie paradys waarin die gelowiges kom, is dus eintlik die woning van God. Paulus praat in 2 Kor. 12 ook daaroor. In vers 2 skryf hy dat hy weggeruk is tot in die derde hemel, in vers. 4 noem hy die derde hemel die paradys. Paulus se bedoeling moes vir die Korintiërs duidelik wees want anders sou hy dit wel verduidelik het.

Ons praat vandag van daardie plek in God se skepping waarin die ontslape gelowiges leef as die "hemel" en nie as die "paradys" nie. Maar dit is dieselfde plek.

Paulus praat nou van die "derde hemel". Dit is
1 Kon. 8:27 ongetwyfeld die "hoogste" hemel, die plek waar God self in alle heerlikheid woon. In die Ou Testament word dit ook die "hoogste hemel" genoem. Amos

vergelyk dit met ŉ Oosterse huis. Bo-op die plat dak was dikwels bokamers gebou wat dan met behulp van ŉ leer of trap bereik kon word. So kyk ons teen die hemelkoepel aan wat onder God se bokamers is. Elkeen wat by die liggaamlike sterwe dan na die paradys of hemel gaan, gaan dus ŉ verdieping hoër om in God se bokamer te kom.

Am. 9:6

Die hemel waarin die geregverdigdes leef is ŉ werklike plek maar daardie plek word nêrens gevind op die aardse mens se ruimtekaarte nie. In die hemel, in die paradys waar die Here woon en die engele Hom verheerlik het Paulus onuitspreeklike woorde gehoor. So heerlik dat die aardse mens daardie woorde nog nie kan of mag uitspreek nie. Daardie wonderlike voorreg wag nog vir die gelowige.

*Dit is inderdaad só: solank die hele geslag van gelowiges op die aarde woon, moet hulle soos skape wees wat vir die slagpale bestem is (Rom. 8:36). Die doel hiervan is om hulle aan Christus, hulle Hoof, gelykvormig te maak. Hulle sou dus die bejammerenswaardigste mense wees, tensy hulle alles in die wêreld te bowe kom, en die teenswoordige orde van dinge oorbrug. Dit kan hulle doen deur hulle harte hemelwaarts te verhef.*

*Wanneer die gelowiges eenmaal die kop bokant die aardse dinge verhef het, sal hulle ook maklik in beproewings staande bly. Al sien die gelowiges ook die voorspoed, vrede, weelde en plesier van die goddeloses, hulle sal staande bly selfs al word hulle geskok deur die gemeenheid en verdrukking van die goddeloses. Want die gelowiges sal die oë gevestig hou op dié dag waarop die Here sy kinders in die rus van sy Koninkryk sal ontvang. Dan sal Hy alle trane van hulle oë afvee. Hy sal hulle klere van heerlikheid en vreugde aantrek. Hy sal hulle voed met onuitspreeklike lieflikhede en genietinge. Hy sal hulle verhef tot gemeenskap met sy hoogheid. En uiteindelik sal Hy hulle waardig ag om deel te hê aan sy geluksaligheid. (Jes. 25:8; Op. 7:17).*

## *EK VERSEKER JOU: VANDAG* SAL JY SAAM MET MY IN DIE PARADYS WEES

Luk. 23:43

Met alle nadruk sê Jesus vir die misdadiger dat hy volkome kan vertrou op dit wat Jesus hom antwoord op sy kort maar kragtige gebed. Jesus is só seker daarvan dat Hy wat daar, skynbaar magteloos, aan die vloekhout hang, in sy Koninkryk sal kom as Oorwinnaar. Daarom kan Hy die misdadiger daarvan verseker dat hy as eerste vrug van die kruiswerk in die hemelse paradys gebring sal word. Die Here Jesus sê vir hom: Amen, Ek sê vir jou. "Amen" dit beteken dat dit absoluut waar en seker sal wees.

Wanneer die Here Jesus dit met so ŉ sekerheid vir daardie man aan die kruis kon sê dan mag ons vandag ook op daardie belofte bou en vertrou. Ons mag daardie troos gelowig aanvaar en besit.

Op die vraag "wanneer kom die gelowige in die hemelse paradys?" mag ons die woord van ons Verlosser aanvaar dat dit onmiddellik gebeur wanneer ons ontslaap. Die misdadiger het gehoor: *"Vandag* sal jy saam met My in die paradys wees." In sy gebed het daardie man as enigste bely dat hy Jesus Christus as Koning erken. Met diep geloof en groot geloofskennis bely hy dat Jesus se saak nie hopeloos verlore is nie. Die dag van Christus se heerlike verskyning sal sekerlik aanbreek. Hy dink dus aan die Dag van die Wederkoms.

Die geweldige troos wat sy Verlosser hom gee is egter dat Jesus hom daarvan verseker dat Hy nie eers op daardie dag van die Wederkoms na hom sal omsien nie. Sy Verlosser sal nie eers op ŉ onbepaalde tydstip in die verwegvae toekoms aan hom dink nie, maar sommer vandag nog op sy sterfdag.

Watter troos vir die lydende mens aan die vloekhout.

Hy hoef nie te wag op daardie dag waarop Koning Jesus met koninklike eer en mag na die aarde sal terugkom nie. Die Here Jesus sal sommer vandag nog op sy sterfdag aan hom dink. En in die Skrif beteken "dink aan my" nie maar net om so nou en dan in die gedagtes met iemand besig te wees nie. Wanneer die misdadiger vra dat Jesus aan hom moet dink vra hy dat sy Koning Hom daadwerklik met sy lot sal bemoei. Die man wat nou ŉ vervloekte is, smeek dat die Koning hom barmhartigheid sal bewys, Hom sal ontferm en hom sal laat deel hê in die seën van sy Koninklike heerskappy.

Die Here Jesus antwoord op die gebed nou eintlik op twee maniere: Hy skenk ryklik onverwagte hulp vir vandag én die belofte vir die Dag van die Wederkoms. Die hulp-vir-vandag is ŉ voorsmaak van en waarborg vir die gevraagde volle verlossing van later.

Die troos van die Wederkoms van Christus met die opstanding uit die graf is onlosmaaklik verbonde met die troos dat ons onmiddellik op ons sterfdag by die Here is

*Wat vasstaan is dat ons hart ooit ernstig hunker na of nadink oor die toekomstige ewige lewe nie, tensy dit eers deeglik geleer het om die teenswoordige lewe se ydelhede te verag nie.*

*Daar is geen goue middeweg tussen die twee uiterstes nie: Óf die aardse wêreldse lewe moet vir ons waardeloos word, óf dit moet ons verslaaf deur ŉ onbeheerste liefde. As ons dus enigsins begaan is oor die ewigheid, moet ons ons tot die uiterste inspan om onsself te bevry van die tydelike kettings van die wêreldse lewe.*

*Al leef die mens soos ŉ dier hy sterf as mens.*

## EK VERSEKER JOU: VANDAG SAL JY *SAAM MET MY* IN DIE PARADYS WEES

Watter asemberowende geweldige oomblik was dit toe Jesus die misdadiger geantwoord het! Jesus Christus hang aan die vloekhout om volkome te betaal vir die sondes van sy kinders van alle tye. Op daardie oomblik het God ŉ nuwe pad geskep. Hy het die pad vir die mens na die hemelse paradys geskep; ŉ pad wat oor die kruis-offer van Jesus gaan. Op daardie pad kon die misdadiger as allereerste na die troon van God gaan.

Maar die misdadiger het nie alleen gegaan nie. Hy het saam met Jesus Christus gegaan. In die innigste gemeenskap met sy Verlosser. Daar word dikwels gewonder of die wat ontslaap het niks weet nie en nêrens van bewus is nie. Om saam met Christus te wees wys op ŉ baie bewuste lewensgemeenskap met Hom. In die "tussentoestand" lééf die gelowiges en hulle wéét dat hulle leef.

Christus het gesterf en in die graf gekom. Die misdadiger ook. Altwee was in die hart van die aarde. Maar buitekant die liggaam het altwee die hemelse paradys binnegegaan. Saam het hulle hand-in-hand die paradys ingekom; Christus omdat Hy dit verdien het, die misdadiger omdat Christus vir hom betaal het.

Terwyl Christus dit gesê het vir die misdadiger, het Hy nog aan die kruis gehang. Daar is Hy vir ons tot sonde gemaak. Daarom hoor ons selfs in die keuse van sy woorde dat Hy nog in vernedering aan die kruis hang. Hy is op dieselfde vlak as alle verlore kinders van God.

En daarom sê Hy nie vir die misdadiger: jy sal *agter* My aan in die paradys kom nie. Nee, vandag sal jy *saam met My* in die paradys wees. Soos ons hier saam aan die kruis hang, so gaan ons netnou saam na die paradys. Dan kom ons saam Tuis. Die een verlore weens eie skuld, die Ander verlate deur u skuld. Maar ons Vader neem ons vandag saam aan.

So is dit nog altyd vir elkeen wat glo.

Die sterwe is vir elkeen wat glo: Om by Christus in die hemelse paradys te wees.

Na Christus se opstanding en hemelvaart is Hy in Sy verheerlikte menslike liggaam daar. Wanneer ons ontslaap kry ons ons liggaam nog nie in sy verheerlikte vorm terug nie. Daardie volmaakte volkomenheid ontvang ons op die Dag van die Wederkoms. Die waarborg daarvan mag ons gedurig sien in die liggaam van ons Verlosser. Tog sal ons buitekant die liggaam in volle bewustheid saam met Christus lééf in die hemelse paradys.

Die ewige verbond wat God met ons gesluit het lê vas in die kruisoffer van Jesus Christus. Elkeen wat in Hom glo hét die ewige lewe:

Vandag in hierdie lewe.

Op dié oomblik wanneer ek in my Saligmaker Jesus Christus ontslaap.

Tydens die hele tyd van die "tussentoestand" waarin ek my léwend in Christus, God en die Heilige Gees mag verlustig.

By die Wederkoms wanneer ek my verheerlikte liggaam terugkry om my Drie-enige God met nuwe mond, hart, hande en voete te mag verheerlik tot in ewigheid.

*Tog mag die veragting wat die gelowiges vir hierdie lewe koester, dus ons volgehoue pogings om die huidige wêreld beter na waarde te skat, nie só wees dat ons die lewe begin haat of ondankbaar teenoor God word nie.*

*Al is hierdie lewe ook vol ontelbare ellendes, word dit tog tereg by die seëninge van God gereken. Dit mag nooit gering geskat word nie.*

*As ons die weldadige goedheid van God nie in ons lewe erken nie, is ons reeds skuldig aan geen geringe ondankbaarheid nie teenoor God self.*

## IN U HANDE GEE EK MY GEES OOR

Ps. 31:6
Luk. 23:46

In sy laaste woorde aan die kruis het ons Saligmaker weer ʼn aanhaling uit die Psalms geneem. Baie eeue vantevore het sy vader na die vlees hierdie woorde gebruik. Dawid het in haglike omstandighede tot die HERE gebid en toe sy gees of lewe in God se hand oorgegee.

Dawid se lewe is deur vyande bedreig. Hulle dink dat hulle hom klaar in hulle net gevang het. Maar Dawid weet seker dat die HERE hom verlos en in daardie sekerheid gee hy sy lewe, en dus homself as léwende in veilige bewaring aan God oor. Dawid verwag lewensbewaring te midde van al die aanvalle van sy vyande. God trek hom uit die net en laat hom verder leef (vs. 5)

Hoe is dit dan moontlik dat Jesus daardie selfde gebed bid om met daardie woorde op die lippe te stérf pleks van om te bly leef?

Jesus het hierdie gebedswoorde hard uitgeroep sodat elkeen wat daar gestaan het en ons wat dit vandag mag lees met sekerheid mag wéét dat ons Middelaar en Borg in die nood van sy sterwe volkóme op die verlossing van sy getroue Vader gebou het. Net soos Dawid eeue vantevore op sy God vertrou het.

Die toeskouers by die kruis het gespot dat God vir Jesus verwerp het en dat dit nou finaal klaar is met Hom én sy werk. Maar Jesus bely in sy laaste kruiswoord dat God Hom juis help en dat Hy sy lewe nou by die Vader in bewaring gee. Na die drie-uur-lange angsaanjaende duisternis en vasgeslaan aan die wrede vloekhout hang Hy daar in uiterste pyn, reg voor die oop poort van die grynsende dood. Op die Kopbeenhoogte met die graftes om Hom heen is die Christus volkome seker van sy voortbestaan ondanks die feit dat sy menslike lewe gewelddadig beëindig word.

Die menslike lewe het net daarna uit Sy heilige liggaam vertrek om in die hand van die Vader bewaar te word tot daardie heerlike opstandingsdag toe. Sy werklik dooie liggaam is begrawe. Al wonder wat voor die opstanding gebeur het, was dat sy liggaam nie begin
Hand. 2:31 vergaan het nie.

Voordat ons Here Sy laaste asem uitgeblaas het en
Pred. 3:21 daarmee alle lewenskrag duidelik sigbaar verloor het,
12:7 het Hy gesê dat Hy daardie lewe in die veilige hande van sy Vader toevertrou.

Watter troos vir ons dat ons mag weet dat ons Heiland oortuig daarvan was dat sy lewe wat hier op aarde uit sy liggaam sou gaan, veilig aktief verder sou leef by die Vader wie se vólle toorn geblus was ("dit is volbring"). Die volmaakte offer van Christus vir al óns sondes is volkome deur die Vader aanvaar.

Dit troos ons by die sterwe van ons gelowige geliefdes. Ons Saligmaker kon sonder liggaam onmiddellik met sy sterwe in saligheid by die Vader rus. Nou mag die gelowiges, volgens die belofte aan die misdadiger, in die paradys van die gemeenskap van die Vader bly lééf.

*Veral vir gelowiges moet die lewe ŉ bewys wees van God se goedheid en God se guns — want die doel van alles in die lewe is om hulle saligheid te bevorder. Want voordat God die erfenis van die ewige heerlike saligheid openlik aan ons skenk, wil Hy in dinge wat van minder belang is, wys dat Hy ons Vader is. Dié dinge is die goeie in al die seëninge wat ons daagliks van Hom ontvang.*

*Hierdie lewe dien om ons God se goedheid te leer verstaan, sou ons dit dan durf minag asof daar geen greintjie goed in is nie?*

## HOU GOEIE MOED!

Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.

2 Kor. 4:16-17

In sy tweede brief aan die Korintiërs was Paulus dikwels op die geweldige las van lyding wat die gelowiges soms of dikwels moet dra. Paulus self nie in die laaste plek nie. In 2 Kor. 4:11 sê hy dat ons wat lewe voortdurend aan die dood uitgelewer word. Maar dan wys die apostel daarop dat God se genade vir hom en baie mense geweldig groot is. Hieroor sal God jubelend gedank en geëer word.

Wanneer dit alles in rekening gebring word, veral dan die heerlikheid van God en van Jesus Christus wat deur Sy Heilige Gees in die apostels en die gemeente werk, dan word ons nie moedeloos nie. Dan kan ons tog nie moed opgee en ons Goddelike roeping verwaarloos nie. Inteendeel, Paulus verteer sy lewe juis in die diens van Christus. Hy brand hom uit in sy werk.


Uiterlik is dit duidelik aan Paulus te sien dat hy vergaan. Sy liggaam is oud voor sy tyd, word gesloop want die vervolging en géseling en bekommernis oor die gemeente eis sy tol. Liggaamlik sal Paulus dit nie kan volhou nie en op ’n bepaalde oomblik sal hy as gevolg van al sy ontberings op sy vermoeiende reise en die afmattende stryd teen valse broeders sterf.

Jes. 40:29-31 Maar al vergaan hy baie duidelik liggaamlik, is daar binne-in dieselfde Paulus ’n verborge krag wat hom van binne af nuutmaak. Elke dag groei sy lewende gemeenskapsband met Christus. Die lewe van geloof, hoop en liefde bly blom. Omdat Christus deur Sy Gees binne-in Paulus werk kon hy dit tot nou toe bly volhou.

Hierdie Paulus wat dikwels aan die einde van sy liggaamskragte is, sê nou: ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ŉ heerlikheid wat alles by uitstek oortref en wat ewig bly.

Dit is asof hy nou ŉ outydse weegskaal in sy hande hou en in elkeen van die twee skale iets neerlê om die een teen die ander op te weeg en ons so daarmee te troos.

In die skaal van vertroosting sien ons:




Op hierdie manier plaas Paulus die geweldige lyding wat hyself ook moes beleef in die regte Skriftuurlike perspektief.

*As ons ons lewe nie aan God kan toevertrou nie, hoe kan ons ooit ons siel aan Hom toevertrou?*

## SWAARKRY IN PERSPEKTIEF

Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ŉ heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

2 Kor. 4:17, 18

Wanneer ons oor ŉ moeilike saak ŉ besluit moet neem dan is dit altyd ŉ baie goeie manier om ŉ lys te maak van die werklike voordele aan die een kant en die nadele aan die ander kant. Tot vandag toe is dit van groot waarde. Wanneer twee mense wil trou of skei is dit altyd ŉ saak waarin die persoonlike gevoelens die botoon voer. Ons word in ŉ baie groter mate deur ons emosies gelei as wat ons graag wil erken. Maar wanneer ons die ware feite op papier voor ons sien dan verander dit die prentjie gewoonlik sommer baie. Dan kry ons baie makliker perspektief.

Paulus het dit eeue en eeue gelede al gedoen. Wanneer die swaarkry in hierdie lewe gelowig vergelyk word met die heerlikheid wat vir die volhardende gelowige wag, dan maak die swaarkry ons nie moedeloos werkloos nie.

Maar wat so mooi is in die Woord van God is dat ons nie met ŉ dosis "positiewe denke" of oosterse meditasietegnieke bedwelm word om sodoende onsself wys te maak dat ons swaarkry darem nie so erg is nie. Die Woord van God leer ons geen volstruispolitiek nie, ook geen ontvlugting van die werklikheid nie.

Om alleen by Paulus se tweede brief aan die Korintiërs te bly, sien ons daarin duidelik dat hy ontsettend swaargekry het en dit eerlik nugter erken. Onmiddellik in hfst. 1 skryf hy daaroor om dit op te som in "die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het." In

4:16 het ons al gesien dat hy daardeur uiterlik-liggaamlik vergaan.

Paulus weet egter wat die bedoeling van die swaarkry is. Daardeur word ons geleer om ander wat swaarkry te vertroos met dieselfde troos waarmee God ons vertroos het (1:3 e.v.) en ons word geleer om in alles op God te vertrou (1:9 e.v.). Die swaarkry is nie ŉ noodlot nie, dit kom van God en Hy het ŉ bepaalde bedoeling daarmee.

Wanneer Paulus dan gelowig na sy amper onmenslike lyding kyk dan sien hy dat dié afbreek van die liggaam op sigself maar ŉ beperkte aantal jare kan duur. Hoe swaar dit werklik is kon dit nie in die minste opweeg teen die gewig van die ewige heerlikheid wat *nooit* ophou of verdwyn nie.

Nou kan ons dit nie lekker gemaklik vanuit ŉ gemakstoel of ŉ gerieflike bed op ŉ afstand bekyk nie.

Die apostel sê ook dat daardie swaar lyding vir ons die heerlikheid "bewerk" of "uitwerk". Dus alleen elke gelowige wat gewillig, sonder gekerm en geklaag sy skouer onder die kruis van die swaarkry laat skaaf en pynig, het in die vooruitsig om as genadeloon die kroon van heerlikheid te ontvang.

Mat. 19:29
Hand. 14:22
Hebr. 11:26

Die kroon van heerlikheid wat vir die gelowige wag in die ewige koninkryk van Christus. Daar waar ons in ons verloste liggaam onverderflik, onverwelklik, onverganklik by die Here sal wees. Geen siekte, trane, bekommernis, stryd of dood sal enige lyding kan veroorsaak nie. Wat kan nou swaarder weeg?

*Die dood het verander van ŉ vloek na ŉ seën.*

*Van ŉ leer wat afdaal na die hel word dit ŉ leer wat ons laat opklim in die hemel.*

## *WANT* ONS WEET ...

Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar ŉ tent is, afgebreek word, ons ŉ vaste gebou in die hemel het. Dit is ŉ woning wat nie deur mense gemaak is nie maar deur God, en dit bly ewig staan.

2 Kor. 5:1

Die apostel gaan in 5:1 verder met sy werk om die een teen die ander op te weeg. Hy begin met die woordjie *"want"* (hierdie woord is nie in die Nuwe Vertaling weergegee nie.) Hy sê dus eintlik: dat die sigbare dinge soos die lyding tydelik is, maar die onsigbare soos die heerlikheid en Christus éwig, dit *wéét* ons ongetwyfeld seker want ... En dan weeg hy weer. Nou kom in die een skaal die "woning-van-nou" en in die ander skaal die “woning-van-netnou".

Vandag woon ons in ons aardse woning wat maar ŉ tent is. Een of ander tyd sal dit afgebreek word. Daar is tog geen woonplek op aarde wat makliker en vinniger afgebreek kan word as ŉ eenvoudige tent nie. Hiskia het sy lewe ook vergelyk met ŉ tent wat sommerso afge-
Jes. 38:12 breek en opgerol kan word. So verganklik, breekbaar en onstandvastig is die lewe van die mens.

1 Kor. 15:47 Ons tentwoning is boonop ŉ *aardse* woning. Die
Gen. 2:7 eerste mens was "uit die aarde" en gaan terug na die stof
Ps. 103:14 van die aarde. Wanneer my aardse tentwoning afgebreek
Gen. 3:19 word, gaan ek terug na die aarde waaruit God die materiaal geneem het vir die skepping van my voorvader en waarbo God hom deur die skepping as koning geplaas het.

2 Pet. 1:13, 14 Petrus vergelyk ons lewe ook met ŉ tent. Ons bly in hierdie tentwoning en hy sê dat hy weet dat die aflegging van sy tentwoning ophande is. Deurdat hy praat van "aflegging" dus die bêre van iets wat later weer opgetel word, wys hy op die voortgaande band tussen die liggaam wat begrawe word en die liggaam wat weer

opgewek word en opstaan.

Paulus beklemtoon ook hierdie band. Teenoor die aardse tentwoning staan die onverganklike ewige gebou van God. Hierdie gebou is nie deur mense gemaak nie en dus nie tydelik nie. Dit het uit die hand van God gekom. Hy is Bouer en Argitek en daarom is dit so stewig dat dit ewig in die hemel sal bly bestaan.

Paulus leer ons nou dat ons daardie verheerlikte liggaamshuis in die hemel *het.* Tog kan dit in die lig van die héle Skrif nie beteken dat die gelowiges wat in Christus ontslaap onmiddellik, dus nog voor die
Rom. 8:23 opstanding, hulle nuwe liggaam ontvang nie. Met die
1 Kor. 15:35 liggaamlike dood het ons nog nie die werklike vruggebruik van ons nuwe liggaam nie.

1 Petr. 1:4,5 Petrus gee ons die oplossing op die vrae wat nou opkom. Die besit van die verheerlikte liggaam is ŉ werklikheid, dit word as onverwelklike erfenis deur Christus vir ons bewaar. Dit word by ons sterwe nog wel nie onmiddellik vir ons gegee nie maar word veilig vir ons bewaar. Dit is net soos wanneer ek geld op vaste deposito in die bank het, dit is myne maar word veilig vir my bewaar om dit later voelbaar en sigbaar in my hande te kry. Die saligheid as volle verlossing lê reeds kant en klaar vir my in die hemel as my besit wat soos ŉ vaste deposito veilig deur Christus bewaar word.

My aardse woning kan maklik in ŉ oogwink afgebreek word maar bo lê in Christus my nuwe liggaamswoning reeds kant en klaar. Die ewige gewig van die
2 Kor. 4:17,18 heerlikheid is klaar reg in die hemel al sien ek dit nou nog slegs met die oog van die geloof. Op daardie onsigbare dinge vestig ek nou doelbewus my oë. Die wêreld lag ons uit en noem dit kyk na lugkastele maar ons word bekwaam gemaak deur die op God se openbaring-gegronde seker wete: *want* ons wéét (5:1)

*Die dood is die voertuig wat ons na die bruilof van die Lam bring.*

## HARTSTOGTELIKE VERLANGE NA DIE WEDERKOMS

Terwyl ons in die tentwoning leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die hemel ons sal oordek.

2 Kor. 5:2

Die sekere wete dat my nuwe liggaamswoning in die hemel, in Christus al gereed lê, laat my nie koud nie. Dit is geen kleinigheid nie maar ŉ geweldige troosvolle én opwindende gedagte. Paulus was ook net soos ons ŉ volledige mens met begeertes en gevoelens. As hy dan die teenswoordige aardse toestand vergelyk met die heerlikheid hiernamaals dan raak dit hom baie diep en dan sug hy net so diep.

Dit is ŉ swaar en benoude sug oor die onvolmaaktheid van die aardse liggaamsbestaan én ŉ sug vol hartstogtelike verlange na die lewe in die heerlikheid.

Een van die opvallende mooi trekke in die Skrif is dat die Heilige Gees die Woord van God deur mense op skrif laat stel en tog elke Bybelskrywer sy eie persoonlikheid laat behou het. Hier sien ons dit weer. Paulus was ŉ tentmaker van beroep en het in die vorige vers ook in aansluiting by Hiskia en Elifas, die beeld van ŉ tent gebruik. Nou gebruik hy in vers 2 die beeld van ŉ kleed of jas wat van dieselfde materiaal gemaak is, as waarvan tente gemaak is.

Natuurlik bly dit beelde en is dit vir ons ook hier moeilik om ons presies in te dink wat Paulus daarmee bedoel het. Ons leef in ŉ tyd wat totaal anders is en waarin die taal baie van die beeldrykheid verloor het.

Paulus verlang hartstogtelik daarna dat hy met die verloste liggaam oorklee sal word. In daardie tyd het die mense ŉ onderkleed én ŉ bo-kleed gedra. Geklee in die onderkleed, is allerlei werk gedoen, terwyl die bo-kleed

gedra is by rustiger geleenthede. Natuurlik werk ons nie in ons onderklere nie maar oor die algemeen werk die mans in kantore ens. sonder baadjie.

Die tweede en dus die hemelse kleed wat bo-oor die eerste kleed moet kom, is dan ons woning uit die hemel. Hierdie hemelse huis is die nuwe liggaam wat in Christus vir die gelowiges bewaar word (vs. 1) Paulus skryf dus oor die oomblik waarop die gelowiges die nuwe verloste liggaam werklik ontvang. Dit gebeur eers op die heerlike dag van die Wederkoms. Dan sal die verganklike liggaam beklee word. Dan word die onverganklikheid aangetrek. Nou praat Paulus egter nie van "aantrek" nie maar van "oorklee". Hy en die gemeente wil graag sonder om te sterf en dus in die liggaam van vandag die verloste liggaam ontvang.

1 Kor. 15:53, 54

Paulus verlang dus hartstogtelik daarna dat die Here Jesus moet kom sodat die ou liggaam dan ook deur die nuwe verloste liggaam oorklee kan word. Hierdie verlange is ook aangevuur weens die ellende wat die liggaamlike aardse bestaan so versuur. Verder word hierdie verlange versterk deur die huiwering om korter of langer liggaamloos te wees. Die nuwe liggaam lê kant en klaar by Christus, maar Paulus sou graag onmiddellik van daardie besit wil geniet.

Ons leer hieruit om sterk te verlang na die Wederkoms van Christus. In die christendom het die ou heidense gedagte ingesluip om na die dood te verlang as die groot bewerker van die begeerde liggaamloosheid. Dit word aangewakker deur die praat oor "siele wen" en om die liggaam so as iets minderwaardigs te beskou. Maar die Skrif leer ons hier dat die liggaamlike sterwe as aflegging van die ou liggaam nie iets is om oor te jubel nie. Dit bly ’n hartseer saak maar die troos is dat dit slegs tydelik is en dat ons mag bid dat dit vir ons nie nodig hoef te wees nie. Daarom mag en — moet die gebed bly opklim: "Kom, Here Jesus!"

## BEGEERTE IN TOOM GEHOU DEUR DIE WAARBORG

Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie. Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe. Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.

2 Kor.5:3-5

Paulus sou bittergraag wou hê dat Christus nog tydens sy lewe op aarde, weer op die wolke terugkom. Dan sou sy sterflike liggaam onmiddellik oorklee word met die nuwe verheerlikte liggaam. Tog is hy ook maar ŉ mens en weet hy dat dit ons nie toegelaat is om te gaan spekuleer oor die toekoms van Christus nie. Daarom pas die terughouding "as ons tenminste gekleed en nie naak bevind sal word nie". Paulus weet nie of dit by hom en die gemeente wel ŉ oorkleding sal word en of hulle op daardie dag nog die ou kleed as aardse liggaam sal besit nie. Hy is eenvoudig nie seker of sy wens vervul sal word nie.

Hierdie christelike nugterheid sien ons ook in vs. 4. Die gelowige is nie ŉ altyd-blye-Halleluja-jubelende wese nie, ŉ verskynsel wat net aandag vir ŉ onsigbare "siel" het en vanuit ŉ swewende posisie jammerhartiglik neerkyk op die minderwaardige liggaam nie. Inteendeel, sugtende begeertes en bedruktheid kom juis in ons liggaamlike bestaan voor en raak ons liggaam baie direk.

Die apostel sug benoud en is bedruk omdat hy geen verlange het om liggaamlik te sterf nie en sodoende van die aardse liggaam afstand moet doen nie. Hy wil juis graag tydens sy lewe op aarde die heerlikheid van die vólle léwe ontvang.

Paulus besef die moontlikheid dat sy verlange nie vervul sal word nie maar dit neem die begeerte wat in sy hart leef nog nie weg nie. Die gelowige is nie ’n dooie rekenaar waarin ’n program met die druk van ’n knoppie uitgevee kan word nie. Begeertes waarvan die vervulling onseker is hoef nie maar net verwerp te word nie.

Die apostel wil die Wederkoms graag beleef "sodat wat sterflik is, verslind kan word deur die lewe". Hierdie volkome oorwinning van die volle lewe oor die dood bly die hoofdoel. Daar is geen sekerheid dat die menslike en gelowige verlange na óórkleding vervul sal word nie. Maar daar is volkome sekerheid dat die einddoel van God se paaie met Sy gemeente bereik sal word. Die ontvangs van die verloste liggaam is ontwyfelbaar seker. Vir daardie groot gebeure het God ons juis voorberei. As voorskot daarop en waarborg daarvan, het God ons Sy Gees gegee.

God het Sy Gees vir ons gegee as ’n soort vooruitbetaling, ’n voorskot op die totale "skuld" waaraan die Here Hom verbind het deur die belofte van die verlossing van die liggaam. Die Gees is die onwankelbaarsekere waarborg dat die verlossing ontvang sal word.

Daarom het ons berusting en vertroue dat dit nie wérklik saak maak nie of ons in hierdie liggaam (dus gekleed) of na ons liggaamlike sterwe (dus naak) aangetref word nie. Met alle sekerheid wéét ons een ding en dit is dat die groot doel in elke geval bereik sal word.

In ons harte mag die begeerte leef om die Wederkoms van Christus nog in hierdie liggaam te beleef, dit is ’n goeie maar tog onsekere begeerte. Maar daarby moet daar in ons harte die sekerheid leef dat die verlossing van die ou liggaam gewaarborg is deur die Gees wat nou al in ons harte woon. Sy aanwesigheid is die lewende waarborg van ons lewe in die verloste liggaam.

## DIE BRON VAN ONS DAPPERHEID EN MOED

Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie ...

2 Kor. 5:6

Die Heilige Gees wat vandag al in ons harte woon is die lewende waarborg dat ons die volmaakte lewe in ons verloste liggaam sal ontvang. Daarom is ons altyd vol goeie moed, ondanks die feit dat hierdie aardse lewe tydelik is en die probleme wat ons teister ons soms amper wanhopig laat word. Wanneer ons alles gelowig-nugter afweeg, veral met die oog op die heerlikheid wat in en deur die Heilige Gees gewaarborg word, dan het ons saam met Paulus werklik goeie moed.

Ons hét die Heilige Gees as waarborg van die toekomstige volkome verlossing. Elkeen wat dit glo bly nie vassteek in ŉ verlangende gesug na oorkleding nie (vs. 2) of in ŉ amper depressiewe bedruktheid omdat ons nie ontklee maar oorklee wil word nie (vs. 4). Ondanks die opsien teen die sterwe as aflegging van die liggaam bly die gelowige altyd vol goeie moed.

Die gelowiges wat die Gees as waarborg ontvang het gaan vol vertroue die toekoms in. Dit is geen blinde vertroue nie. Gelowiges dra geen oogklappe nie. Hulle weet dat die moontlikheid bestaan dat hulle sal sterf voordat Christus weer kom. Dan beroof die sterwe ons van die liggaamskleed voordat ons nog die nuwe liggaamshuis uit die hemel ontvang het. Wanneer ons sterf word ons begeerte na oorkleding nie vervul nie maar ... dit dryf ons nie tot wanhoop deur daaraan te dink nie. Selfs met die oog op daardie werklike moontlikheid besit ons nou tog die geskenk van die Gees waardeur God ons waarborg en bewys dat die groot lewensdoel tóg bereik word.

Die Heilige Gees maak ons só dapper en skenk ons gedurig só baie goeie moed dat sélfs die geweldige besef dat ons nou nog ver weg is van ons verheerlikte Here Jesus Christus, ons nie tot wanhoop kan verlei nie.

As ons in die swaarkry van die lewe ons Heiland sou kon sien as die Oorwinnaar oor dood en graf, dan sou dit ons onnoemlik baie kon versterk. Dan sou ons ŉ sigbare bewys hê dat net soos Hy nou is, só sal ons as ellendige beproefde mense van vandag óók wórd! Maar wat kan ons nou maak met al die ellende en swaarkry? Waarop kan ons steun noudat die Mens en Middelaar Jesus Christus nie meer met ons menslike oë gesien kan word nie en ons soos wese op ons lewenspaadjie moet voortsukkel? Is ons dan tog maar mense wat moet vrede maak met sukkel en swaarkry sonder enige beter toekoms?

Paulus jubel dit nou eintlik uit: nee, nee! dit is juis die teenoorgestelde. Ons hét die Gees as lewende waarborg. Ons mag dit so mooi bely in navolging van die Woord: "Christus stuur ons sy Gees as ŉ teëpand, deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus sit aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie".

Heid. Kat. antw. 49c

*Ons moet die lewe beskou as deel van die gawes van God se liefdevolle goedheid, wat glad nie gering geskat mag word nie. Die Skrif leer ons dit duidelik. Selfs die natuur moedig ons aan om dank aan die Here te betuig. Hy het ons die lewe gegee; Hy gee ons die gebruik daarvan; Hy gee ons ook alle nodige middels om die lewe in stand te hou.*

*Die rede daarvoor is nog baie belangriker as ons besef dat ons in die lewe — in sekere sin — voorberei word vir die heerlikheid van die hemelse koninkryk.*

*Die Here het dit so beskik dat diegene wat op Sy tyd in die hemel gekroon sal word, eers die goeie stryd op aarde moet stry, sodat hulle nie hulle oorwinning sal vier voordat hulle die probleme van oorlogvoering baasgeraak en die oor-winning behaal het nie.*

## DUBBELE BURGERSKAP

Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie.

2 Kor. 5:6, 7

Die slot van vers 6 is in die 1933-vertaling van ons Bybel ŉ baie goeie vertaling van die oorspronklike Grieks maar die betekenis bly vir ons eintlik ook grieks. Wat word tog bedoel met "ons weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon". Die Nuwe Vertaling verduidelik dit met "ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie..."

Paulus vergelyk hier weer. Om in die liggaam te bly beteken om al die ellende van die lewe in hierdie sterflike liggaam saam te vat, ingesluit die moontlikheid om te sterf voor Christus se Wederkoms. Nou gebruik die apostel ŉ bepaalde woord vir inwoon (in die liggaam) wat daarop neerkom dat ons in die liggaam só tuis is soos burgers in hulle vaderland.

Daarteenoor staan die "uitwoon" wat daarop wys dat iemand in ŉ vreemde land as vreemdeling of uitlander woon.

In kort wil die apostel ons leer dat terwyl ons tuis is in die liggaam, ons met betrekking tot die Here uitlanders is en van Hom geskei hier op aarde leef.

Die apostel wys ons daarop dat ons twee vaderlande het. Die een is die liggaam op aarde, die ander is Christus in die hemel.

Solank ons nog in die liggaamlike vaderland is, is ons soos wêreldreisigers of selfs bannelinge wat daardeur baie verweg is van ons ander "vaderland": Christus. Die christen hoort tog nêrens anders tuis te wees nie as juis by sy hemelse Christus. Maar nou het hy in die liggaam

op aarde sy tuiste. Daarom leef die christen altyd in ŉ spanning tussen hierdie twee "vaderlande". Die apostel
Hebr. 11:13 erken dit rondborstig sonder om die een teenoor die ander af te speel of te verkleineer.

Is hierdie kloof tussen christen in die vaderland-in-die-liggaam en die vaderland-van-Christus-in-die-hemel dan onoorbrugbaar groot? O nee, sê Paulus in vers 7: "want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie". Ons het ŉ lewende gemeenskap met Christus wat in ons aardse liggaam geoefen word en groei. Hierdie gemeenskap kom deur die geloof, deur die aanneem van die Woord.

Ons sien hier op aarde die hemelse Christus nie in Sy verhoogde heerlikheid nie. Die Heilige Gees (vs. 5) skeur die hemel nie vir ons oop sodat ons die Here met ons oë kan sien nie. Maar Hy laat ons loop deur die gebied van die geloof. In die vaderland-van-die-liggaam bou ons op die geloof in die evangelie. Die geloof is tog om te bly staan by dit wat ons hoop en ons is oortuig van
Hebr. 11:1 dit wat ons nie sien nie. Ons sien die Here nie maar ons
Joh. 20:29 glo in Hom. Solank ons in hierdie bedeling is bly dit so.

Alleen omdat ons in die buiteland is en dus vérweg is van ons vaderland-Christus kan ons Hom nie sien nie. Maar dit is slegs tydelik soos Paulus in vs. 8 ons leer.

*Wanneer die aardse lewe met die hemelse vergelyk word, ly dit geen twyfel nie dat die aardse geminag en vertrap kan word. Sekerlik mag dit nooit gehaat word nie, behalwe vir sover dit ons aan die sonde onderwerp. Selfs dié haat mag eintlik nie op die lewe self gerig word nie.*

*Ons afkeer van die lewe moet allesbehalwe ŉ gekla en ongeduldigheid wees. Ons moet bereid wees om hier op aarde te bly so lank as wat dit die Here behaag, want dit is asof die Here ons brandwag laat staan, en dit moet ons getrou en flink doen, totdat Hy ons aflos en terugroep ... Dit berus by God om te bepaal wat sy eer die meeste sal bevorder.*

## GEHEILIGDE VERLANGE

Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon. Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil.

2 Kor. 5:8

Paulus het gewys op die betreklike armoede van die geloofslewe in hierdie liggaam, omdat ons Christus nie kan sien nie. Maar nou beklemtoon hy weer dat ons weens die geloof en die werk van die Heilige Gees tog gemeenskap met die Here het en dit gee ons baie goeie moed.

Tog neem dit nou juis nie weg dat Paulus bittergraag die verheerlikte Here wil sien. Hy wil graag méér hê as om net met die geloofsoog tevrede te moet wees. Maar as hy en ons Christus wil *sien* moet daar bereidheid wees om na Christus toe te vertrek. Om hierdie vaderland getroos te verlaat om die Trooster te kan ontmoet en by Hom te gaan woon.

Paulus verlang dus daarna dat die in-die-liggaam-tuis-te-wees verander word deur die vertrek uit die liggaam. Die doel van hierdie buitelandse reis is om by die Here in die vaderland tuis te kom. Om daar voluit te lééf in Christus in die hemel as die vaderland.

Elke gelowige wat in Christus ontslaap en hier op aarde sigbaar begrawe word, het by sy sterwe onmiddellik al uit sy liggaam vertrek na Christus-in-die-hemel met die doel om by Hom te woon. Om juis in Christus se nuwe liggaam die waarborg van sy salige opstanding te sien.

Die groot pluspunt waaroor Paulus skryf is dat ons na ons sterwe ons lewe-in-Christus mag sien, dan mag ons dus wél leef deur te sien (vs. 7). Dan mag ons óók buitekant ons aardse liggaam die besit van ons verloste liggaam in Christus bekyk. God het in Christus, wat ons

nuwe verloste liggaam "in-deposito-hou", ŉ heerlike uitstalvenster vir sy oorledenes gegee.

Vir ŉ man wat sy geld belê het teen hoë rente en daardie sekuriteite by die bank in veilige bewaring laat hou, moet dit verblydend wees om ŉ keer bank toe te gaan om daardie waarborgbewyse te bekyk. Vir die apostel is dit ŉ groot vreugde om sterwend na Christus-in-die-hemel te vertrek, die Christus wat Self die lewende waarborgsertifikaat is vir Paulus se eie opstanding in heerlikheid.

Dit lyk asof Paulus homself nou teëpraat. In vs. 2 en 4 het hy glad nie daarna uitgesien om te moet sterf nie. Maar dit was omdat hy daarteen op gesien het om in die staat van liggaamloosheid op sigself te kom. Nou begeer hy wel die dood maar slegs omdat hy dan by Christus tuis sal wees. Hy verlang dus glad nie die dood-op-sigself nie maar omdat dit die enigste manier is om by Christus tuis te kan kom verlang hy om te vertrek. Te vertrek op die werklike reis na Christus toe.

Dus geen verlange na die dood om so van alle ongerief, moeite en verdriet ontslae te wees nie, om dan ŉ welverdiende rus te kry nie. Nee ŉ vurige verlange om in plaas van die teëpand van die Heilige Gees, die eerste
l Kor. 15:20 pand naamlik Christus Self te mag sien. Christus die lewende en sigbare Waarborg van ons heerlikheid wat in Hom reeds veilig bewaar word.

Mag daardie Skriftuurlike verlange ons ook só beheers dat dit in ons lewe gesien word as ŉ lewe volgens Sy wil.

*As dit daarom vir ons gepas is om óf vir die Here te lewe, óf te sterwe, moet ons die grense van ons lewe of dood aan sy wil en welbehae oorlaat. Ons moet dit egter só doen dat ons brand van verlange om heen te gaan en voortdurend daaroor nadink. In vergelyking met die toekomstige onsterflikheid moet ons die ydelheid van die huidige lewe verag. Weens die verslawing aan die sonde, moet ons ook verlang om die lewe vaarwel te sê wanneer dit die Here ook al sal behaag. (Rom. 7:24; Fil. 1:20-24).*

## WAT IS BELANGRIK?

Fil. 1:1-18

Die apostel Paulus skryf sy brief aan die gemeente in Filippi terwyl hy in die tronk sit terwille van sy geloof. Omdat hy die Woord van die Bevryder verkondig het, is hy juis ŉ gevangene. Waarskynlik in Rome, al maak dit aan die inhoud van die brief geen verskil nie.

Dit is logies dat gevangenes baie meer aan hulle eie toestand en toekoms dink as mense wat vry is en druk besig is om hulle daaglikse brood te verdien. By Paulus is daar egter ŉ geweldige verskil. Hy is ook besig om baie oor die toekoms te dink. Maar die gedagtes oor die toekoms draai by hom nie om die vraag oor hoe dit met hom as persoon sal gaan nie. Die middelpunt waar by Paulus alles om draai is nie sy klein "ek" nie maar Christus. Vir Paulus is selfs in die onseker en dreigende omstandighede in die gevangenis sy Here Jesus Christus alles ook onder alle omstandighede. Selfs in boeie bly hy dieselfde dienskneg of slaaf van Jesus Christus (1:1). Altyd bly hy in diens van dieselfde Here.

Daarom het Paulus selfs in die benarde omstandighede van die gevangeskap sy werksroeping bly uitleef. Hy het die Woord verkondig; die blye boodskap van bevryding. Die belangrikste is en bly vir hom dat ook hierdie omstandighede dien vir die bevordering van die verkondiging van die lewende Woord (vs. 12) Die resultaat daarvan was dat die heersers van daardie dae én die broeders wat vry was, dit gehoor het. Dit het dan ook die vrye broeders nuwe vrymoedigheid en moed gegee om, onbevrees vir moontlike gevolge, die Woord te verkondig.

Paulus weet ook dat daar mense is wat die verknorsing waarin hy in die gevangenis is, nou uitbuit om weens jaloesie sy werk te probeer slegmaak. Tog raak hy nie opgewonde daaroor nie. Iets wat juis in daardie omstandighede so begryplik menslik sou wees.

Omdat die apostel "in Christus" is, kan hy in die krag van Christus verder kyk as die kleinlikheid van mense wat net belangstel in hulle "eervolle posisie" in die gemeente. Hierdie binnegevegte in die kerk om hoogwaardigheidsbekleërs te probeer wees en so alle waardigheid van die gemeente van Christus onwaardig te maak en die kerk te onteer voor God en wêreld, is dus al baie oud. Paulus kan deur die werk van die Heilige Gees suiwer bly kyk en so die waarde sien van ŉ prediking wat, ondanks alles, tog die Naam van Christus bly uitdra.

Dit maak hom gelowig-bly, geweldig bly, dat die Blye Boodskap verkondig word. Ons ontbeer in ons dae so dikwels iets van hierdie blydskap, wanneer ons praat oor allerlei groepe wat nie inpas binnekant die grense van ons kerklike terreine nie. Kritiek is daar genoeg. Baie kritiek op mense buitekant ons kerklike grense, minder kritiek op die eie kerk en kerke wat as familie erken word. Solank hierdie kritiek na Skrifgefundeerde sélfkritiek kom en werklik Skrifgebonde is, is dit noodsaaklik. Maar dit is slegs reg as die liefde daarin deurklink en daar genoeg ruimte is én bly vir vreugde, omdat die Naam van Jesus Christus darem tog op ŉ manier grootgemaak en uitgedra word.

*Christus het Homself nie gegee vir denkbeeldige sondes nie, maar vir werklike sondes. Nie net vir klein en nietige sondes nie, maar ook veral vir groot en growwe sondes. Nie vir een of twee sondes nie, maar vir alle sondes. Nie vir sondes wat oorwin is nie, maar vir onoorwonne, groot en growwe sondes.*

*God is dan die allernaaste, wanneer Hy die verste weg blyk te wees.*

## DIE DOEL VAN DIE LEWE

En ek sal my ook verder verbly, want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan. Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.

Fil. 1:19-21

Die apostel het deur die Heilige Gees die krag ontvang om homself "weg-te-dink" in sy volkome oorgawe aan die eer en verheerliking van Christus se Naam. Daardeur verloor die skerp teëstelling tussen lewe en dood ook sy karakter wat ons so dikwels bang maak.

Paulus bly ʼn gevangene. Dit sou verstaanbaar wees as hy, soos ander gevangenes wat gedurig besef dat hulle lewens in gevaar is of soos siekes wat gedurig in onsekerheid leef, moedeloos sou word van al die gedurige spanning. Maar Paulus vlug nie in moedeloosheid nie. Hy ken geen spanning wat die senuwees tot breekpunt verteer nie. By hom is daar die rustigheid van die geloof in Christus.

Sy lewenslied se ritme is om Christus groot te maak. Hierdie ritme word nie eers onderbreek of afgebreek deur die dood of die gedagte daaraan nie. Die apostel se vurige verlange is dat Christus ook nou grootgemaak sal word deur sy liggaam in lewe én in sterwe. Hy wil Christus volkome verheerlik. Net soos in die sing van ʼn loflied die grootheid van Christus gehoor word, so wil Paulus sy liggaam gebruik as instrument waarin en waardeur Christus verheerlik word. Sy liggaam as sy hele wese, sy hele voelbare, sigbare en hoorbare manier van bestaan op hierdie aarde moet die plek wees waardeur die heerlikheid van Christus uitstraal. En dit nogal onder alle

omstandighede of hy sal leef óf wanneer deur die dood die hele liggaamlike bestaanswyse inmekaar sal stort.

Paulus leer ons dat die léwe bly. Die duidelik sigbare liggaamlike lewe én die duidelik sigbare liggaamlike sterwe dien altwee om die grootheid van Christus te openbaar.

Die rede is: want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. Christus is die Lewe van sy lewe en die Krag van sy krag. Christus is vir hom alles en hy leef volkome vir Hom. Christus is dus die doel en sin van sy lewe, Hy maak sy lewe propvol. Net en alleen daarom is die sterwe wins. Paulus verheerlik die dood dus nie soos tot vandag toe die heidene (ook die blanke Westerse heidene!) doen nie. Alléén deur Christus word die sterwe vrugbaar, word dit wins.

*In hierdie lewe mag ons ŉ voorsmaak van God se liefdevolle goedheid hê, sodat ons al hoe sterker sal hoop op en verlang na die volle openbaring daarvan.*

*Dit is baie eienaardig en tragies dat baie mense wat sê dat hulle Christene is, tog vreesbevange is vir die dood. In plaas daarvan om na die dood te verlang, sidder hulle elke keer as daarvan gepraat word. Asof dit die onheilspellendste, verskriklikste ramp is wat hulle kan tref.*

*Om van nature ontsteld terug te deins wanneer ons hoor dat ons liggame sal ontbind en vergaan, is nie snaaks nie. Maar dit is onhoudbaar dat daar in die hart van ŉ Christen nie die lig van die vroomheid is, om die vrees vir die dood deur die groter vertroosting te oorkom en te oorwin.*

*Want ons moet onthou dat hierdie onbestendige, sukkelende, verderflike, bouvallige, verwelklike, en wegkwynende tentwoning van ons liggaam sal ontbind sodat dit netnou tot ŉ onverganklike, volmaakte, onverderflike, kortom tot hemelse heerlikheid vernuwe word.*

*Sal ons geloof ons dan nie dwing om vuriglik te verlang na dit waarvoor ons natuur bang is nie?*

## STERWE AS WINS

Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie.

Fil. 1:21-22

Ons sien in die woorde van Paulus dat die dood se positiewe kant beklemtoon word. Vir ons is die dood van ŉ geliefde ŉ groot verlies, ŉ persoonlike skade en nadeel. Paulus sê egter nadruklik *in die verband* van sy betoog: vir *my is* die sterwe wins. Daardie wins is die *vrug* van Paulus se lewe wat vol van Christus is. Ons kan sê dat Paulus se sterwenswins die rente van sy lewe is.

Is Paulus hier dan nie in stryd met Ps. 30:10 nie? Daar sê die digter: "watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit U trou verkondig?" In Ps. 30 is daar vir God geen wins in die sterwe nie, in die sterwe hier op aarde wat afgehandel word in die begrafnis.

Paulus sê egter dat daar vir homsélf sterwenswins is maar óók vir die verheerliking van God in Christus. Dit is dus duidelik dat Paulus die klem laat val op ŉ *ander* aspek van die sterwe.

As Paulus spesiaal sou gepraat het oor sy begrafnis dan sou hy dieselfde konklusie as Dawid in Ps. 30 gekry het. ŉ Dooie Paulus in die graf wat die Woord nie meer kan verkondig nie, sou op sigself geen voordeel vir God of mense of Paulus beteken nie.

Maar Paulus sien in die sterwe baie meer en ook iets anders as die vertrek uit die lewe op hierdie aarde. Die apostel skryf trouens ook nie oor die vrugte van sy lewenswerk vir *ander* mense nie maar spesifiek oor die vrugte vir *homself.* Hy is oortuig daarvan dat hy werklik self wins sal ontvang in sy sterwe, dat hy die lewens-rente sal ontvang en self sal kan geniet.

Hoe ons dit moet verstaan word eers duidelik in, en in verband met die volgende verse: Daarin sê hy dat hy moet kies tussen die wins in die sterwe na sy lewe, wat vol was van Christus, óf die heerlike vrug van die werk waarvoor hy geroep is. Dus vrugbare arbeid. Paulus weet nie wat om te kies nie.

Paulus voel dat hy van twee kante vasgedruk word. Aan die een kant wil hy graag vertrek om met Christus te wees want dit is die wins van sterwe. Die woord wat vertaal is met "om heen te gaan" beteken om jou tent op te breek en dus verder te gaan en te vertrek. Die gevolg én doel van die reis is dan spesifiek om by Christus te wees.

*As ek myself bestraf*
*dan prys ek God.*
*As ek myself versmaai*
*dan eer ek God.*
*As ek téén myself spreek dan*
*sal God my Voorspraak wees.*
*As ek myself aankla*
*dan sal God my vryspreek.*
*As ek my skuld opnoem*
*dan sal Hy my verdienstes opnoem —*

*soos Hy gedoen het teenoor Maria Magdalena, in die huis van Simon die melaatse.*

*Al hét die verlossing plaasgevind en al is ons waaragtig deur die bloed van God se Seun verlos, is dit noodsaaklik dat ons* ***daagliks*** *vir die verlossing bid. Want in hierdie lewe het ons nie die* ***tiendes*** *nie maar die* ***eerstelinge*** *van die Gees.*

*Die sonde moet volkome doodgemaak word, of dit sal u doodmaak.*

## REGTE ROEPINGSBESEF VOORKOM SELFS GELOWIGE VERLANGE NA STERWENSWINS

As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in ŉ tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe. Omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan toeneem in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê. As ek weer by julle kom, sal julle oorvloedige rede hê om Christus Jesus oor my te prys.

Fil. 1:22-26

Wanneer Paulus van sy verlange praat om by Christus te wees, dan gebruik hy die woord "opbreek" wat gewoonlik so mooi vertaal word met "heengaan". Hy gebruik dieselfde woord vir die dood in 2 Tim. 4:6. Letterlik beteken dit om die tent of ŉ leër se tentelaer af te breek en om daarna verder te trek, of om die skip se anker op te trek om die see in te vaar.

So wil Paulus bitter graag vertrek om dan by Christus te wees. Dit is die doel van daardie reis.

Die opbreek-deur-te-sterf beteken verbreking van die gemeenskap met die geliefdes op die aarde.

*Positief* beteken dit om ŉ gemeenskap saam met Christus te belééf wat intiemer en sterker sal wees as wat hier op aarde al moontlik was. Die "met Christus wees" hou in om saam met Hom te wees én om werklik by Hom te wees as iemand wat as vriend deur Hom gelei word en by Hom behoort. Daarom is dit goed te verstaan dat Paulus daarna verlang het.

Paulus verlang dus nie na die dood op sigself nie, nog minder verheerlik hy dit. Maar die wins van die sterwe is dat hy dan ŉ lewende belewenis daarvan sal geniet om

met die Here Jesus Christus as Middelaar en mens te wees. Hier op aarde was Paulus se lewe vol van Christus, maar Hy was hier natuurlik nie meer aanwesig in Sy menslike natuur nie, omdat dit reeds na Hemelvaartsdag was. In die hemel mag die gelowige sy Borg Jesus Christus as volkome Mens van "vlees en been" sien in groot heerlikheid.

Langs paaie wat ons nie ken nie gaan die sterwendes na Christus in die hemel, om daar waar ons gevorderdste meet-apparate nie kan peil nie, mét Hóm te leef. Die gelowiges gaan werklik op reis en kom net so werklik
2 Kor. 5:8 tuis.

Met my menslike verstandjie verstaan ek dit nie, ek hoef dit ook nie te verstaan nie. Al wat ek moet doen is om dit te glo. My hemelse Vader het baie meer woonplek as wat ek my kan indink. Wanneer ek vertrek na daardie woonplek dan is dit inderdaad nog maar ŉ tydelike huisvesting, ŉ noodwoning omdat dit nog die "tussentoestand" is. Maar daardie tydelike huisvesting is só pragtig omdat ek Christus daar aantref. Hom wat ek só lief het dat ek die krag ontvang om my geliefdes op aarde agter te laat.

Vir Paulus is om met Christus te wees die allerbeste, maar om in die lewe te bly is noodsaakliker vir die gemeente. Daarom weeg die allerbeste nie op teen die noodsaaklikheid nie. Sy werk in die kerk en daarbuite was nog nie klaar nie. Paulus dink nie aan sy eie voordeel nie maar aan die roeping wat hy ontvang het om ander in die geloof te laat groei, om hulle al hoe meer die rykdom te laat sien wat hulle in Christus het. Daardeur sal hulle blydskap ook groei, hulle groot blydskap in God deur Jesus Christus.

Is ons roeping anders? Hierdie roeping kan selfs in my hoë ouderdom, of op my siekbed, of vanuit my rolstoel uitgeleef word. Geloof is nie ŉ saak van bedruktheid, somberheid en verdriet nie maar van vreugde. ŉ Vreugde wat *nooit* vergaan nie.

## DIE GEESTE IN DIE GEVANGENIS

En so het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en daar sy oorwinning aangekondig.

1 Petr. 3:19

Die Woord van God spreek uiters min oor die blyplek van dié dooies wat as ongelowiges gesterf het. Dit is in elk geval van geen belang vir dit wat ons moet weet om salig te kan leef en sterf nie.

Die apostel Petrus lig die sluier ŉ bietjie wanneer hy in die tekswoorde praat oor die geeste in die gevangenis wat aan God ongehoorsaam gebly het in die tyd van Noag. Hierdie geeste is dus die mense wat as goddeloses in die sondvloed omgekom het. Hulle bestaan al die lang eeue steeds nog buitekant die liggaam.

Hierdie geeste van die goddeloses bestaan egter nie in gemeenskap met God nie. Om te sê dat hulle buitekant die liggaam en van God geskei lééf, is te veel gesê. Die ware léwe vind ons slegs by die Skepper en Onderhouer van alles wat uit niks geroep is. Daarom kan ons beter praat van die bestaan van hierdie geeste; ŉ afgryslike en armsalige bestaan. Want hulle is van God afgeskei en moet nou sugtend in ŉ gevangenis wag op die voltrekking van die laaste oordeel. Om in daardie gevangenis te wag is al ŉ oordeel van God oor hulle. (Jes. 24:21, 22)

Waar dit vir ons in hierdie woorde van Petrus oor gaan is dat ons hier geleer word dat daar werklike menslike voortbestaan is buitekant die liggaam wat al eeue gelede tot stof vergaan het. Hierdie voortbestaan is selfs só lewendig en wakker dat die geeste in die gevangenis werklik ŉ boodskap kan ontvang van die verhoogde Christus wat na die hemel opvaar. Hulle ellende word daardeur nog groter.

(Judas 14, 15) Toe hulle nog in hulle liggame op hierdie aarde geleef het, het hulle van Henog gehoor dat God hulle sou straf oor hulle goddeloosheid. Nou sien en hoor hulle dat

Christus werklik volkome oorwin het. Nou weet hulle dat Hy ook as hulle Regter onstuitbaar opgevaar het na Sy hemeltroon. Sy hemelvaart was vir hulle ŉ preek dat die bestaan in die gevangenis van voorlopige aanhouding, binnekort verander sal word. Die dag van die laaste oordeel is naby en die volle las van God se groot en regverdige toorn sal ongetwyfeld binnekort op hulle neerkom.

Op aarde het hulle nie die moeite gedoen om hulle daaraan te steur dat Henog as voorbeeld van Christus se hemelvaart deur God in die hemel opgeneem is sonder om te sterf nie. Hulle het selfs al hoe goddeloser geword en God nog meer gelaster. Die waarskuwing wat God gegee het in die opneem van Henog het hulle goddelooslik in die wind geslaan. Maar nou word hulle deur God gedwing om alle ag te slaan op die teken dat die laaste oordeel onafwendbaar nader kom.

Hier is ons gebed op sy plek dat ons die Drie-enige God vra dat Hy ons deur Sy Gees laat waarsku en ons tot bekering bring.

*Hierdie lewe is nie ŉ vroomheid nie,*
*maar moet na vroomheid groei;*
*nie ŉ gesondheid nie,*
*maar moet gesond wórd;*
*nie ŉ rus nie maar ŉ oefening;*
*ons is nog nie maar wórd dit;*
*dit is nie die einde nie maar die pad;*
*alles blink en sprankel nie*
*maar alles wórd skoongemaak.*

## UIT DIE OOG, NIE UIT DIE HART NIE

Maar julle het wel gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van die regverdiges wat nou volmaak is...

Hebr. 12:22,23

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs wys op die heerlikheid van die nuwe bedeling wat Christus vir ons bewerk het met Sy soendood. Hy roep ons gedurig op om daardie rykdom reg te sien en om in die daadkragtige geloof gehoorsaam te volhard.

Ex. 19:9 e.v., 20:18 e.v.

Toe God Hom aan Israel openbaar het by Horeb het die volk met angs en bewing na Hom gekom en op 'n groot afstand bly staan, daar was geen blydskap en blye vertroue nie. Na die werk van Christus het dit alles verander. Die skrywer sê dat ons by die Sionsberg gekom het. Hierdie berg lê in die beloofde land en spreek van beskerming en rus en die seën van die versoende God. Die aardse Sionsberg oortref die aardse Horeb in alle opsigte, baie meer oortref die hemelse die aardse Sion. Ons het nou by die stad van die lewende God gekom, die hemelse Jerusalem waar God altyd woon. Daar woon ook ʼn verstommende aantal engele.

Die skrywer sê verder dat ons gekom het by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Dit is al die gelowiges van alle tye en plekke in die gemeente van God wat vandag nog op aarde leef én hulle wat die gemeente in die hemel vorm.

"Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en nou volmaak is..." Die skrywer vestig nou die aandag spesifiek op

daardie deel van die gemeente wat reeds ontslaap het, die volmaakte regverdiges. Hulle het rééds die doel van Christus se versoeningswerk ontvang.

Hierdie ontslape gelowiges behoort dus vandag nog by die kerk. Al het ons op aarde geen kontak meer met hulle nie, mag ons hulle nie vergeet nie. Hulle is uit die oog maar nie uit die harte, van ons wat hier as gelowiges op aarde saamkom in gemeenskap met die hemelse Jerusalem nie. Hulle lééf saam met die kerk op aarde.

Die skrywer wys daarop in verband met "God wat Regter oor *almal* is." Ons moet nie so beperk leef deur God slegs as Regter te sien oor daardie deel van die kerk wat ons ken nie. Deur Christus spreek die Regter die vryspraak uit oor die gelowiges van alle tye. Dus ook oor diegenes wat die einddoel van volledige versoening deur Christus reeds bereik het.

Tog leef hulle wat ontslaap het nou nog in ŉ voorlopige heerlikheid. Hulle is saam mét óns op pad na die volgende doel in die geskiedenis van die heil naamlik om in die nuwe hemel en op die nuwe aarde die volkome Sabbatsrus te kry. So is God soos ŉ Vader wat nie met die aandete wil begin voordat al sy kinders tuisgekom het nie. God wag totdat alle heiliges tuis is om dan Sy héle volk in die nuwe Kanaän te laat kom.

Hebr. 4:1c ,v: 11:40

Hebr. 11:40

Wanneer ons weet dat ons moet sterf kan daar ongeduld opkom in die vraag waarom ons die volle erfenis nie kan ontvang sonder dat dit nodig sou wees om te sterf nie? Ons moet dit bedwing juis uit die waaragtige liefde vir daardie naastes wat God nog by Sy volk wil voeg in die periode tussen ons dood en ons opstanding. Want dit gaan nie daaroor dat ék maar in die hemel sal kom nie, *maar dat die volk van God,* waarvan ek ŉ burger is, in die hemel kom tot God se lof en eer.

*'n Goeie gelowige lewe is beter as ŉ lang lewe.*

## 'N GEBED VIR WRAAK IN ... DIE HEMEL

Op. 6:9-10

Op. 1:1 Die apostel Johannes mag iets sien van die ampswerk van die oorlede gelowiges. Die Here Jesus laat Sy dienaar sien "wat binnekort moet gebeur". Dus dinge wat werklik is.

Die apostel sien die reukoffer-altaar en daaronder die siele van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die Woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het.

Dwarsdeur alle eeue heen word verbete en vol haat teen die gelowiges opgetree. Dit lyk dan ook asof die uitmoording van God se kinders ongesteurd kan voortgaan. Veral ons sogenaamde verligte eeu van medemenslikheid is die eeu waarin op ongekende skaal die gelowiges uitgeroei is terwille van hulle geloof. Die gelowiges word in ons tyd uitgeroei, regteloos gemaak en benadeel soos dit nog nie voorheen gebeur het nie. Al hierdie growwe onreg word deur Johannes saamgevat onder die woord "doodgemaak" of "afgeslag". Soos Paulus dit noem: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word" Rom. 8:36. Dat dit al hoe erger sal word weet ons uit die Woord.

Nou lyk dit vir ons en die siele onder die altaar asof God Sy getuies maar laat uitskakel sonder om iets daarteen te doen. Die siele van die martelare is vol van ŉ verlangende ongeduld dat God reg moet verskaf. Daarom roep hulle hard in ŉ groot spreekkoor: "Hoelank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?"

Jes. 10:17, 20, 17:7; 29:19, 23
Deut. 32:4
Ps. 92:16
Ps. 99

Ons hoor hier weer die heilige ongeduld wat ook gehoor word in Ps. 13:2, 3; 74:10; 90:13; Sg. 1:12. God word aangespreek as Heerser, Hy het alle mag en handhaaf die reg. Hy is ook die Heilige, die Regverdige Regter en Wreker. Hy is ook die Getroue die Verlosser van Israel.

Job 16:18, 19

Die siele doen ’n beroep op Hom. Soos Job roep hulle: "Moenie die onreg teen my verberg nie, aarde!" want hy en die siele weet dat die betroubare Getuie in die hemel, reg sal laat geskied.

Matt. 5:44
Luk. 23:34

Maar in óns tyd, waarin so baie klem gelê word op die één aspek van God, naamlik dat Hy liefde is, klink hierdie appél van die siele moontlik allesbehalwe hemels selfs uitgesproke onchristelik. Is dit dan nie in stryd met die bevel van die Here Jesus dat ons ons vyande lief moet hê nie? Hoe is dit moontlik dat hulle mag hoor dat hulle gebed later verhoor sal word?

Let wel: Die martelare vra om geen persoonlike wraak nie. Dit gaan om die heiligheid en waaragtigheid van God wat deur die vervolgers geskend en ontken is. Dit is die oorstelpende liefde vir God wat hierdie siele laat bid om wraak. Uit liefde vir God is hulle geslag en het hulle hulle laat slag. Terwille van die eer van God bid hulle nou dat God die onreg wat teen Hom gedoen is streng en regverdig sal wreek.

God is en bly wel "liefde" vir Sy kinders, maar Hy is ’n God van wraak en ’n verterende vuur vir Sy vyande.

*Wanneer die satan my aanval en my laat twyfel of God my genadig sal wees, dan durf ek hom nie antwoord met die Skrifwoord: dat elkeen wat God liefhet met sy hele hart, sy hele siel, al sy krag, ens. die ewige lewe sal ontvang, want die duiwel sê: u het God nie liefgehad nie. Bowendien sê my gewete dieselfde.*

*Maar ek moet sê:*
*Jesus het vir my gesterf,*
*in en deur Hom het ek ’n barmhartige Vader vol genade.*

## GEEN WERKLOOSHEID IN DIE HEMEL NIE

Op. 6:11

Die siele is onder die altaar wat reg voor die troon van God staan. In die boek Openbaring is die "altaar" gedurig die simbool van die gebedsmag van die kerk. Johannes sien dus 'n hemelse kerkdiens waarin die gestorwenes 'n aktiewe rol speel. (Op. 8:3)

Nadat die siele in hulle spreekkoor hulle wraakpsalm gesing het, ontvang elkeen sy wit ampskleed. Hierdie ampskleed mag hulle in verhoring van hulle gebed onmiddellik aantrek. Wit is die kleur van hemelse glans en wys op verheerliking, reinheid en oorwinning. Maar dit wys ook op die Ou Testamentiese priesterkleed van suiwer wit en fyngeweefde linne. Die wit kleed is die ampskleed vir die heerlike hemelse priesterdiens. Die siele onder die altaar — kan ons hulle selfs vir daardie rukkie altaarbewoners noem? — ontvang onmiddellik op hulle gebed 'n teken van oorwinning, 'n voorlopige maar heerlike priesterdiens. (Mark. 9:3; Op. 3:4, 5; vgl. 7:15)

Hieruit is dit baie duidelik dat die Lam hulle wraakpsalm goedkeur. Hulle ontvang om so te sê die uniform wat pas vir hulle werk in die hemelse kerkdiens. Hulle word in hulle amp bevestig asof hulle dit van daardie oomblik af hulle beroep mag maak. Al is dit dan tot op daardie dag wat die lewende siele as lewende-persone-buitekant-die-aardse-liggaam, hulle verheerlikte liggame weer terug ontvang.

Vir hierdie lewende mense wat buitekant die liggaam leef word gesê dat hulle nog 'n klein rukkie moet rus. En al ken iemand geen woord van die Griekse taal, dan kan die Griekse woord vir rus nog onmiddellik verstaan word: In "ana-pausoon-tai" sien ons onmiddellik in die middelste lettergreep die woord "pouse". Dit is heerlik om in die skooltyd 'n pouse te hê, 'n rustyd om daarna weer aan die werk te mag gaan.

Die lewende mense wat as siele aangedui word, mag ŉ rukkie uitrus. Hierdie uitrus is positief bedoel as ver-
2 Kor. 7:13 kwikkende rus en as afwagtende rus. Rus totdat ... die eindoordeel kom met werk vir al die gelowiges, wat die
1 Kor. 6:2, 3 wêreld en die engele mag oordeel. Om hulle plek vol te kan staan in die oordeelswerk van die Lam moet hulle lekker uitrus en rustig die oomblik van die oordeelsdag afwag. Die tydsduur van hierdie hemelse "vakansie" hang af van die koms van al die uitverkorenes. Sodra die getal van die uitverkorenes wat terwille-van-die-geloof doodgemaak sal word vol is, dan kom die wraak oor die vervolgers. Dit beteken niks anders nie as wat daar staan.

*Al doen u wat ook al sonder geloof en sonder God se Woord:*
*Al sou u dooies opwek of so kuis en rein leef soos die moeder van God,*
*vir God sal dit niks beter wees nie as openbare sonde en skande.*

*U moet gelykvormig word aan die beeld en lyding van Christus, nou in hierdie lewe of later in die hel.*

*'n Huigelaar is ŉ onophoudelike innerlike sondaar teen die wet, en ŉ uiterlike heilige volgens die wet.*

*'n Geldgierige vrek kan niks nuttiger en beter doen as om te sterf nie; want in sy lewe is hy nóg vir God, nóg vir die mense, ja selfs vir homself van geen waarde of nut nie.*

*'n Christen is ŉ vrolike, opgewekte, grootse en salige mens, wat hom nie deur die duiwel of enige ongeluk laat oorheers nie want hy weet dat hy deur Christus oor dit alles ŉ heerser is.*

## DIE KERK-BO SE BELANGSTELLING IN DIE KERK-BENEDE

In die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes sien ons in hoofstuk 6 verskillende nuwe aspekte van die lewe in die "tussentoestand". Dit is ook nie eienaardig nie. Die Bybel is nie soos die sogenaamde "heilige boeke" van allerlei afgodediens wat sommerso op ŉ mooi sonskyndag uit die hemel sou geval het nie. Die Bybel is ŉ biblioteek van boeke wat in die loop van duisende jare deur God laat skryf is. Daarom kry ons in die voortgaande openbaring oor verskillende sake al meer en meer openbaring totdat die openbaring deur God afgesluit is met dit wat ons in die volledige Bybel as Woord van God ontvang het.

So kom dit dat ons in die Openbaringboek ander aspekte van die lewe-na-die-dood ontvang as in die ander Bybelboeke. Die basiese van Skrifuitleg bly altyd onwrikbaar vas dat Skrif met Skrif vergelyk moet word. Alleen so kan tekste wat vir ons onduidelik is, duidelik word.

Daar is geen rede om te dink dat die toestand van die gewone ontslape kinders van God anders sal wees as dié van hulle wat die marteldood gesterf het nie. Daarom kan ons die beskrywing oor die "tussentoestand" uit Openbaring 6 ook op ons van toepassing maak. Daar is dan ŉ bewuste lewe met herinnerings. Die siele van alle oorledenes weet wie hulleself is en onthou wat hulle op aarde was en beleef het. Hulle praat tog van "wraak op ons dood". Daar is ook sprake van ŉ meervoud want "hulle het hard geroep" en later word vir hulle iets gesê. Die ontslapenes is dus nie elkeen alleen en eensaam in hulle afwagting op die Wederkoms nie. Die héle Kerk van God, uit alle eeue en van oor die hele aarde saamgebring in die een hemel, wag in die tussentoestand op
1 Kor. 15:52 die klank van die laaste trompet.

Tog is daar in die hemel geen kleurlose, eenvormige groot massa ontslapenes nie. Elke siel behou sy of haar eie individualiteit want, "aan *elkeen* van hulle is daar lang wit klere gegee."

Die rus wat die ontslapenes geniet is ŉ verkwikkende en afwagtende rus wat nie uit absoluut niks-doen bestaan nie. Hulle neem aktief deel aan die erediens van die kerk-daarbo, maar het ook aktiewe belangstelling vir die kerk-op-aarde. Hulle het aktiewe meelewing met wat hier op
Hebr. 12:1 aarde gebeur as ŉ groot skare van geloofsgetuies op die
1 Kor. 4:9 pawiljoen rondom die baan waarop ons moet hardloop,
15:32 of die arena waarin ons moet veg as lidmate van die kerk op aarde.

Die salige geeste of siele ken selfs ongeduld en kan gekalmeer word. Hulle mag rus van al hulle moeite,
vgl. 2:2 swaarkry, onvermoeide kerklike werk en volharding maar is tog nog nie volledig van alle aangeleenthede wat die eer van God raak, ontslae nie. Daarom bid hulle juis.

Die bedoeling van hierdie openbaring is dat die kerk-op-aarde troos ontvang. Daarin is juis troos vir ons deur te weet dat die kerk-bo saamleef met ons. As selfs die engele begerig is om insig in God se raad te hê, sou die
1 Petr. 1:12 verloste kerk dan nie daarin belangstel nie?

*Geen klip, staal of diamant,*
*ja geen ding op aarde,*
*is só hard*
*soos die hart van ŉ onboetvaardige mens nie.*

*Christene is slegs "helpers" en "verlossers" van die wêreld;*
*hulle is die bene wat die hele wêreld dra —*
*die wêreld beloon hulle ook daarvolgens:*
*Hulle moet kromgetrek, verdruk en verag wees en deur modder en vuiligheid heen strompel.*

## DIE SIN VAN DIE STERWE

Toe het ek ŉ stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."

Op. 14:13

Die apostel Johannes het uitdruklik bevel gekry om vir die tweede keer in hierdie Bybelboek ŉ saligspreking op te skryf. Na die beskrywing van die oordeel van die ewige dood oor die volgelinge van die dier móét hierdie anderkant ook beskryf word: "Geseënd of sielsgelukkig is dié wat van nou af in die Here sterwe".

Omdat Jesus Christus die volkome versoeningswerk volbring het, is die gelówiges wat sterf baie gelukkig. Hulle wat in-die-gemeenskap-met-Christus sterf is onmiddellik gelukkig. In teenstelling daarmee wag die onmiddellike óngeluk op die aanbidders van die "dier".

Dit wil nou nie sê dat die gelówiges nou met ŉ brandende verlange na die dood moet uitsien nie. Die dooies word nie gelukgewens omdat hulle die ellende van die lewe nie meer hoef te ondervind nie. In die vorige vers word tog juis oor die volharding van die gelówiges gepraat. Openbaring wil nie ŉ kerk kweek wat passiewe berusting moet besit nie. Dis juis die teenoorgestelde. Die kerk is en moet ŉ strydende kerk wees. ŉ Kerk wat die lewe as ŉ heerlike en uitdagende opdrag aanvaar en "werk doen" wat haar kan "volg". Die troos wat Christus ons in Openbaring gee, dien juis om ons tot wérk, en wanneer nodig, tot stryd aan te spoor. Maar wanneer ons sterwensoomblik aanbreek dan wéét ons dat ons veilig is in en by Christus.

Gelukkig-geseënd is in hulle lewe en lewenswerk dié wat die Woord hoor en bewaar (1:3).

Gelukkig-geseënd is die aktiewe werkers wat in hulle sterwe "in die Here" Jesus Christus oor die doods-jordaan gaan.

Ook met die oog op die sterwe kan daar sekerheid van die geloof wees. Die Géés is aan die Woord in hierdie teksvers.

Die saligheid in die tussentoestand bestaan benewens die aktiwiteite uit die uitrus van al die moeilike en harde werk as kerklidmaat en christen op aarde. Die sterwe-in-die-Here ontslaan ons van al daardie moeite. Daarna mag ons rus. Die troos daarby is dat al die geloofswerk, al die "gewone" werk wat in die geloof gedoen is, nie verniet was nie. Daardie werk vólg ons na en vind Goddelike erkenning.

1 Kor. 15:58

Fil. 2:16
1 Kor. 3:10-15
Hebr. 4:10

Ons mag ons veilig verkwik voordat die volle rus van die nuwe Kanaän van die herskepping kom (Hebr. 4).[2] As genadeloon óp die werk is die rus ŉ werklike, positiewe verkwikking.

In hierdie woorde van Openbaring ontvang ons ook openbaring oor die *sin* van die sterwe in gemeenskap met Christus. Dit is ŉ oorgang van stryd na voorlopige rus. Die gemeenskap met Christus beheers die sterwe in hierdie aspek van uitgang uit die aardse stryd en van ingang tot die verkwikking van die sabbatsrus na die stryd.

*Elke beproewing is ŉ geboorte waardeur die nuwe mens gebore word en die oue mens sterf.*

*Die hemelse roeping beteken vir ons om goed te doen en die slegte daarvoor te ly.*

*Die Ryk van Christus is ŉ hospitaal waarin alleen gebreklikes en siekes lê, wat opgepas moet word.*

[2] Vgl. hiervoor my "Beloofde wérksame rus" in: *Sewentig maal sewe* p.116-141.

## WAT IS DIE SIEL? (I)

In die spreektaal word dikwels oor "siele wen" gepraat. Verder hoor ons ook dikwels dat mense oor sogenaamde "onsterflike siele" praat. Die vraag is, wat word bedoel met "siel"? Die enigste moontlikheid om die regte antwoord te kry, is om versigtig te kyk na dit wat die Woord ons leer. Allereers wil ons kyk na die skepping van die mens soos dit ons gegee word in Genesis.

"Die HERE God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde ..."

Vgl.: 2 Sam. 17:28 Jes. 29:16; 44:9, 12

Uit die woord wat hier en op ander Skrifplekke gebruik word leer ons dat God die mens gevorm het soos 'n pottebakker uit klei iets vorm. Uit die bolaag van die aarde is die mens gemaak. In Hebreeus is die woord vir aarde: adamah. Die mens is dus ŉ aardman-uit-die-aarde of ŉ aardling.

Die mens wat deur God as koning aangestel is, is uit die aarde self afkomstig. God het die hele mens volledig uit die ruwe bogrond van ons aarde gemaak. ŉ Volledige mens met onder andere ŉ werklike neus.

In daardie neus het die HERE God "lewensasem ... geblaas, sodat die mens ŉ lewende wese geword het".

Hierdie lewensasem laat die mens ŉ lewende wese word. Dit gee die energie aan al die menslike aktiwiteit. Daardeur is hy in staat om sy werk te begin, om te onderskei tussen goed en kwaad, om die diere name te gee en om bly te wees oor die geskenk van die vrou wat God hom gegee het.

Vgl.: Job 32:8; 27:3; 33:4; 34:14.

Die lewensasem is dus nie net ŉ meganiese krag wat die liggaam laat beweeg nie maar gee die mens ook insig. So was die tweede onderdeel van die skepping van die mens dat die gees of siel as iets nuuts in die lewelose liggaam ingeblaas is. Die mens is so geskep as ŉ tweeeenheid.

Eseg. 37:1-14

Ons sien dieselfde volgorde in Esegiël se profesie oor die opstanding van Israel. Die profeet sien ŉ laagte vol uitgedroogde bene. Hy word deur die HERE beveel om die Woord van die HERE aan daardie dooie bene te verkondig. In die eerste plek sê die HERE: "Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel" en daarna "en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe". Nadat die profeet gedoen het wat hom beveel is, het dit net so gebeur. Die bene het na mekaar toe beweeg met ŉ gedreun. Senings, vleis is aangesit en vel daaroor getrek. "Maar daar was nog nie gees in hulle nie." Toe moes Esegiël in opdrag van God as God se profeet aan die droë bene sê: "So sê die HERE my God: "Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe". Dus in dieselfde volgorde as in Gen. 2:7 waar God eers die mens uit die klei gevorm het en daarna die lewensasem ingeblaas het.

Die dooies wat Esegiël gesien het, het begin leef en regop gestaan. So sal die opstanding of opwekking later ook wees.

*As God nie meer vashou nie dan verval alles al sou die hele wêreld bly vasklou*

*Een oomblik in die hemel sou ek nie wil ruil vir die skatte en vreugde van die hele wêreld nie, al sou ek dit ook duisende en duisende jare kry.*

*Deur ons hartseer en swaarkry geduldig-gelowig te dra, help ons die naaste om hom met sy eie leed gelowig te versoen. (vgl. 2 Kor. 1:4)*

*As ons Christene is, moet ons "gesterf" het, en ook leef — of ons is geen Christene nie.*

## WAT IS DIE SIEL? (II)

"Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laatvergaan."

Matt. 10:28

Die evangelis beskryf in hierdie hoofstuk daardie tydstip toe die Here Jesus die dissipels uitgestuur het met die opdrag om die evangelie van die koninkryk in Sy Naam te verkondig. In die lig van vers 23 waarin Christus sê dat hierdie werk nie afgehandel sal wees voordat die Seun van die mens kom nie, is die opdrag ook op óns vandag van toepassing. Dit wys óns ook op ons roeping.

Ons Koning maak die roeping nie mooier of makliker as wat dit in werklikheid is nie. Die draers van die blye boodskap sal dikwels nie blydskap en vriendelikheid teëkom nie. Die belyers sal selfs in die hof beland en gepynig word ter wille van Jesus Christus. Bedreiging, haat en nyd sal hulle voorland wees; bespotting en geweld. Duidelik sigbaar en voelbaar maar soms ook heimlik versteek in propaganda.

In die lig van al hierdie ellende moet die gelowiges juis perspektief behou. Hulle moet die verskil tussen die tydelike en baie beperkte mag van die aardse verdrukkers én die onbeperkte en ewige mag van hulle God en Vader duidelik raaksien. Wanneer geswig word voor die bedreigings van mense, dan moet hulle weet dat die straf van God in Sy ewige, onherroeplike oordeel nie ontvlug kan word nie.

Christus help Sy kinders wat slagskape in die wêreld is deur hulle te wys op die groot Regter wat die ontrou aan Sy opdrag met die ewige helse straf sal vergeld. Laat ons nie bang wees vir sterflike mense nie maar bang wees om die Regter se Vaderhand los te laat, al lei Hy ons ook

deur donker dieptes heen.

Daar is dus letterlik ŉ hemelsbreë kontras tussen die *menslike* mag van die vervolgers van die gelowiges én die mag van die Regter van die héle aarde.

Hierdie kontras werk ons Heiland verder uit in verband met ons liggaam en siel. Hy leer ons dat die ergste wat die mense aan Sy kinders kan doen, tog nie die belangrikste is nie. Wanneer die moordenaars van die gelowiges by die graf van hulle slagoffers staan, dan is hulle verder magteloos en tot absoluut niks verder in staat nie. Oor die grens van die dood heen kan selfs die magtigste tiran niks méér doen nie. Hulle kan slégs die liggaam doodmaak. Die siel kan hulle nie doodmaak of beskadig nie.

God daarenteen kan nie slegs die liggaam nie maar beide liggaam én siel laat vergaan. Hy kan dus die liggaam én die siel nie alleen doodmaak nie, maar kan dit boonop nog te gronde laat gaan.

*Let nie op hoe lánk iemand geleef het nie*
*maar hóé hy geleef het.*
*Selfs die langste lewe is in vergelyking met die ewigheid slegs ŉ oomblik.*

*Kyk na die graf met die oog van die geloof.*
*Deur die dood en begrafnis van Jesus Christus het die graf verander.*
*Die graf is nou ŉ kostelike paleis en bed van rus.*

*In die hemel sterf die mens nooit,*
*op die aarde eenkeer,*
*in die hel altyd.*

*Die wese van die dood is nie ŉ vernietiging of verdwyning van die mens nie, maar ŉ verandering — ten goede óf ten kwade.*

*Dit is nie aangenaam om ŉ mens te sien sterf nie maar dit is wel nuttig.*
*Die dood van die sterwendes is ŉ spieël vir die lewendes.*

## WAT IS DIE SIEL? (III)

Ons Here Jesus spreek in Matt. 10:28 Self van liggaam en siel. Om nou die regte betekenis te kry van wat die liggaam is en wat die siel is, moet ons na Hom luister.

Volgens die skeppingsverhaal het God die mens ŉ liggaam en siel of lewensgees gegee. Alle mense het dit, gelowiges én ongelowiges. Dit is ŉ deel van die skepping.

Neh. 9:37
Op. 18:13
Vgl. Rigt. 14:8
1 Sam. 31:10,12;
Nah. 3:3;
Ps. 110:6

Mark. 5:29;
Mark. 14:8;
Mt. 26:12;
Rom. 12:4;
1 Kor. 12:12 e.v.;
2 Kor. 10:10 vgl.
1 Kor. 5:3;
Tess. 5:23;
Hebr. 13:3;
Mt. 27:52;
58,59;
1 Kor. 15:36

Die liggaam is die sigbare gedaante van die mens. In die Skrif word die woord "liggaam" ook gebruik om die hele mens uit te beeld as werkkrag vir slawediens (vgl. Gen. 47:18 waar in die ou vertaling "lyf" staan). Omdat "liggaam" die mens dus aandui soos hy of sy te sien is, is dit nie ŉ wonder nie dat "liggaam" in die Skrif ook gebruik word om die dooie gestalte aan te dui. Die "liggaam" is ook in die Nuwe Testament die mens wat gevoel, gehoor en gesien kan word. ŉ Vrou wat deur Jesus genees is, het die genesing aan haar liggaam agtergekom. ŉ Vrou het die liggaam van die Heiland gesalf. In die een lewende liggaam is verskillende ledemate: hande, voete, ens. Paulus skryf oor sy persoonlike teenwoordigheid as die sigbare liggaamlike teenwoordigheid. Uit dit alles blyk dus duidelik dat die liggaam die tasbare gestalte is, waarin en waardeur ŉ volledige mens in hierdie wêreld woon. Bowendien word met die woord "liggaam" ŉ dooie liggaam beskryf, wat leweloos is na die sterwe.

Wanneer ons in Matt. 10 weer teruggaan na die uitspraak van ons Heiland oor die doodmaak van die liggaam, dan is dit duidelik dat dit gaan oor die volledige mens soos hy sigbaar in die wêreld optree. Hierdie lewende mens word doodgemaak. Uit die sigbare en voelbare liggaam word die lewe dus uitgedryf. Hierdie "doodmaak" van ŉ mens het die duidelike resultaat van ŉ lewelose liggaam wat in geen enkele opsig hier op

aarde meer aktief kan optree nie. Tog bly hier nog ŉ volledige liggaam agter wat nou egter duidelik heeltemal dood of leweloos is.

Maar ons Heiland wys nou op die grens van hierdie "totale dood": Die liggaam is dood maar nie die siel nie. Die menslike lewensaktiwiteite het duidelik sigbaar verdwyn. Ons het hier dus die omgekeerde van dit wat ons by die skepping gesien het. Die mens is deur God verhef van stof tot ŉ lewelose liggaam; en daarna tot ŉ lewende siel of lewende liggaam. Met die dood laat God alles in die omgekeerde volgorde verloop: van lewende liggaam tot lewelose liggaam tot stof van die aarde.

Dit is tenminste so, wat betref dit wat óns *sien.* Die troos is egter dat nie alles daarmee gesê is nie. Die liggaam is wel doodgemaak maar die siel kan deur geen mens doodgemaak word nie.

*Sonder die sonde is die dood niks méér nie, as ŉ briesende leeu sonder tande.*

*Die dood van die mens vind ons al in alle nood en bekommernisse. Dit is die "klein" dood wat aan die "groot dood" voorafgaan.*

*Die dood is onvermydelik en maak alle mense gelyk. Dit is waar maar dit is geen troos nie.*

*Van veraf lyk die dood ŉ skrikwekkende spook.*
*Van naby is die dood, in die lig van die Evangelie, ons verlossing.*

*Aan boeke van wyses en geleerdes is veral vandag geen gebrek nie. Daar is ŉ oorvloed boeke wat ons leer hoe om gelukkiger te leef en met ander mense beter oor die weg te kom. Dit gee ons ŉ groot bos sleutels wat op omtrent elke deur pas wat ons op ons lewenspaadjie teëkom. Maar nie een van daardie sleutels pas op die laaste deur waarvoor elkeen van ons te staan kom nie. Die deur van die dood. Daar staan die groot Sleuteldraer Jesus Christus. Hy alleen het die sleutels van die dood en die doderyk.*

*(Op. 1:18)*

## WAT IS DIE SIEL? (IV)

Ons Heiland sê baie uitdruklik dat die liggaam van die gelowiges (en ongelowiges) deur die vervolgers doodgemaak kan word maar aan die siel kan hulle net mooi niks doen nie. Die siel is "iets" wat dwarsdeur die verskrikking van die doodmaakproses bly leef.

Die siel of "lewe" is iets wat deur God geskep is. Daardie deel van God se skeppingswerk kan deur geen mens beheers of onderdruk word nie. Verdrukkers kan ŉ einde maak aan die sigbare liggaamlike optrede van die mens maar het eenvoudig nie die mag om ŉ einde te maak aan die siel se voortbestaan as die "lewe" nie.

Ons Here Jesus leer ons hier dus duidelik dat daar ondanks die sigbare dood tog werklike menslike voortbestaan is. Dit is immers logies dat as iets nie doodgemaak kan word nie, dit lééf. Daarom lééf die siel en word dit veilig deur en by God bewaar.

Maar wat is dan die verhouding tussen liggaam en siel voor die dood? Ons het reeds gesien dat volgens die Bybelse spreekwyse onder "liggaam" verstaan word beide die lewende menslike liggaam én die liggaam wat beroof is van menslike lewe, dus ŉ lyk. Die "siel" is volgens die Bybel en so veral ook in hierdie woorde van Jesus, niks anders nie as die werklike menslike lewe wat sigbaar is in asemhaling, dink, praat, loop ens. Daardie léwe wat die liggaam so besiel het dat geen mens selfs die kleinste deeltjie van die menslike optrede kon aanwys waarin nie die sigbare liggaam én die siel as lewensaksie ŉ volkome eenheid vorm nie, daardie siel kan nie doodgemaak word nie.

Ja, die siel gaan wel totaal weg uit die liggaam. Dit vertrek daaruit, sodat die onlosmaaklike eenheid van vroeër verbreek is, maar hierdie menselewe vergaan geensins. Dit verdwyn slegs voor die oë; dit is net op aarde nie meer vir die menslike oog waarneembaar nie.

Jesus sê in Matt. 10:28b dat die band tussen liggaam en siel weer herstel word want Hy sê: "Vrees Hom wat *sowel* die liggaam as die siel kan laat vergaan." Dit word dan ook so bely in Heid. Kat. antw. 57b "dat hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig ... sal word ..."

Ons Verlosser leer ons nie dat die siel nie deur die sterwe geraak sal word nie. Natuurlik ly die siel, wat tog volledig één is met die liggaam, geweldig onder die marteling en lyding wat deur beule en verdrukkers veroorsaak word. In die Skrif lees ons ook van die lyding op die sterfbed. Die siel sterf voor ons oë saam met die liggaam en tog sterf die siel nie. Die siel het deel in en aan die smartlike sterwensproses maar bly die ondergang gespaar. Die Woord leer ons dat by die sterwe die siel ook heengaan, maar nie vérgaan nie. Die siel bly voortbestaan.

Vgl. Ps. 116; Jona 2:2 e.v.; Jes. 38:9 e.v.

*Die dood dryf die moderne mens net na die begrafnisversekeringspolis, pleks van na die Oorwinnaar van die dood.*

*Soos Simson heuning uit ŉ dooie leeu gekry het so kan die gelowiges soet vertroosting kry uit die dood wat deur Christus gedood is.*

*Teen die dood het ons Jesus Christus nodig,*
*die hemelse Geneesheer,*
*en as medisyne die geloof in Hom.*

*Vir elkeen van ons lê die noue poort en die smal pad van die dood voor — die pad is smal maar nie lank nie.*

*Iemand wat goed wil sterf moet hom op die **aarde** gedra asof hy ŉ burger van die **hemel** is.*

## VERHEERLIKING VAN DIE DOOD?

Uit die Skrifgedeeltes wat ons saamgelees het en uit die verklaring daarvan blyk duidelik dat daar vir die gelowige geen sprake van is dat hy die dood mag
1 Kor. 15:26 verheerlik nie. Die dood is wel ons laaste vyand maar bly ŉ afgryslike vyand.

Nog nie baie jare gelede nie is die verskrikking van die dood verdoesel deur romantiek. In baie geestelike liedere is met soetsappigheid oor ŉ doodsverlange gesing wat in stryd was met die Bybel.

Juis die Woord van God leer ons die dood ken as ŉ vyand van die mens. Die dood ontroof die mens van sy aardse lewe en laat hom in die graf neerdaal waar sy liggaam, wat die tempel van die Heilige Gees was, verteer word. Die Bybel bly ook wat die dood betref nugter. Die liggaam vergaan in die graf. Tog is daarmee nie alles gesê nie.

Die wrede vyand, wat die dood is, het volkome van gedaante verander wanneer ons kyk na die dood én opstanding van Jesus Christus. Hy het die sonde vir óns gedra, die ontsettende skuldelas versoen en die angel uit die dood weggeneem. Maar dit geld alleen van die gelowiges.

Die gelowiges mag hulle egter nooit self aan die dood oorgee nie. Ons roeping is om tot eer van God en tot heil van ons naaste ons lewenstaak klaar te maak. Ons moet ons lewe bewaar, beskerm en bevorder met die gebruik van alle middels en medisyne wat deur God se voorsienige krag ontdek en ontwikkel is. Die lewe is ŉ geskenk van God wat deur ons sorgvuldig opgepas moet word.

Wanneer ons taak in die oë van God voltooi is en Hy ons dan Huis toe laat gaan, dan word ons liggame in die aarde geplant. Ons begraafde liggame vergaan, maar tog waak Christus oor ons stof wat in die graf rus. Terwyl die

ontsettende eindoordele van God oor hierdie aarde losbars, rus die kinders van God rustig en veilig in die graf. Tot op die heerlike Opstandingsdag.

Ondertussen mag die siel reeds in die hemel wees om heerlike gemeenskap met Christus te beleef. Na hierdie onderdeel van die dood mag die gelowige sekerlik verlang, solank die verlange onderwerp word aan die heilige wil van God.

Die bekende kerkhervormer Melanchton het op sy sterfbed die vóórdele van die dood neergeskryf:

| **slegte dinge waarvan die dood my bevry:** | **goeie dinge wat ek deur die dood hoop om te ontvang:** |
|---|---|
| 1. ek sal nie meer sondig nie; | 1. ek sal na die Lig kom |
| 2. ek sal nie meer deur die haat en felheid van die teoloë gepla word nie | 2. ek sal God sien |
| | 3. ek sal die Seun van God sien |
| | 4. ek sal alles verstaan wat hier nog geheime vir my was. |
| | 5. ek sal verstaan waarom ons só en nie anders geskape is nie. |
| | 6. ek sal sien hoe die twee nature in Christus verenig is. |

Die dood bring vir hom dus slegs voordele. Sou dit vir enige gelowige anders kan wees?

*Hulle bedreig ons met die dood; maar as hulle verstandigheid en wysheid so groot sou wees soos hulle dwaasheid, dan sou hulle ons met die lewe bedreig.*

## ANGS VIR DIE DOOD EN DIE WAPENS DAARTEEN

'n Opvallende kenmerk van die vroeë Protestantisme is dat daar ŉ groot aantal geweldige dik boeke gelees is wat die mens op die dood voorberei het. Blykbaar was daardie soort boeke ook onder ons voorvaders van ŉ eeu gelede nog baie gewild want by ouer mense tref ons daardie boeke nou nog aan. In Europa was hulle na die Franse Rewolusie al uit die mode. Die mens het te besig geraak om die hemel op aarde te bou, om nog tyd oor te hê, om aan die beloofde nuwe hemel en nuwe aarde te dink.

Omdat die dood egter vir elkeen van ons wag én positief gesien moet word in die lig van die Skrif, is dit ŉ groot gemis in die moderne Christendom dat daar nie meer aandag gegee word aan die geestelike voorbereiding op die dood nie. Die klem val die laaste jare op die sogenaamde "begeleiding" van sterwendes. Iets wat in die moderne tyd van hospitaal-sterfbeddens in ŉ witgesteriliseerde onpersoonlike sfeer met angsvallig-toegemaakte hospitaaldeure, ook baie nodig is. Die dood was verban na ŉ koue hospitaalkamer en as die gode van die witgejaste mediese wetenskap nie meer raad geweet het nie, dan was die ten-dood-gedoemde afgeskryf en is gretig gewag dat die hospitaalbed leeg kon kom vir ŉ volgende pasiënt wat nog ekonomies "reggedokter" kon word. Gelukkig het hierdie houding vandag al baie verander en versag.

Die "begeleiding" van sterwendes is amper vier eeue gelede al baie sterk deur Maarten Luther bepleit. Die aksent het wel op iets anders geval. By hom was dit geheel en al godsdienstig en daarom ook so persoonlik-menslik bepaal. Vandag word dit sterk sielkundig bepaal en daarom in die algemeen minder persoonlik-menslik maar eerder humanisties. Luther het gesê ons moet die sterwende "in die ore roep", daarmee het hy bedoel dat

ons die sterwende met ons gebede en die verkondiging van die Woord van God duidelik moet verseker dat God weens Christus se werk die sondaar regverdig maak.

Die aanvegtinge op die sterfbed moet deur die lewende Woordverkondiging weggeneem word. Die dood verander vir die gelowige. Dit is nie meer *ons* dood nie want ons het ŉ heerlike tuiste by die Vader. Dit word nou die dood van ons *sonde.* Daarom verdwyn die angs vir die dood. Luther sê woorde is vandag nog werd om toegepas te word.

**WAAROM IS ONS BANG VIR DIE DOOD?**

Op hierdie vraag is daar baie antwoorde maar in kort kom dit op die volgende neer:

- Ons dink te min aan die dood en daarom hou ons nie rekening daarmee in ons eie lewe nie. Ons vlei onsself met die ydele leë hoop dat net iemand anders sal sterf.
- Ons groei te vas aan die wêreld met sy besittings.
- Ons gewete maak ons bang vir die dood omdat na die dood die oordeel volg.
- Ons vertrou te min op God se voorsienigheid en dink dat ons onontbeerlik is vir ons gesin, werk en die kerk.
- Ons is bang vir ŉ pynlike dood — asof die moderne medisyne nie genadige — in die meeste gevalle wéldadige — verligting gee nie.
- Ons omhels nie met ŉ lewende geloof die lyde en sterwe van Christus wat vir ons die pad na die hemelse heiligdom gemaak het nie.
- Ons put te min troos uit die heerlike feite dat Christus in die graf gelê het, die dood ontwapen en oorwin het, ons vooruitgegaan het na die hemel en deur die Heilige Gees ons met Hom verbind as Koning van die lewe.

- Ons besef te min dat die dood ons van die sonde en ellende van die lewe verlos.
- Ons dink te min van en aan die heerlikheid na die dood, die heerlikheid van die Wederkoms en die opstanding.

## GENEESMIDDELS TEEN DIE ANGS VIR DIE DOOD

Al is daar baie angste vir die dood is dit wonderlik om in die lig van die Skrif te mag sien dat daar baie meer geneesmiddels teen daardie angste en vrese is.

Dit is pragtig om in die ou kerkvaders se boeke oor die gelowige se voorbereiding op die sterwe gedurig te lees dat dit nodig is om betyds reëlings te tref oor die aardse besittings. Die Skriftuurlike gelowige is nugtergelowig. Hy moet as God se rentmeester op aarde sorg dat sy sake ordelik gereël is. Daar moet ŉ testament opgestel word sodat die dood geen moeilikheid onder moontlike erfgename kan veroorsaak nie. Al die skrywers benadruk die feit dat geen kind ooit onterf mag word nie en dat in die testament ook aan die kerk en die diakonie gedink moet word voordat neefs en niggies ens. aan die beurt kom om te erf.

Die vrees dat die dood die mens dalk so plotseling sal oorval dat die aardse sake onordelik agtergelaat word, is deur die vroegtydige opstel van ŉ billike en eerlike testament dan weggeneem. Daarna moet die voorbereiding op die dood verder gevoer word.

In die lig van die Skrif is met reg gesê dat oor en aan
Job. 10:20 die dood gedink moet word. Ons word geleer dat die
Ps. 90 lewe kort is. Daarom moet ons leer om te bid: "Gee dat ek só tot U eer leef dat ek altyd bereid sal wees om te sterf”. Ons moet dus leer om die dood te verwag. Dan sal ons ook besef dat die siektes wat God oor ons laat kom gedurig klein gevegte met die dood is. Siektes en teëslae

oefen ons vir die oorwinning. Ons moet daardie dae dan gebruik om God vir Sy onverdiende goedheid te dank en Hom smeek om ons sondes te vergeef terwille van Jesus Christus ons Verlosser. In dae van siekte moet ons ons ook afvra of ons bereid sal wees om God te dien in dae van gesondheid.

Job 14:5

Ons moet daaraan dink dat die tyd en die manier van ons dood deur God bepaal is. Daarom sal ons moedig en blymoedig ons aardse roeping tot eer van God en seën van ons naaste bly uitleef. Ons moet ook ons liggame as tempel van die Heilige Gees goed versorg en biddend die nodige medisyne gebruik. Tog moet ons met God se raad rekening hou dat dit moontlik is dat Hy die oë van die dokter verblind sodat ʼn verkeerde diagnose gemaak kan word of die verkeerde behandeling voorgeskryf word. Daarom mag ons nooit sê nie: "die dokter dit of dat" — hy is ook ʼn instrument in God se hand. Wanneer die dood dan in ons naaste kring kom, is rou nie verkeerd nie, solank dit met mate is want ons weet dat alles in God se hand is. Deur ons kinderlik-gelowig aan God oor te gee en te bou op die voorsienigheid van ons getroue hemelse Vader kan ons getroos ons geliefdes in Sy liefdevolle sorg agterlaat.

1 Tes. 4:13
Heid. Kat.
Sond. 10

Op die voetspoor van die Skrif het ons gelowige voorvaders baie nadruk daarop gelê dat ons nie te vas moet groei aan die wêreld en ons aardse besittings nie. Natuurlik is rykdom en eervolle hoë posisies nie verkeerd nie maar dit gaan oor die vraag hoe ons houding teenoor rykdom of posisies is. Daniël het ʼn posisie van wêreldformaat beklee maar dit gelowig gebruik. Ons roeping is om baie hard te woeker met ons talente wat God ons gegee het om Hom mee te eer en ons naaste mee te help. God is en bly die Eienaar van alles en gee ons net die vruggebruik. Wanneer ons só leef dan kan ons met blydskap ons werk doen en dit getroos laat vaar wanneer ons geroep word om ons werk en besittings agter te laat.

Die angs vir die dood word ŉ doodsteek gegee wanneer ons gedurig teen die sonde bly veg en dit vermy, deur gelowig en heilig te leef. Om in die Here te kan sterf, moet ons eers leer om in die Here te leef. Wanneer ons vir daaglikse bekering bid, ontwapen ons die dood.

Ons moet dit wat ons as ons geloof bely meer in die praktyk van ons daaglikse lewe uitleef. Elke Sondag bely ons saam met die kerk van alle eeue en wêreldwyd ons geloof in die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Ons moet baie meer troos daaruit haal.

Ons bely dat ons glo aan die heilige, algemene, Christelike Kerk. Daarmee sê ons dat volgens die Skrif die Kerk die liggaam van Christus is, ons is deel van Christus. Die Kerk is die bruid van Christus en ons weet tog dat die Bruidegom sy bruid by Hom wil hê. Ons moet verlangend uitsien na daardie oomblik wanneer Christus ons as Sy eiendom by Hom wil hê. Die Kerk is die doelwit van God se werk. Die Kerk is soos die ark waarin daar redding is. Ons sal daarvan werk moet maak dat die Skriftuurlike kerkbegrip baie sterker by ons moet leef en daaruit die Godgegewe troos mag put.

Ons bely verder dat ons glo aan die gemeenskap van die heiliges. Dit hou onder andere in dat ons gedurig vir Ef. 6:18 mekaar moet bid. Ons moet dan nie alleen deel hê in

die gebede van die héle Kerk nie maar ook die troos aanneem dat ons weet dat wanneer ons sterwensoomblik aangebreek het, alle heiliges en engele as't ware om ons heen staan om ons te ondersteun en te bemoedig. Ons moet daarop reken dat die engele die bose geeste van ons sterfbed wegja. Ons dink te min van die engele. Die engele veg vir ons en wens die gelowige wat ontslaap het geluk met die oorwinning oor die laaste vyand. Hulle dra die siel na Christus toe om dan oor die liggaam in die graf te waak.

Ons bely die vergewing van al ons sondes omdat Jesus Christus daarvoor volkome betaal het. Laat ons die troos wat daarin is tog aanvaar. Daar is geen groter troos denkbaar nie. Ons bely die wederopstanding van die vlees en ʼn ewige lewe — as daar geen troos in is nie dan is ons geloof brandarm.

Deur elke artikel van die geloofsbelydenis werklik ons eie te maak en kinderlik te glo wat ons bely, het die angs vir die dood werklik geen vatkans op ons lewens nie.

Vir die gelowige mag, nadat sy heerlik uitdagende aardse roeping in God se oë voltooi is, die sterwe iets wees om vol heerlike verwagting na uit te sien. Die gelowige mag kyk na die versoenende sterwe van sy Verlosser Jesus Christus, waarvan ons elke Sondag ons geloof bely. In Sy sterwe hét Hy ons gered. Hy het die graf ingegaan om dit vir ons te verander na die plek waarin ons liggaam nuutgemaak sal word soos Sy heilige liggaam verheerlik is. Hy het die dood ontwapen en oorwin, voor ons uitgegaan na die hemel toe en Hy het ons die Gees van lewendmaking en die Trooster gegee.

Ons mag met verwagting na die sterwe tóé leef omdat die Here Self by ons sal wees en ons nooit sal verlaat nie. Met ondenkbare groot liefde sal Hy ons ontvang in die Vaderhuis waar die ewige salige léwe vir ons reeds gereed lê.

Die Evangelie is ʼn volkome betroubare Woord wat ons onwankelbare sekerheid gee. Ons geloof mag volkome rus vind in Christus en die verlossingswerk wat Hy vir ons gedoen het.

*God se Woord is so ʼn sterk medisyne dat dit,*
*vir elkeen wat glo,*
*uit die dood ʼn ewige lewe maak.*

*Die liggaam van die gelowige kry in die graf ewige gesondheid.*

*Nadat daarop gewys is dat siekte en alle ellende van God kom; en dat die grond-oorsaak die sonde is, wat egter deur Christus weggeneem is vir diegene wat in Hom glo, en dat vir die sieke daarom alles ten goede sal meewerk; moet ook vir die sieke gebid word soos die apostel Jakobus ons geleer het.*

Ewige, barmhartige God en Vader, U is die ewige saligheid van die lewendes en die ewige lewe van die sterwendes. U alleen het dood en lewe in u hand, en sorg sonder ophou so vir ons, dat gesondheid of krankheid, goed of kwaad nie oor ons kan kom nie; ja, geen haar van ons hoof kan val sonder u wil nie, terwyl U ook vir u gelowiges alle dinge ten beste keer.

Ons bid U, verleen ons die genade van u Heilige Gees, dat Hy ons leer om ons ellendigheid reg te ken en geduldig u kastyding te verdra, wat ons tog tienduisend maal groter verdien het. Ons weet dat hulle vir ons geen tekens van u toorn is nie, maar van u vaderlike liefde jeens ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie.

Vermeerder, o HERE, ons geloof deur u Heilige Gees. Laat ons hoe langer hoe meer in Christus ingelyf word soos lidmate in hulle geestelike Hoof, aan wie U ons in lyde en heerlikheid gelyk wil maak.

Maak die kruis ligter volgens wat ons swakheid kan verdra. Ons onderwerp ons geheel en al aan u wil, hetsy dat U ons siele langer in hierdie tabernakel wil laat bly of tot U in die ewige lewe wil neem, aangesien ons Christus se eiendom is en daarom nie kan vergaan nie. Ons wil graag hierdie swakke vlees verlaat in die hoop van die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons teruggegee sal word. Laat ons tog gevoel die salige troos van die vergewing van sondes en van die regverdigmaking van Christus, sodat ons met daardie skild alle aanvegtinge van satan kan oorwin. Laat sy onskuldige bloed die vlek en die onreinheid van ons sondes uitwis.

Laat sy geregtigheid intree vir ons ongeregtigheid in u laaste oordeel.

Wapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot skande word deur enige skrik vir die dood nie. Wanneer ons liggaamlike oë duister word, laat dan die oë van die gees op U sien. Wanneer U ons die gebruik van die tong beneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie.

O Here, ons beveel ons siele in u hande. Wil ons in ons laaste nood nie verlaat nie. Doen dit om Jesus Christus wil alleen, wat ons geleer het om aldus te bid:

*Ons Vader wat in die hemele is,*
*laat u Naam geheilig word,*
*laat u koninkryk kom,*
*laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*
*gee ons vandag ons daaglikse brood,*
*en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;*
*en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*
*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

*Die bitter water van Mara het soet geword omdat Moses daar ŉ stuk hout ingegooi het.*

*As die dood vir u bitter lyk, roep dan tot die Here.*

*Hy sal u wys op die kruis van Christus; die hout van die kruis sal die dood vir u soet maak.*

In die ou kerkboeke van die Reformatoriese kerke in Nederland was daar gewoonlik ook as ’n aanhangsel die Sieketroos en trooswoorde vir sterwendes. Omdat dit gewoonlik ook in die ou Statebybel verskyn het, kan ons aanvaar dat ons vaders dit tot die begin van hierdie eeu gereeld by sterfbeddens gelees het. Die trooswoorde uit die Skrif was die volgende.

## SOMMIGE TROOSWOORDE UIT DIE SKRIF, OM IN DOODSNOOD TE BID

O HERE, moet my tog nie in U toorn bly straf nie, en my langer in U gramskap tugtig nie. Ps. 38:1

O HERE, verkwik my siel, en lei my in die spore van geregtigheid en bly in my. vgl. Ps. 23:3

Wees my genadig, HERE, aanskou die ellende wat my haters my aangedoen het, U wat my verhef uit die poorte van die dood! Ps. 9:14

Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie. Ps. 22:12

My God, op U vertrou ek. Laat my vertroue tog nie tevergeefs wees nie. Ps. 25:2

Sien my in genade aan, Here, want ek is eensaam en verstote. Ps. 25:16

Kyk hoe sleg gaan dit met my en hoe swaar kry ek. Vergewe tog al my sondes. Ps. 25:18

Ja, U is my rots en my bergvesting, ter wille van U Naam sal u my voorgaan en my lei. Ps. 31:4

As ek U aanroep is ek seker dat U my God is, wat my siel van die dood verlos. Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! Ps. 55:11

Moet U tog nie van my afsydig hou noudat ek in die nood is nie. Luister tog na my wanneer ek U aanroep, verhoor tog gou my gebed. Ps. 102:3

Op die dag van my nood roep ek na U... Sien my in genade aan, gee U my tog krag en red my. Ps. 86:7, 16

Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp ...
Ag, HERE, red my tog! Ps. 116:3, 4

O HERE, moet tog nie ŉ regsaak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie. Ps. 143:2

Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee ... en julle sal rus kry vir julle gemoed. Matt. 11:28, 29

Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het. Hebr. 13:13

Laat ons nou één uur lank saam met Hom waak sodat ons nie in versoeking kom nie. vgl. Matt. 26:40, 41

O God, wees my, sondaar, genadig. Luk. 18:13

O Here Jesus, ontvang my gees. Hand. 7:59

Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?
Rom. 7:24

Maar laat, Here, U wil geskied.

Mag God, ons liewe Vader, ons dit alles gee, op grond van die soenverdienste van Sy liewe Seun, ons Here Jesus Christus!

Amen.

*Die kruis van Christus seëvier slegs in die hart van die gelowiges oor die duiwel, die verdorwe natuurlike vlees, die sonde en die goddeloses wanneer hulle oë op die krag van die opstanding gerig word.*

*Calvyn skryf in ŉ brief aan Luther:*
*"Hoe graag sou ek oor allerlei sake persoonlik met u wil praat.*
*Maar wat op hierdie aarde nie moontlik is nie sal binnekort, hoop ek,*
*in die "Koninkryk van God ons te beurt val."*

*Gelowige kalmte en berusting moet ons hele lewe kenmerk. Niemand het homself werklik verloën nie, behalwe hy wat hom só volkome aan die Here oorgegee het dat hy inwillig dat sy hele lewe deur God se wil bestuur word.*

*Kort voor haar sterwe is vir Monica, moeder van die groot kerkvader Augustinus, gevra of dit haar nie bekommer dat haar liggaam so ver van haar vaderland begrawe sou word nie. Haar antwoord was: "Niks is ver van God af nie en ek hoef nie daarvoor bang te wees, dat Hy aan die einde van die eeue die plek nie sou ken, waar Hy my sal opwek nie."*

*Om salig te kan sterf*
*moet ons eers heilig kan leef.*

*Agter die mooi masker van die lewe is baie ellende en verdriet. Agter die lelike masker van die dood lê die hemelse heerlikheid.*

*Heidense of wysgerige sterwenstroos is netsoos ŉ waterverftekening wat, wanneer daar ŉ klein bietjie water op kom, dan weg is. Die troos in Christus is soos ŉ olieverfskildery geen water of trane kan dit afwas nie.*

*Daar is nogal humor in die lewe van besigheidsmense. Lewensversekering klink nou eenmaal beter as doodsversekering. Tog word alles gebaseer op die onvermydelike dood.*

*'n Slang sonder gif bly ŉ slang, maar is ongevaarlik.*

*Die angs vir die dood is die eintlike gif van die doodsmonster.*
*Daarom moet ons bid dat die skrik vir die dood ons nie in ons laaste lewensuur oorval nie, maar tydens ons hele lewe ons bybly.*
*So sal ons nie in blinde selfversekerdheid leef nie maar ons "oue mens" elke dag gedood word.*

*Vir Adam is gesê: moenie sondig nie, sodat jy nie sal sterf nie. Vir ons*

*word gesê: "sterf', sodat jy van die sonde ontslae raak.*

*Kinders huil soms wanneer hulle saans bed toe moet gaan. Hulle bly liewer speel. So huil die ongelowiges wanneer hulle deur die dood uit die kinderspel van die wêreld geruk word. Maar mense wat moeg is, verlang na rus, na die tyd om bed toe te gaan. So is die dood nou vir die gelowiges.*

*En nou,*
*wat verwag ek, o Here?*
*U is my enigste hoop.*
*Ps. 39:8*

# SKRYWERS VAN "GEVLEUELDE WOORDE" WAT AANGEHAAL IS.

**J. Borstius** (1612-1680) p. 9, 117(2), 121(2,3), 129(2), 131, 136(3)

**J. Calvyn** (1509-1564) veral uit die institusie boek III, Hfst. 7-9. p. 11, 13, 15, 17, 19, 25(1), 27, 31, 33(1,2), 43, 45(1,2), 47(1,2), 49(1-3), 55, 59, 61, 63, 69, 71, 73(1,2), 75, 77(1,2), 89(1,2), 94, 97(1,2), 134(1,3)

**C. Drelincourt** (1595-1669) p. 7(2), 117(1), 119(3,4), 134(6)

**M. Luther** (1483-1546) p. 4, 21, 23, 25(2,3), 29, 79, 95(1,2), 99(1,2), 103, 107, 109(1-5), 111(1,2), 113(1-3), 115(1,2,4), 121(4), 123, 129(1), 135(1,2)

**W. Perkins** (1558-1602) p. 117(2)

**G. Saldenus** (1627-1694) p. 119(1,2), 121(5)

**D. Spranckhuysen** (1587-1650) p. 53, 117(3-5).

Die vertalings is deur die skrywer.